
# 2016

MEDIA24




# Media24 Beherend Eiendoms Beperk

## GEÏNTEGREERDE JAARVERSLAG AAN AANDEELHOUERS VAN WELKOM YIZANI

WELKOM YIZANI




**Huisgenoot 100**

In 2016 het Huisgenoot

# 100 jaar

gevier om die mense en gebeure rondom die wêreld en Suid-Afrika na Afrikaanse huise en harte te bring.




**OnsKan24**

OnsKan24

bereik steeds skole regoor die land en het al opleiding aan meer as 1 000 leerders verskaf.

**Bladsy 29**

# Inhoud


Omvang van verslag en gerusstelling 2
Verklaring deur die direksie oor die geïntegreerde jaarverslag 2
Die Media24-groep 4
Voorsitter se verslag 6
Uitvoerende hoof se verslag 8
Strategie 12
Skakeling met belanghebbendes 14
Risikobestuur 16
Balans tussen wins, mense en ons planeet 20
Prestasie-oorsig 21
- Finansiële oorsig 21
- Bedryfsoorsig 24
- Nie-finansiële oorsig 26

Pryse 35
Korporatiewe bestuurstoesig 36
Direksie 40
Vergoedingsverslag 44
Verslag van die ouditkomitee 48
Administratiewe en korporatiewe inligting 50

**Media24**
Opgesomde finansiële jaarstate 52
Direksie se verantwoordelikheidsverklaring 54
Verslag van die onafhanklike ouditeur 55

**Welkom Yizani**
Direkteure se verantwoordelikheidsverklaring 56
Verslag van die onafhanklike ouditeur 58
Verslag van die ouditkomitee 59
Direkteursverslag 60
Groep- finansiële jaarstate 61
Aantekeninge by die groep-finansiële jaarstate 65
Direksie 80

**Media24**
Kennisgewing van algemene jaarvergadering 81

**Welkom Yizani**
Kennisgewing van algemene jaarvergadering 84

Volmagvorm: Media24 Beherend Eiendoms Beperk 87
Aantekeninge by die volmagvorm: Media24 Beherend Eiendoms Beperk 88
Volmagvorm: Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk 89
Aantekeninge by die volmagvorm: Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk 90




## Inligting vir aandeelhouers

Algemene jaarvergaderings vind op Maandag 29 Augustus 2016 om 11:00 by Nasdak, Media24-Sentrum, 40 Heerengracht, Kaapstad plaas.

**Bladsye 81 tot 86**




MEDIA24

# Omvang van verslag en gerusstelling

Dit is die sesde geïntegreerde jaarverslag waarin finansiële en nie-finansiële prestasie saamgevoeg word om 'n meer holistiese begrip van die groep te gee. Dit dek die finansiële jaar van 1 April 2015 tot 31 Maart 2016. Terugvoer kan regstreeks aan gri@media24.com gerig word.

Die verslag is opgestel volgens die riglyne van die Globale Verslagdoeningsinisiatief (GRI G4) en die aanbevelings van die jongste King-verslag oor korporatiewe bestuurstoesig in Suid-Afrika (King III).

Hierdie verslag sluit die finansiële prestasie van die Media24 Beherend-groep en sy filiale in. Hierbenewens het Novus Holdings Beperk sy eie afsonderlike geïntegreerde jaarverslag vir die 2015/16-boekjaar opgestel. Verslagdoening oor nie-finansiële prestasie dek die hele Media24 Beherend-groep, tensy uitdruklik anders vermeld. Ons fokus steeds op die ontwikkeling van ons groepverslagdoeningstandaarde, om ons openbaarmaking al hoe meer sinvol en meetbaar te maak vir ons belanghebbendes.

Die finansiële inligting verkry uit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate van Media24 Beherend Eiendoms Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2016 is korrek weergegee in hierdie geïntegreerde jaarverslag. Sien PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC) se verslag op bladsye 55 en 58. Die inligting oor breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB) is deur AQRate Verification Services geverifieer.

# Verklaring deur die direksie oor die geïntegreerde jaarverslag

Die ouditkomitee het die geïntegreerde jaarverslag nagegaan en die direksie het dit nagegaan en goedgekeur.
Die finansiële jaarstate is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr 71 van 2008, soos gewysig, terwyl die geïntegreerde jaarverslag ooreenkomstig die riglyne van die GRI G4 en aanbevelings van King III opgestel is. Die geïntegreerde jaarverslag en finansiële state is na ons mening 'n billike weergawe van die ware finansiële posisie van die groep en sy bedrywighede op 31 Maart 2016, soos in die geïntegreerde jaarverslag beskryf word.

Namens die direksie

**Rachel Jafta**
*Voorsitter*
Kaapstad
17 Junie 2016

## Vooruitskouingsverklarings

*Hierdie verslag kan vooruitskouingsverklarings bevat soos omskryf in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "sal", "beplan", "kan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier waarop sulke verklarings geïdentifiseer kan word nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en verwagtings weerspieël, kan 'n aantal risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie nadelig kan raak. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of om enige ander rede – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouingsverklarings in hierdie verslag nie.*

# Die Media24-groep



# Die Media24-groep

## Ons besigheid

Media24 is 'n toonaangewende mediagroep in Afrika en deel van Naspers Beperk. Sy bedryfsmaatskappy, Media24 Eiendoms Beperk ('n privaat maatskappy), is in 1950 as 'n publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid geïnkorporeer. Media24 se oudste koerant, Die Burger, se eerste uitgawe het in 1915 verskyn.

Die groep het belange in koerante, tydskrifte en digitale uitgewery, asook drukwerk, verspreiding, boekuitgewery, e-handel en finansiële data. Die meeste van ons ondernemings is markleiers in hul sektore. Hierdie aktiwiteite word hoofsaaklik in Suid-Afrika bedryf, met sekere bedrywighede in buurlande en uitbreiding na voorkeurmarkte in die res van Afrika, soos Nigerië.



**Novus Holdings (drukkery)**
Bladsy 25




**Nuus**
Bladsy 24




**Leefstyl**
Bladsy 24



**On the Dot**
Bladsy 25




**Boeke**
Bladsy 24




**24.com**
Bladsy 24




**E-handel**
Bladsy 25



**INET BFA**
Bladsy 25



MEDIA24

## Ons doelstelling

Ons bou gemeenskappe deur inhoud, tegnologie en handel.

## Wat ons doen

Ons skep ervarings. Waar ons klante ook al is, ons bedien hulle deur uitmuntende joernalistiek, en produkte en dienste wat relevant en nuttig is.

## Hoe ons dit doen

Ons gebruik klante-insigte om produkte te ontwikkel en te lewer wat inlig, vermaak, opvoed en gehore met mekaar verbind.

## Ons waardes

**MOED • INTEGRITEIT • VERANTWOORDBAARHEID • RESPEK**

## Ons sewe sleuteloptredes



**ONS IS 'N SPAN**

**ONS STEL ONS KLANTE EERSTE**





**ONS SPEEL OM TE WEN**

**ONS TREE VINNIG OP**





**ONS NEEM NET DIE BESTE IN DIENS**

**ONS LEER HEELTYD**





**ONS HET PRET**

# Voorsitter se verslag

Soos mediamaatskappye regoor die wêreld, bly Media24 in 'n oorgangsfase.

**Rachel Jafta**



## Oorsig

Ons rapporteer graag dat Media24 die afgelope jaar goed gevaar het. Bedryfstoestande was moeilik, maar die bestuurspan het sukses behaal met die inwerkingstelling van groot kostebesparings-inisiatiewe in die tradisionele drukmedia-bedrywighede. Dit het die grondslag gelê vir die groep se goeie finansiële resultate vir die afgelope jaar.

Die uitgewersafdelings – Leefstyl (voorheen Tydskrifte), Nuus, Boeke en 24.com se digitalemedia-kanale – lewer opvoedkundige en letterkundige inhoud van gehalte en al Media24 se ondernemings speel 'n aktiewe rol om gemeenskappe deur verskeie inisiatiewe te bemagtig. Meer hieroor later in die verslag. Ons het voortgegaan om ondernemings wat werk skep, te ondersteun en ook 'n wesenlike bydrae tot vaardigheidsontwikkeling in joernalistiek en op verwante mediaterreine gelewer. Soos mediamaatskappye regoor die wêreld, bly Media24 in 'n oorgangsfase. Tradisionele inkomstebronne is besig om te krimp en ons pas steeds aan en belê in ons nuwe groei-ondernemings.

## Welkom Yizani

Welkom Yizani, wat in 2006 as Media24 se breed-gebaseerde swart ekonomiese bemagtigingskema op die been gebring is, het sy aandele in 2013 begin verhandel. Bestaande aandeelhouers kan hul aandele verhandel, terwyl nuwe kwalifiserende aandeelhouers aandele aanlyn of deur Welkom Yizani se inbelsentrum kan koop. As voorkeuraandeelhouer in Welkom Yizani het Naspers Beperk die afgelope jaar ingestem om 32 855 569 voorkeuraandele in Welkom Yizani teen nominale waarde af te los, met die gevolg dat Welkom Yizani se verpligtinge teen jaareinde verminder is met R382 431 843, en 'n ooreenstemmende beperking van Welkom Yizani se toekomstige verpligtinge teenoor Naspers as voorkeuraandeelhouer.

In 2014 het die Registrateur van Sekuriteitedienste (die Registrateur) aangedui dat alle tradisionele toonbank-verhandelingsplatforms soos Welkom Yizani hul bedrywighede moet regulariseer ingevolge die Wet op Finansiële Markte, 2012. Welkom Yizani bou voort op sy positiewe skakeling met die Registrateur tot dusver en bly verbind tot voldoening aan enige aanwysings en/of voorwaardes wat deur die Registrateur uitgereik word. Op 31 Maart 2016 het Welkom Yizani 92 419 aandeelhouers gehad.

## Dividend

Media24 se direksie beveel aan dat 'n dividend van R39,3m aan sy aandeelhouers verklaar word, onderhewig aan goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op Maandag 29 Augustus 2016. Welkom Yizani sal R5,9m (2015: R21,7m) ontvang. Die direksie van Welkom Yizani beveel aan dat 'n gewone dividend van R5,8m (2015: R4,3m) aan gewone aandeelhouers verklaar word. Dit beteken 'n dividend van 40 sent per gewone aandeel (2015: 29,4 sent per gewone aandeel) voor dividendbelasting. Na die aftrekking van dividendbelasting van 15% sal gewone aandeelhouers van Welkom Yizani 'n netto dividend van 34 sent per gewone aandeel (2015: 25 sent per gewone aandeel) ontvang. Geen voorkeuraandeeldividende sal verklaar word nie (2015: 46,6 sent per voorkeuraandeel).

Dividende sal betaalbaar wees aan aandeel-houers wat op Maandag 29 Augustus 2016 op die boeke geregistreer is, en sal op of ongeveer Donderdag 1 September 2016 betaal word. Alle dividende sal uit inkomstereserwes verklaar word.

## Bestuurstoesig

Bestuurstoesig is noodsaaklik ter wille van ons belanghebbendes. Die direksie bestuur die groep se sake met integriteit en deur geskikte korporatiewe bestuurstoesigpraktyke toe te pas. Waar Media24-filiale deur onafhanklike direksies bestuur word, verseker 'n gedissiplineerde rapporteringstruktuur dat die direksie van Media24 Beherend op hoogte gehou word van filiale se bedrywighede, risiko's en

geleenthede. Gedetailleerde strategieë en sakeplanne word jaarliks hersien. Die meting van prestasie volgens voorafbepaalde teikens is die grondslag van bestuur se vergoeding. Ons evalueer deurentyd gebiede waar bestuurstoesig op korporatiewe vlak en by filiale versterk kan word. Nader besonderhede oor ons toepassing van die King III-beginsels is beskikbaar by **www.media24.com**.

## Regulatoriese omgewing waarin ons bedrywig is

Die groot regulatoriese uitdagings vir die jaar vorentoe is steeds ondersoeke rondom mededingingswetgewing. Die Wetsontwerp op die Beskerming van Staatsinligting (die muilbandwetsontwerp), wat na die President verwys is vir ondertekening, bly sluimerend. Die parlement moet nog 'n verslag deur die Taakspan vir die Transformasie van Druk- en Digitale Media (PDMTTT) oor transformasie van die bedryf oorweeg, asook die Persvryheidskommissie se verslag oor mediaregulering.

Wetgewing om alkohol- en kosreklame te beperk, is nog steeds hangende. Eers wanneer die konsepwetgewing na die parlement verwys word, sal Media24 aan die openbare konsultasieproses kan deelneem. Dit is nog te vroeg om te voorspel watter beperkings hierdie wetgewing op drukmedia gaan plaas.

Die regulering van aanlyn-aktiwiteit en -inhoud het heelwat aandag van die reguleerders gekry, maar die meeste konsepregulasies word nog oorweeg nadat voorleggings gedoen is, behalwe die Wysigingswetsontwerp op Films en Publikasies, wat in die parlement ter tafel gelê is. 'n Openbare konsultasieproses oor hierdie wetsontwerp is tans aan die gang en Media24 neem deur die bedryfsliggame hieraan deel.

## Direksie

Ingevolge die maatskappy se akte van oprigting tree een derde van die direkteure jaarliks uit en her-aanstelling geskied nie outomaties nie. Hein Willemse, Jo-Ann Held en Salie de Swardt, wat volgens rotasie uittree, is verkiesbaar en stel hulself vir herkiesing beskikbaar. Aandeelhouers sal gevra word om die herkiesing van hierdie direkteure by die komende algemene jaarvergadering te oorweeg, waarvan 'n kennisgewing by hierdie verslag ingesluit is.

Die direksie beveel ook aan dat aandeelhouers Salie de Swardt, Trevor Petersen en Jo-Ann Held as ouditkomiteelede aanstel. Aandeelhouers sal gevra word om hul aanstelling by die algemene jaarvergadering te oorweeg.

Kort biografiese besonderhede van al die direkteure verskyn op bladsye 40 en 41 van hierdie verslag.

Ek bedank graag my mededireksielede vir hul volgehoue ondersteuning. Ons gee ook graag erkenning aan die toewyding, passie en uitnemendheid van Media24 se bestuurspan en al ons werknemers. Julle bydraes word waardeer.



**Rachel Jafta**
*Voorsitter*
17 Junie 2016





# Uitvoerende hoof se verslag

Die onwrikbare toewyding, passie, veerkragtigheid, moed en entrepreneursgees van ons spanne het die grootste impak op ons sukses.



**Esmaré Weideman**

## Oorsig


Media24 het die afgelope boekjaar 'n sterk finansiële prestasie gelewer. Omset van R8,1mjd was 2% swakker, maar handelswins van R400m (verwys na opgesomde finansiële state vir rekonsiliasie) was 62% hoër as die vorige jaar. Dit was hoofsaaklik danksy kostebesnoeiings in ons volwasse drukmedia-bedrywighede. Verskeie inisiatiewe is op dreef om doeltreffendheid selfs nog verder te verhoog en die kostebasis te verlaag. Ons het terselfdertyd voortgegaan om te belê en momentum te bou in ons groeiportefeulje, wat bestaan uit digitale media deur 24.com, die e-modebesigheid, Spree, en die aanlynwerwingsportaal, Careers24.

Aan bedryfskant het ons by koerante en tydskrifte, asook die aanlynuitgewery ons markleierskap gehandhaaf. Careers24 het goeie vordering in kernmaatstawwe aangeteken en stewige resultate getoon, terwyl Spree sy aantal kopers aansienlik uitgebrei het en meer plaaslike en internasionale modehandelsmerke bygekry het. Ons het ons e-vervullingsdienste uitgebrei en meer kleinhandelskliënte gevoeg by dié wat reeds ons pakhuis- en afleweringsdienste gebruik. News24 se gehoor op mobiele web en apps het sterk gegroei, terwyl Netwerk24 – dié tuiste van Afrikaanse aanlyn-nuusjoernalistiek – sy verslagspan versterk en hom as die grootste betaal-nuuswebwerf gevestig het. Ons het 24.com se digitalemediabedrywighede gereorganiseer om ons fokus op produk, gebruikerservaring en die kommersiële kant te verskerp, terwyl ons voortgaan om markaandeel te bou, veral ten opsigte van mobiel. Ons gekombineerde reikwydte het gegroei tot 13m unieke gebruikers per maand, amper 77% via mobiele toestelle. Ons nuus- en boekuitgewersafdelings het die gebruiklike rits bedryfspryse vir joernalistieke en uitgewersuitnemendheid ingepalm, terwyl die digitale en e-handelspanne ook verskeie prestigepryse ontvang het. Die Afrikaanse leefstylkanaal VIA het 'n suksesvolle TV-debuut gemaak en is goed ontvang in die mark. Ons drukkery-onderneming, Novus Holdings, het bevredigende resultate in sy kernbesigheid behaal, sy eerste digitale drukkery op die been gebring en verder in sy diversifiseringsprogram belê.


## Volhoubare ontwikkeling

Media24 streef daarna om sy klante te bedien deur ervarings te skep, en produkte te ontwikkel en aan te bied wat inlig, vermaak, opvoed en gehore met mekaar kan verbind. Ons probeer ook 'n aanvaarbare opbrengs vir ons beleggers


### Omset (R'm)





### Handelswins (R'm)




### Vrye kontantvloei (R'm)



## Omset per segment (%)




lewer. Hierbenewens verstaan ons ook duidelik ons rol as 'n verantwoordelike korporatiewe burger, en hoe belangrik dit is om 'n bydrae te lewer wat verder strek as dit wat ons daagliks deur middel van ons kernbedrywighede doen. Ons hersien gereeld ons vordering met die bou van 'n gebalanseerde, volhoubare onderneming en die identifisering van gebiede waar ons kan verbeter.

**Bestuur van volhoubaarheid**

Media24 se direksie bepaal die sakestrategie en is uiteindelik verantwoordelik vir toesig oor die groep se prestasie. Ons bestuurspan gee leiding en pas ooreengekome strategieë toe aan die hand van ons kode vir sake-etiek en -gedrag.

Ons raamwerk vir volhoubare ontwikkeling is gebou op ons kernvaardighede en ons maatskappywaardes – moed, integriteit, verantwoordbaarheid en respek – asook 'n duidelike begrip van die sleutelkwessies en kwelvrae wat ons grootste belanghebbendes raak. Dit sluit aan by ons risikobestuursprosesse, wat die identifisering, bestuur en monitering van finansiële en nie-finansiële risiko's integreer.

Die direksie is ook verantwoordelik vir die integriteit van geïntegreerde verslagdoening. Die ouditkomitee hou toesig oor volhoubaarheidsaspekte en help die direksie met sy verslagdoening deur seker te maak dat die inligting in die geïntegreerde jaarverslag akkuraat en betroubaar is in vergelyking met die finansiële resultate. Soos met vorige geïntegreerde jaarverslae, sal Media24 voortgaan om die groep se maatskaplike, omgewings- en ekonomiese impak op die gemeenskappe waarin ons bedrywig is, aan te teken.

## Ons mense

Mense is ons waardevolste bate en die hartklop van Media24. Ons probeer altyd die beste talent lok, ontwikkel en behou om 'n veelsydige werksmag te skep en ons mededingende voordeel te behou. Die onwrikbare toewyding, passie, veerkragtigheid, moed en entrepreneursgees van ons spanne het die grootste impak op ons sukses. Ek is ongelooflik trots op ons spanne se harde werk om die maatskappy vir 'n volhoubare toekoms te help herposisioneer.

## Toekomsvooruitsig

Die drukmediabedryf is wêreldwyd steeds besig om te krimp, te midde van grootskeepse strukturele verskuiwings. Dit sluit 'n snelveranderende advertensielandskap en gebruikers se migrasie van druk- na digitale platforms in, wat eers later beduidende inkomste sal lewer.




Die Suid-Afrikaanse bedryf volg grotendeels die afwaartse tendens van ontwikkelde markte, al gebeur dit meer geleidelik. Soos ons internasionale eweknieë, kry Media24 se drukmediabedrywighede steeds die wind van voor, met 'n bedrukte ekonomiese klimaat, strammer verbruikersbesteding en 'n onbestendige wisselkoers wat bydra tot die uitdagings. Ons verwag dat die plaaslike handelsomgewing taai sal bly. Hoewel verskeie inisiatiewe op dreef is om doeltreffendheid te verhoog en die kostebasis verder te verlaag, sal ons waarskynlik nie die huidige verdiensteprestasie op die kort tot medium termyn kan volhou nie.

Versnelde migrasie van gehore en adverteerders na digitale – en spesifiek mobiele – platforms is deurslaggewend vir Media24 se toekoms. Daarmee saam is verdere kapitaal nodig om Spree se markaandeel uit te brei en Careers24 in 'n duidelike wenner te omskep. Volgehoue investering hierin en in ander ondernemings is uiters belangrik met die oog op volhoubaarheid op die lang termyn, en dit het op kort tot medium termyn 'n uitwerking op winsgewendheid.

As 'n bestuurspan spits ons ons steeds daarop toe om die besigheid vir langtermyn-volhoubaarheid te posisioneer. Ons sal ons portefeulje verder diversifiseer, doeltreffendheid en winsgewendheid in ons drukmediabedrywighede dryf en geleenthede ontgin wat uiteindelik langtermyn-opbrengste vir ons aandeelhouers sal beteken en positiewe bydraes sal lewer tot die gemeenskappe waarin ons werk.

As bewaarders van die land se sterkste en mees geliefde drukmedia- en digitalemedia-handelsmerke, bly Media24 verbind tot die lewering van onafhanklike joernalistiek van gehalte, 'n sterk en lewenskragtige mediasektor en die ontginning van nuwe gebiede om steeds ons klante te bedien, waar hulle ook al is.

**Esmaré Weideman**
*Uitvoerende hoof*
17 Junie 2016



# Strategie, skakeling met belanghebbendes en risikobestuur




MEDIA24

# Strategie

In 'n medialandskap wat voortdurend verander, streef Media24 daarna om deur inhoud, tegnologie en handel gemeenskappe te bou.




- Ons bou 'n gediversifiseerde mediamaatskappy met 'n portefeulje toonaangewende druk- en digitale-inhoudprodukte en e-handeloplossings in Afrika.




## STRATEGIESE FOKUS

- Ons wil ook bydra tot die gemeenskappe waarin ons werk.
- Ons skep ervarings en streef daarna om ons klante, waar hulle ook al is, deur uitmuntende joernalistiek, en produkte en dienste wat relevant en nuttig is, te bedien.




- Om ons mededingende voordeel te handhaaf, probeer ons die beste talent lok en behou – ons glo mense met 'n passie vir uitnemendheid is die hartklop van Media24.



## Hoe ons dit doen



### Lok die beste talent

Ons streef daarna om die beste talent te lok – van joernaliste tot ingenieurs en e-handels- en verkoopspersoneel – en om die beste talent in die groep op te lei, te ontwikkel en te behou.

### Winsgewende organiese groei en strategiese beleggings

Ons mik daarna om voorste markposisies te bereik en te handhaaf deur doeltreffendheid in drukmedia-uitgewery te verhoog; nuwe inkomstebronne te skep; in digitale media, e-handel en aanlynwerwing te belê; en uit te brei na ander dele van Afrika met hoë groeipotensiaal.




### Diversifiseer en brei die reikwydte van ons mediahandelsmerke uit

Ons span ons bestaande gehore, inhoud en verspreidingskanale in om nuwe ondernemings te skep en te ondersteun. Dit wissel van drukmedia-handelsmerkuitbreidings tot openbare geleenthede en e-handelondernemings.



### Brei digitale gehore uit en versterk gebruikerbetrokkenheid

Ons geïntegreerde digitalemedia-platforms bied waarde vir ons gehore, asook ons adverteerders. Ons migreer gebruikers van druk na digitaal en bou nuwe gehore deur nuttige dienste met 'n uitstekende gebruikerservaring te bied – veral op mobiele toestelle – en deurentyd in advertensietegnologie en data-ontleding te belê.



### Werk saam met reguleerders en bedryfsliggame

Media24 het 'n wye reeks belanghebbendes. Sien die afdeling oor skakeling met belanghebbendes in ons aanlyn-geïntegreerde jaarverslag vir besonderhede van ons interaksie met hulle.



### Wend ons kundigheid ten bate van plaaslike gemeenskappe aan

Ons gebruik ons vaardighede en hulpbronne ten bate van die plaaslike gemeenskappe waarin ons bedrywig is. Dit word in die afdeling maatskaplike oorsig in ons aanlyn- geïntegreerde jaarverslag geïllustreer.

# Skakeling met belanghebbendes

Media24 streef vir oop en proaktiewe betrekkinge met belanghebbendes om relevant te bly tot die Suid-Afrikaanse agenda, wat beoog om die land se sosio-ekonomiese uitdagings te oorkom.

Ons het 'n breë spektrum van interne en eksterne belanghebbendes wat 'n belang het in of geraak word deur ons besigheid.

Dit sluit ons werknemers, klante, aandeelhouers, vennote, bedryfsliggame, die regering en beleggers in. Ons gebruik verskeie metodes om met ons belanghebbendes te skakel, en dialoog en terugvoer word aangemoedig. Die hoof van korporatiewe sake hou toesig oor skakeling met belanghebbendes en word ondersteun deur die uitvoerende hoof en afdelingsbestuurders.

Die tabel hierby wys ons volgehoue pogings om verhoudinge met ons belanghebbendes te versterk.

| | Hoekom ons skakel | Hoe ons skakel |
|---|---|---|
| Werknemers/Personeel | • Om 'n voorkeurwerkgewer te wees wat 'n veilige, positiewe en inspirerende werkomgewing bied.<br>• Om 'n kultuur te kweek waar werknemers die korporatiewe waardes en gedragskode uitleef.<br>• Om personeel se behoeftes en kwelvrae te verstaan en daaraan aandag te gee.<br>• Om aan personeel strategiese leiding en duidelikheid te gee oor hoe hulle tot die geheel bydra.<br>• Om die beste talent te behou.<br>• Om leierskap, opleiding en ontwikkeling te verskaf.<br>• Om tweerigting-kommunikasie te hê wat ons werknemers in staat stel om idees uit te ruil. | • Deurlopende skakeling via lynbestuur.<br>• Konstruktiewe terugvoer en 'n oopdeur-beleid.<br>• Landwye inligtingssessies, weeklikse elektroniese nuusbriewe, slypskole, bestuursinligtingsessies en interne kommunikasie.<br>• Sessies waar kennis oor bedryfsonderwerpe gedeel word.<br>• Jaarlikse leierskapskonferensie.<br>• Jaarlikse opnames om personeelbetrokkenheid te bepaal.<br>• Belegging in leierskap-opleiding en -ontwikkeling.<br>• Aktiewe aanmoediging van personeelvrywilligers en deelname aan ons korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheids (KMV)-programme. |





| | Hoekom ons skakel | Hoe ons skakel |
|---|---|---|
| **Aandeelhouers** | • Om aandeelhouers op die hoogte te hou van ontwikkelinge in die maatskappy en die toepassing van die maatskappystrategie.<br>• Om Media24 se profiel as 'n verantwoordelike korporatiewe burger te bevorder.<br>• Om die vertroue wat in die maatskappy gestel word, te behou en daarop voort te bou. | • Algemene jaarvergaderings van Media24 Beherend en Welkom Yizani.<br>• Verspreiding van Media24 Beherend se geïntegreerde jaarverslag aan Welkom Yizani-aandeelhouers.<br>• Media24 (**www.media24.com**) en Welkom Yizani (**www.welkomyizani.co.za**) se webwerwe. |
| **Klante** | • Om groter insig in ons klante, hul ideale en behoeftes te kry.<br>• Om relevante en nuttige produkte en dienste aan ons klante te lewer.<br>• Om ons produkte te verbeter en idees te toets.<br>• Om ons produkte te bevorder, ons handelsmerke uit te bou en lojaliteit aan te moedig.<br>• Om te verseker dat ons hoë diensvlakke handhaaf. | • Sosialemedia-platforms.<br>• Fokusgroepe en panele.<br>• Funksies/openbare geleenthede.<br>• E-posse.<br>• Briewe aan redakteurs.<br>• Klantediens-inbelsentrums.<br>• Opnames oor klantetevredenheid.<br>• Net Promoter Scores®. |
| **Bedryfsliggame** | • Om strategiese sakevennootskappe uit te brei.<br>• Om vennootskappe met bedryfsliggame te sluit ter bevordering van gemeenskaplike sake wat die bedryf raak.<br>• Om uit beste praktyke te leer en inligting te deel wat die bedryf sal baat.<br>• Om wedersyds voordelige leergeleenthede te bied en invloed uit te oefen ten opsigte van gemeenskaplike sake en/of dit te bevorder. | • Deelname aan PSS (Publishers Support Services, wat Druk- en Digitale Media Suid-Afrika vervang het) en skakeling met verskeie instellings soos die Ouditburo van Sirkulasies van Suid-Afrika (ABC), die Drukkersnavorsingsraad (PRC), die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (Sanef), die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging (Pasa), die Agentskap vir Media-ontwikkeling en Diversiteit (MDDA), die Vereniging van Onafhanklike Uitgewers (VOU) en die gesagsvereniging vir reklamestandaarde (GRS).<br>• Novus Holdings is 'n lid van die Drukkersbedryffederasie van Suider-Afrika (Pifsa). |
| **Invloed van ander** | • Om beleidsbesluite tot voordeel van die bedryf, en ter wille van die langtermyn-volhoubaarheid daarvan, te beïnvloed.<br>• Om vennootskappe aan te gaan wat die lewe van mense in die gemeenskappe waarin ons werk, sal verbeter. | • Prosesse vir skakeling in die openbare domein.<br>• Geskeduleerde vergaderings met besluitnemers.<br>• Verteenwoordigers wat in bedryfsliggame dien. |






# Risikobestuur

As 'n medialeier in 'n mededingende mark wat deurentyd verander, is die groep blootgestel aan 'n wye verskeidenheid risiko's, waarvan sommige ernstige gevolge kan inhou.

## Risikofilosofie

Die groep is verbind tot die identifisering en bestuur van risiko. Ons pas dus deurgaans die nodige beginsels ten opsigte van korporatiewe bestuurstoesig en die relevante reëls en regulasies toe. Die direksie is verantwoordelik vir bestuurstoesig oor risiko en is tevrede met die doeltreffendheid van die risikobestuursproses. Die risikokomitee monitor risikobestuur en is verantwoordelik vir die beoordeling van gepaardgaande planne en prosesse. 'n Risikoregister word gehou van beduidende risiko's waaraan die groep blootgestel is, en bestuur se optrede om hierdie risiko's te bestuur binne die verdraagsaamheidsvlakke wat deur die direksie goedgekeur is, word gemonitor.

As 'n medialeier in 'n mededingende mark wat deurentyd verander, is die groep blootgestel aan 'n wye verskeidenheid risiko's, waarvan sommige ernstige gevolge kan inhou.


Die identifisering van risiko's en opstel van planne om hierdie risiko's te bestuur, maak ook deel uit van elke sake-eenheid se sakeplan.

## Risikobestuursbeleid

Die groep handhaaf 'n deursigtige risikoprofiel deur 'n gestruktureerde, formele en beplande benadering tot risikobestuur te volg. Die identifisering, bestuur en rapportering van risiko's is vasgelê in die groep se sakebedrywighede en -prosesse. Die risikobestuursbeleid geld vir alle ondernemings waarin Media24 regstreeks of onregstreeks meer as 50%-eienaarskap of bestuursbeheer het. Die beleid dek die risiko's waaraan die groep in die uitvoering van sy strategie, bedrywighede, verslagdoening en nakomingsaktiwiteite blootgestel is, en word jaarliks hersien. Die risikokomitee is verantwoordelik vir die evaluering van hierdie prosesse. Die groeprisikobestuurder gee advies oor, formuleer, hou toesig oor en bestuur die risikobestuurstelsel. Sy monitor die groep se risikoprofiel, en verseker dat wesenlike risiko's geïdentifiseer en op die toepaslike vlak in die groep aangemeld word.

## Risikoraamwerk

Media24 se ondernemingswye risiko-bestuursraamwerk is ontwerp om te verseker dat beduidende risiko's en verwante insidente in die hele groep op 'n konsekwente en gestruktureerde wyse geïdentifiseer, geboekstaaf, bestuur, gemonitor en aangemeld word. Dit is geskoei op die model van die COSO ERM (Committee of the Sponsoring Organisations of the Treadway Commission Framework for Enterprisewide Risk Management), asook die internasionaal aanvaarde COBIT-raamwerk vir bestuurstoesig oor inligtingstegnologie (Control Objectives for Information and Related Technology). Die risikobestuursproses word deurentyd verbeter.



## Wesenlike kwessies en hoe ons hulle bestuur

Hierdie afdeling identifiseer die wesenlike risiko's wat die groep kan raak. Dit is nie 'n omvattende ontleding en bespreking van al die risiko's waaraan die groep blootgestel is nie. Sommige risiko's is buite die groep se beheer en ander faktore buiten dié wat genoem word, kan die algehele prestasie van die groep beïnvloed. Ondanks die gestruktureerde benadering om risiko in die groep te identifiseer, kan sommige risiko's onbekend wees en ander risiko's wat nou as onbeduidend beskou word, kan in die toekoms wesenlike risiko's word.


### Uit 'n verskeidenheid potensiële blootstellings blyk dit dat die volgende wesenlike groeprisiko's tans bestaan:

| Kategorie | Beskrywing van wesenlike kwessie | Hoe ons die kwessie bestuur |
|---|---|---|
| Strategie en bedryf | • Die groep doen sake in hoogs mededingende markte wat in sommige gevalle nog nie volwasse is nie. | • Lewer uitnemende produkte en dienste aan klante.<br>• Bied 'n aantreklike prys-/waardevoordeel.<br>• Neem die voortou wat innovering betref.<br>• Belê in nie-tradisionele gebiede om die maatskappy vir toekomstige groei te diversifiseer. |
| | • Aangesien tegnologie so 'n belangrike deel van ons bedrywighede uitmaak, bestaan die gevaar dat die groep onverhoeds betrap kan word deur nuwe tegnologieë, nuwe toetreders of die vinnige tempo van ontwikkeling. | • Vestiging van 'n 'mobiel-eerste' kultuur en strategie.<br>• Beduidende belegging in digitale produkaanbod, inhoud en gehalte. |
| | • Aangesien die groep sake doen in die media- en vermaaklikheidsbedryf in Suid-Afrika, is dit gevoelig vir politieke en ander gebeure wat die plaaslike en wêreldekonomie kan beïnvloed. | • Bou unieke verhoudings met klante deur inhoud, sosiale media, spesiale geleenthede en digitale platforms.<br>• Ondersoek voortdurend maniere om die gehalte van ons aanbieding te verbeter en verken nuwe teikenmarkte. |
| | • Dalende sirkulasie- en advertensie-inkomste by gedrukte publikasies. | • Gehalte en relevante inhoud bly 'n fokusgebied.<br>• Streng kostebeheermaatreëls word toegepas.<br>• 'n Strategie is in plek om inkomstestrome te diversifiseer. |
| | • Daar is die gevaar dat ons digitale bedrywighede nie die skaal sal bereik wat nodig is om wesenlike wins te lewer nie. | • Alle digitale bates is gekonsolideer en/of word herposisioneer om skaal te bou en inkomste te dryf. |

| Kategorie | Beskrywing van wesenlike kwessie | Hoe ons die kwessie bestuur |
|---|---|---|
| Finansiële en verwante verslagdoening | • Die groep het aansienlike insetkoste wat in buitelandse valuta aangegaan word, soos vir papier en druktoerusting. Onvoorspelbare wisselkoersbewegings teenoor die Suid-Afrikaanse rand kan wesenlike verliese tot gevolg hê. | • 'n Beleid vir die bestuur van wisselkoersrisiko is in plek. |

| | Beskrywing van wesenlike kwessie | Hoe ons die kwessie bestuur |
|---|---|---|
| Werksaamhede | • 'n Skielike, onvoorsiene gebeurtenis kan die groep se bates beskadig en 'n onderbreking van daaglikse bedrywighede veroorsaak. | • Voorsorgmaatreëls en 'n omvattende korttermyn-versekeringsprogram is in plek. |
| | • Sagtewarekwessies, sekuriteitskendings ingesluit, kan uitgewery, drukwerk, verspreiding en aanlynbedrywighede ontwrig en verlies aan inkomste meebring. | • Streng toetsprogramme is in plek.<br>• Daar is 'n deurlopende gehalteversekeringsproses.<br>• Toepaslike inligtingstegnologie(IT)-stelsels is in plek om die ondernemings te ondersteun. |
| | • Gebrek aan beskikbaarheid van toptalent, veral in die digitale media en e-handelomgewings. | • Talentbestuurstrategieë en opvolgbeplannings-inisiatiewe is in plek. Ons uitgebreide opleidingsprogramme sluit bestuurskursusse in en ons bied internskappe in joernalistiek, e-handel en ingenieurswese. |
| Gesondheid, veiligheid en omgewing | **Beskrywing van wesenlike kwessie** | **Hoe ons die kwessie bestuur** |
| | • Indien 'n insident by ons fasiliteite voorkom wat sterfte of besering aan diens veroorsaak as gevolg van nie-nakoming van die Suid-Afrikaanse Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, kan dit tot strafregtelike aanspreeklikheid, boetes en strawwe vir die maatskappy, sy direkteure en/of beamptes lei.<br>• Ons joernaliste word gereeld aan onveilige omstandighede blootgestel. | • Ons doen gereeld gesondheids- en veiligheids-evaluerings en personeelopleiding. Die gevolge van nie-nakoming van toepaslike wetgewing word aan bestuur gekommunikeer en waar nodig word regstellende stappe gedoen.<br>• Beskerming word vir joernaliste gereël wanneer nodig.<br>• Verskeie eksterne gerusstellingsverskaffers evalueer ons beheermaatreëls en risiko's. |
| | • Materiaal en energie wat in die loop van werksaamhede gebruik word, kan skade aan die omgewing aanrig. Dit sluit elektrisiteit, water, papier, vloeistowwe en skadelike gasse in. | • Ons koolstofvoetspoor word gemeet.<br>• Papier en stof word herwin waar moontlik.<br>• Afval word op verantwoordelike wyse afgevoer.<br>• Regeneratiewe termiese oksideerders is in plek.<br>• Tolueen word herwin by Novus Holdings se diepdruk-rolperse. |
| Regulatories en nakoming | **Beskrywing van wesenlike kwessie** | **Hoe ons die kwessie bestuur** |
| | • Nie-nakoming van 'n groot verskeidenheid regulasies en wetgewing kan finansiële boetes tot gevolg hê. | • 'n Regulatoriese en regsnakomingsprogram is in plek.<br>• Aktiewe deelname aan regulatoriese sake. |
| | • Gepubliseerde artikels kan lasterlik en/of 'n onakkurate weergawe van werklike gebeure wees. Lastersake kan tot beduidende finansiële verlies en reputasieskade lei. 'n Heelwat strenger perskode word nou toegepas. | • Redaksionele prosesse verseker die hoogste standaarde.<br>• Joernaliste en redakteurs kry regsadvies oor artikels wat lasterlik kan wees.<br>• Korttermynversekering is in plek.<br>• Koerante het ombudsmanne.<br>• Al ons uitgewerseenhede onderskryf die Suid-Afrikaanse Perskode en daar is opleidingsprogramme vir personeel. |

# Balans tussen wins, mense en ons planeet




# Balans tussen wins, mense en ons planeet

Media24 erken dat volhoubare ontwikkeling 'n wêreldwye kwessie is wat geleenthede asook risiko's vir sakebedrywighede inhou. As 'n toonaangewende mediamaatskappy het Media24 ten doel om hom te posisioneer om sulke uitdagings die hoof te bied. Met die uitbreiding van sy sakebedrywighede streef Media24 daarna om by te dra tot die gemeenskappe waarin hy bedrywig is, sy eie mense te ontwikkel, algemene ekonomiese vooruitgang te bevorder en sy impak op die omgewing te beperk.

## Staat van toegevoegde waarde vir die jaar geëindig 31 Maart

| | 31 Maart | |
|---|---|---|
| | **2016 R'm** | 2015 R'm |
| Omset | **8 116** | 8 250 |
| Koste om omset te genereer | **4 675** | 4 702 |
| Waarde toegevoeg | **3 441** | 3 548 |
| Inkomste uit beleggings | **52** | 48 |
| Welvaart geskep | **3 493** | 3 596 |
| *Welwaartverspreiding* | | |
| Werknemers | | |
| Salarisse, lone en voordele | **2 081** | 2 058 |
| Kapitaalverskaffers | **268** | 258 |
| Finansieringskoste | **23** | 113 |
| Dividende betaal | **245** | 145 |
| Owerhede | | |
| Totale belasting betaal | **1 096** | 1 087 |
| Herbelê in die groep | **48** | 193 |
| Waardevermindering en amortisasie | **321** | 342 |
| Ander kapitaalitems | **60** | 163 |
| Behoue verdienste | **(333)** | (312) |
| Welvaart versprei | **3 493** | 3 596 |

## Verspreiding van welvaart (%)






MEDIA24

# Prestasie-oorsig

## Finansiële oorsig

Hierdie oorsig dek hoogtepunte van die groep se finansiële prestasie gedurende die afgelope jaar. Volledige besonderhede verskyn in die finansiële jaarstate van die maatskappy.

### Omset

2016
R8,1mjd
−2%

- Die groep se gekonsolideerde omset vir die jaar het met **2%** tot **R8,1mjd** gedaal. Inkomste uit drukwerk was **3%** hoër, hoofsaaklik weens bykomende derdepartykontrakte wat deur Novus Holdings verkry is. Die groep se fokus om sy inkomste uit nie-drukmedia te verhoog, het verdere stukrag gekry, met wesenlike bydraes afkomstig van e-handelbedrywighede **(+31%)**, digitale advertensies **(+11%)**, digitale intekenings **(+68%)**, ons nuwe leefstyl-TV-kanaal, VIA, en Novus Holdings se belegging in sneespapieraanlegte **(+23%)**.
- Advertensie-inkomste het met **7%** gedaal, in ooreenstemming met die mark, weens die verskuiwing weg van drukmedia en 'n lustelose ekonomie. Inkomste uit drukmedia-sirkulasie het met **11%** afgeneem. Intekenaarinkomste by drukmedia word steeds deur die onstabiele posdiens belemmer. Inkomste uit boekuitgewery en -verkope het met **4%** gegroei, gerugsteun deur 'n sterk plaaslike uitgewerslys by Jonathan Ball Publishers (**22%**-groei jaar tot jaar) en groot skoolboekbestellings in Botswana. Dit is egter teengewerk deur 'n skerp daling in skoolboek- en boekklubinkomste in Suid-Afrika.

### Handelswins

2016
R400m
+62%

- Gekonsolideerde handelswins het met **62%** tot **R400m** gestyg. Aansienlike kostebesparings in al ons drukmediabedrywighede en omsigtige besteding het ruimskoots vergoed vir dalings in omset. Novus Holdings het sy handelswins met **7%** opgestoot. On the Dot, ons logistiekafdeling, asook ons Boeke-afdeling het 'n stewige ommekeer getoon, terwyl die Nuus-afdeling se handelswins met **13%** gestyg het. INET BFA het ook sy handelswins verhoog danksy kosteverminderings. Kostebesnoeiings om laer inkomste in ons tradisionele drukmediaportefeulje teen te werk, was steeds 'n sleutelfokuspunt regdeur die groep.
- Die groep gaan voort met beduidende beleggings in digitale media, e-handel, aanlyn-werwingsadvertensies en ander groeigeleenthede om bedrywighede te diversifiseer. Dit het 'n gepaardgaande kort- tot mediumtermynimpak op winsgewendheid.

### Vrye kontantvloei

2016
R323m
+89%

- Die groep se vrye kontantvloei het byna verdubbel teenoor die vorige finansiële jaar. Bydraende faktore was die **20%** hoër handelswins (aangepas vir nie-kontantitems); die sterk fokus op bedryfskapitaal, wat invloei met **38%** verbeter het; en laer kapitaalinvestering. Dit is gedeeltelik teengewerk deur hoër belasting en laer beleggingsinkomste. Ons program om die vlakke van belegging in bedryfskapitaal in al die afdelings te optimeer, bly 'n sleutelfokusgebied.

## Driejaar-oorsig

| | 2016 R'm | 2015 R'm | 2014 R'm |
|---|---|---|---|
| Inkomstestaat | | | |
| Omset | **8 116** | 8 250 | 8 171 |
| Handelswins | **400** | 247 | 519 |
| Staat van vrye kontantvloei | | | |
| Vrye kontantvloei | **323** | 171 | 95 |
| Staat van finansiële posisie | | | |
| Totale bates | **5 970** | 6 104 | 5 872 |
| Totale ekwiteit | **3 191** | 3 424 | 2 335 |
| **Totale laste** | **2 779** | 2 680 | 3 537 |

# Opgesomde finansiële jaarstate en volledige finansiële jaarstate

Die opgesomde finansiële jaarstate verskyn op bladsye 52 en 53 van die geïntegreerde jaarverslag. Die volledige finansiële jaarstate vir die jaar tot 31 Maart 2016 is by **www.media24.com** beskikbaar.
’n Gedrukte eksemplaar van die finansiële jaarstate kan verkry word van die finansiële hoof, Abduraghman (Manie) Mayman, by die geregistreerde kantoor van die maatskappy (die besonderhede verskyn op bladsy 50).

# Bedryfsoorsig




## Bedryfsoorsig

Ondanks ’n moeilike jaar met voortgesette tekorte in advertensie- en sirkulasie-inkomste, het die **Nuus**-afdeling ’n sterk handelsprestasie gelewer. Dit was egter grootliks te danke aan voortgesette kostebesnoeiings. Die afdeling het die plaaslike advertensie- en sirkulasiemarkleier gebly. Ons Sondagkoerantsyfers het aansienlik teruggesak, net soos dié van Sondagkoerante regoor die wêreld. Suid-Afrika se grootste dagblad, Daily Sun, het weer eens goeie wins gelewer en Soccer Laduma se bestendige prestasie het gehelp om dalende sirkulasie oor die portefeulje heen teen te werk. Plaaslike titels het hul wins met 18% opgestoot en ’n aantal titels het rekord-advertensievlakke gehaal – veral TygerBurger, PE Express en dié in Boland Koerante.

Media24 **Leefstyl** (voorheen die Tydskrifafdeling) het die winsverwagtings oortref, met stewige bydraes deur ons portefeulje maandelikse tydskrifte en die kontrakuitgewer New Media Publishing. Hierdie afdeling het baat gevind by ’n volgehoue fokus op die ontwikkeling van nuwe inkomstebronne en streng kostebestuur. Ons totale markaandeel gemeet aan leserstal het volgens All Media & Products Survey (AMPS) bestendig gebly op ongeveer 80%, en ons het ons advertensie- en sirkulasiemarkleierskap (drukmedia en digitaal) onder die topvyfuitgewers in die bedryf behou. Gehore op sosiale media in die portefeulje het jaar tot jaar met 35% gegroei en 75% van toegang tot Leefstyl se digitale platforms word nou via mobiele toestelle verkry. Veldtogte om die krag van tydskrifte te bevorder en die mark oor ons digitale reikwydte in te lig, is goed deur adverteerders asook agentskappe ontvang.

Met meer as 13m maandelikse unieke gebruikers op al sy platforms, bly die nuus- en vermaakportaal, **24.com**, die leier onder plaaslike mededingers, ten opsigte van sowel reikwydte as vertoonadvertensies. Die verskuiwing van web na mobiele media – veral apps – gaan onverpoosd voort, en 77% van die totale verkeer kom nou via mobiele blaaiers en apps. Ons digitale vlagskiphandelsmerk, News24, het sy leiersposisie as gewildste gratis nuus-app op iOS en Android in Afrika behou en bedien nou meer as 1,4m aktiewe app-gebruikers per maand. Netwerk24, ons digitale betaalbestemming wat die beste Afrikaanse aanlynnuusjoernalistiek bied, groei steeds vinnig.




Ons **Boeke**-afdeling het sy leiersposisie onder plaaslike uitgewers in die Suid-Afrikaanse handelsmark verstewig, met beide NB-Uitgewers en Jonathan Ball Publishers wat sterk jaar-tot-jaar-winsgroei getoon het. Verkope van gedrukte boeke was lewendig en e-boekverkope het in ooreenstemming met internasionale tendense






afgeplat. Plaaslike skoolboekbestellings het gedaal, maar bestellings van skole in Botswana het goed herstel teenoor die vorige jaar. Ons het uit die boekklubonderneming Leisure Books/Leserskring gedisinvesteer weens die verouderde sakemodel en stram handelstoestande. Van Schaik Uitgewers het markaandeel behou en ondanks die wisselvalligheid in die akademiese mark 'n goeie finansiële prestasie gelewer.

careers24

Die aanlynwerwingsonderneming, **Careers24**, het in 'n mededingende mark goeie groei getoon ten opsigte van gehoor, werkplasings en sy kandidatebasis. Ons het die afgelope jaar ook spogblaaie vir werkgewers en maatskappy-resensies bekend gestel om die waarde-aanbod aan werkgewers en werksoekers te verbeter.


In **E-handel** het die aanlynmodebesigheid, Spree, nog internasionale handelsmerke bygekry en goeie groei volgens sleutelmaatstawwe getoon, te midde van sterk mededinging en stadiger as verwagte groei in die plaaslike aanlynkleinhandelmark. Die nuwe inkopie-apps op Android en iOS het baie goed gevaar sedert hul bekendstelling. On the Dot se e-vervullingsdiens (wat nou by E-handel ingelyf is) het sy leiersposisie versterk deur nuwe kontrakte met groot kleinhandelaars te sluit, huidige kontrakte te verleng en verder in infrastruktuur te belê om 'n voortreflike laastemyl-ervaring aan klante te lewer.

**INET BFA** het 'n splinternuwe weergawe van sy vlagskipplatform, IGraph, aan 40% van sy intekenaarbasis versprei en verkope van sy globale Fronteer-platform in Suid-Afrika en Afrika suid van die Sahara verdubbel. Die mark vir finansiëledatadienste ondergaan omvattende strukturele veranderings, met nuwe laekoste-toetreders en regulatoriese hervormings wat strenger nakomingsverpligtinge en gevolglik ook kostebesnoeiings deur fondsbestuurders meebring. Derhalwe het ons ons besigheidsontwikkelingsinisiatiewe en mededingendheid deur produkuitnemendheid versterk.

**On the Dot** se medialogistiek-afdeling het goed gevorder met inisiatiewe om sy kostebasis te verklein deur onwinsgewende roetes uit te skakel. Inisiatiewe om krimpende koerant- en tydskrifvolumes teen te werk, gaan voort.

**Novus Holdings** het bevredigende resultate in sy kerndrukbesigheid behaal. Sy diversifiseringsprogram is goed op dreef en kry volgehoue aandag en groter investering. Novus het die afgelope jaar die mark vir gedrukte buigsame verpakkingsmateriaal betree met die inbedryfstelling van 'n nuwe diepdruk-rolpers vir verpakkingsmateriaal. Die uitbreidingsprojek vir sneespapiervervaardiging vorder goed en groter produksiekapasiteit sal in die nuwe boekjaar beskikbaar wees. Novus het ook sy eerste digitale drukkery, Novus Print Solutions, op die been gebring om in die groter vraag na digitale drukwerk met 'n kleiner oplaag te voorsien.



# Nie-finansiële oorsig

## Maatskaplike oorsig

Media24 neem sy verantwoordelikheid teenoor die gemeenskappe waarin hy bedrywig is, ernstig op. Ons bevorder die welstand van die samelewing, ons klante en ons werknemers deur by te dra tot inisiatiewe wat die lewensgehalte in hierdie gemeenskappe verbeter.

**Gemeenskap**

Media24 wil sy handelsmerke deel van mense se lewens maak en van diens wees in die gemeenskappe waarin hy bedrywig is. Ons fokus op opvoeding, opleiding in digitale media en ondernemingsontwikkeling, en het die afgelope jaar meer as **R60m** in die vorm van kontant, produkte en mediadekking in verskeie gemeenskapsprojekte belê. Die groep ondersteun ook gemeenskappe deur projekte wat regstreeks betrekking het op behoeftes binne die gemeenskap.

- Ons respekteer menseregte.
- Ons ondersteun ondernemings in swart besit deur aktief sulke verskaffers te werf.
- Ons bedryf ons sake met integriteit en volg 'n billike en etiese benadering.
- Ons kode vir sake-etiek en -gedrag bepaal ons kultuur.

**Van die inisiatiewe die afgelope jaar:**

- Ses aspirantjoernaliste met gestremdhede is in 'n formele medialeerderskap-program opgeneem, oor 'n tydperk van 10 dae as gemeenskapsjoernaliste opgelei en ses maande lank tydens twee slypsessies per maand in skryfkuns onderrig.
- Meer as 200 uitgewers en redakteurs van die Vereniging van Onafhanklike Uitgewers (VOU) is oor 'n 12-maandetydperk met behulp van Seta(Sector Education and Training Authority)-befondsing in die basiese beginsels van digitale uitgewery opgelei.
- 218 000 gratis koerante is uitgedeel waarby meer as 2 650 skole en meer as 730 000 leerders landwyd gebaat het.
- Ons Spelling Bee-kompetisie het leerders se bedrewenheid in Engels as tweede taal help verbeter.
- Ons het 2 300 onderwysers opgelei in die gebruik van digitale inhoud en tegnologie in die klaskamer.
- Die Paarl Media-beursfonds het 13 beurse ter waarde van R10m vir die 2016- akademiese jaar toegeken. Sedert die beursfonds in 2008 begin is, is altesaam 89 beurse toegeken.
- Via Afrika het nog Via Afrika Sentrums vir Digitale Onderrig in gemeenskappe op die been gebring.










**Mense**

Media24 heg waarde aan sy mense.

Ons werkomgewing is ontwerp om samewerking te bevorder, met oopplan-kantore waar moontlik. Ons moedig 'n balans tussen werk en lewe aan deur personeel die opsie van buigsame werkure, met inagneming van operasionele vereistes, te gee.


**Voordele sluit in:**


- Aftreevoordele.
- Mediesefonds-voordele.
- Mediesefonds-voordele ná aftrede.
- Langdiensvoordele.
- Ekwiteitsvergoedingsvoordele.

- Ons belê in die deurlopende ontwikkeling van ons mense.
- Ons beloon werknemers op 'n billike grondslag.
- Ons moedig ons werknemers aan om tot die volhoubaarheids- en innoveringsinisiatiewe van die groep by te dra.
- Ons respekteer die regte van ons werknemers en vier hul diversiteit.
- Ons moedig werknemers aan om via beskermde kanale gebiede aan te meld waar die groep moontlik in sy sakegedrag en waardes misluk.

Die groep voldoen aan arbeidswetgewing in sy onderskeie bedryfsgebiede. In Suid-Afrika word Media24 se statutêre verslae by die betrokke regeringsdepartemente ingedien.

Die ontleding van die groep se gekonsolideerde jaarlikse diensbillikheidstatus vir heeltydse werknemers soos op 31 Maart 2016, word hieronder aangedui:




Toepaslike en verteenwoordigende konsulterende forums beskerm die belange van werknemers in die hele groep en lewer waardevolle bydraes tot besluitneming.



MEDIA24
**vier diversiteit**

By **Media24** glo ons transformasie en diversiteit onderskryf alles wat ons doen. Ons is ten volle verbind tot die Grondwet van Suid-Afrika, die Wet op Diensbillikheid en alle wette en regulasies met betrekking tot vryheid van spraak, vryheid van assosiasie en die beskerming van ons werknemers se waardigheid en regte.

**Media24** se diversiteitsbeleid is daarop gemik om diversiteit in die werkplek te erken en bevorder, en te verseker dat ons diversiteit doeltreffend bestuur.

Ons glo diversiteit is goed vir ons besigheid.

**Opleiding en ontwikkeling**

Media24 het in die afgelope finansiële jaar sowat R53m in die ontwikkeling van werknemers op verskillende vlakke belê. Ondanks moeilike handelstoestande verhoog ons steeds jaar na jaar ons investering in opleiding.

### Vaardigheidsontwikkeling

In die Media24 Akademie se program vir 2015 het 17 gegradueerdes 'n internskap van ses maande voltooi, en agt is tydelike of permanente poste by Media24 aangebied. Verder het al 18 van die 2014-beurshouers hul internskap van 12 maande voltooi en tien is in permanente poste aangestel.

Vanjaar se Program vir Gegradueerdes, wat in Februarie 2016 begin het, akkommodeer 22 gegradueerdes wat intensiewe interne opleiding voltooi het voor hulle met 'n gestruktureerde program van 12 maande begin het.

Media24 se eerste Apex Future Leaders-program het in Maart 2016 ten einde geloop. Ses swart kandidate (vyf vroue en een man) het oor 'n tweejaartydperk heeltydse opleiding ontvang om hulle vir senior bestuursrolle voor te berei. Nog vyf kandidate het in hul bestaande poste aangebly terwyl hulle Apex-klasse op 'n deeltydse grondslag bygewoon het.

### Begunstigdes van die Media24 Akademie-inisiatiewe die afgelope jaar het ingesluit:

- 13 honneursstudente in joernalistiek, vier honneursstudente in rekenaarwetenskap en een fotografiestudent het in 2014 beurse ontvang en hul internskappe in 2015 voltooi (90% swart en 83% vroue).
- 17 gegradueerdes het in 2015 oor ses maande die Gegradueerdes in Media-program voltooi (90% swart en 53% vroue), van wie agt by Media24 geplaas is.
- Twee swart Afrikaanssprekende honneursstudente in joernalistiek het vir 2015 beurse ontvang en doen in 2016 hul internskap.
- Altesaam 22 gegradueerdes (100% swart en 77% vroue) – in joernalistiek, multimedia, rekenaarwetenskap en produkbestuur – het in Januarie 'n induksieprogram bygewoon en op 1 Februarie 2016 hul internskap van 12 maande begin.
- Van sewe studente aan wie beurse toegeken is om hul honneursgraad in joernalistiek in 2016 te voltooi, is drie swart Afrikaanssprekendes.
- Twee uitnemende Media24-werknemers, voorheen Akademie-beurshouers, is beurse vir 'n MSc in joernalistiek aan die Columbia-universiteit in New York toegeken.

Die Novus-akademie fokus op die ontwikkeling van vaardighede in die drukkersbedryf, asook die leierskaps- en bestuursvaardighede wat nodig is om 'n suksesvolle drukkersonderneming te bestuur. Die drukkerskwalifikasies wat deur die akademie aangebied word, is nie net plaaslik geakkrediteer nie, maar ook internasionaal deur die Londense City & Guilds-instituut. Die akademie het 'n gesofistikeerde elektroniese leerbestuurstelsel in gebruik geneem wat werknemers in staat stel om opleiding aanlyn te voltooi en elektronies geassesseer te word. 'n Kernelement van die opleiding wat deur die akademie aangebied word, is vakleerlingskappe in drukkersambagte.





## Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid

Media24 se inisiatiewe rakende korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid is toegespits op onderrig, opleiding in digitale media en ondernemingsontwikkeling. Die maatskappy speel 'n beduidende rol in die ontwikkeling van onafhanklike uitgewers van gemeenskapskoerante. Verlede jaar het Media24 opleiding in digitale media aan 200 lede van die Vereniging van Onafhanklike Uitgewers (VOU) gegee en ook 'n opleidings- en internskapprogram vir swart joernaliste met gestremdhede in vennootskap met die nie-regeringsorganisasie This Ability aangebied.

## Ons vlagskipprojekte

Ons vlagskipprojek vir korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV), OnsKan24, bied opleiding in digitale joernalistiek aan hoërskoolleerders en onderwysers regoor Suid-Afrika, en rus hulle toe om hul eie skool- en ander plaaslike nuus op die gratis platform te publiseer. In sy eerste jaar het OnsKan24 bykans 350 skole landwyd bereik, en meer as 1 000 leerders en 500 onderwysers opgelei. Die maatskappy speel ook 'n beduidende rol in die ontwikkeling van onafhanklike uitgewers van gemeenskapskoerante. Oor die jare het meer as 360 000 leerders in sowat 1 000 skole landwyd by Media24 se inisiatiewe vir onderrig in die klaskamer baat gevind, onder meer deur aanvullende opvoedkundige materiaal wat gedurende die hele jaar in sy weekblaaie Huisgenoot, YOU en DRUM verskyn.

Media24 Rachel's Angels is 'n jeugmentorskap- en bemagtigingsprogram waarvolgens mentors van die Universiteit Stellenbosch (US) aan hoërskoolleerders in graad 11 toegewys word om hulle oor 'n tydperk van twee jaar te help om hul akademiese prestasie te verbeter. Verlede jaar het deelnemende leerders 'n slaagsyfer van 95,6% behaal, terwyl studente wat gementor is 213 onderskeidings in hul studie aan die US behaal het. Die Rachel's Angels Trust is tans in sy finale siklus.

Die groep ondersteun digitale onderrig in gemeenskappe deur vier Via Afrika Sentrums vir Digitale Onderrig, opgeknapte skeepshouers wat toegerus is met Android-tablette waarop die jongste opvoedkundige programme en apps gelaai is, asook handboeke wat deur die opvoedkundige uitgewer Via Afrika ontwikkel is. Al die laerskoolopleidingsentrums bied gratis of geborgde internetverbindings. Data en opleiding vir onderwysers word ook verskaf.

## Volhoubare belegging

Media24 is die derde jaar na mekaar deur die Suid-Afrikaanse vereniging vir werwers van gegradueerdes as die land se voorkeurwerkgewer










in media aangewys. Die maatskappy het verlede jaar sewe beurse aan studente toegeken om hul honneursgraad in joernalistiek in Suid-Afrika te voltooi, twee talentvolle swart vroulike personeellede geborg om hul MSc in joernalistiek aan Columbia-universiteit te voltooi en 39 internskappe aan gegradueerdes op terreine soos joernalistiek, handel, rekenaarwetenskap en multimedia aangebied.

## Transformasie

Media24 gaan voort om transformasie as 'n strategiese en kommersiële noodsaaklikheid te dryf. Verskeie inisiatiewe is in plek om toepaslike vaardighede en verantwoordelike aankooppraktyke te ontwikkel. Media24 het die afgelope paar jaar goeie vordering gemaak met sy doelwitte vir transformasie, wat met 'n telkaart ooreenkomstig die departement van handel en nywerheid se kode vir goeie praktyk vir swart ekonomiese bemagtiging (SEB) gemeet word.

Volgens die jongste telkaart wat deur Media24 se SEB-verifiëringsagentskap opgestel is, het Media24 'n vlak 4-gradering behaal, met 100%-erkenning vir SEB-besteding volgens die hersiene SEB-kodes. Die groep het volpunte behaal vir maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling en die onderafdelings ondernemings- en verskafferontwikkeling. Swart eienaarskap beloop nou 52,94% (45,82% in die vorige jaar).

Welkom Yizani, Media24 se breed-gebaseerde SEB-skema wat in 2006 bekend gestel is, bly die grootste SEB-aandeelaanbod in die Suid-Afrikaanse drukmediabedryf. Welkom Yizani stel kwalifiserende swart persone en groepe daartoe in staat om onregstreeks aandele in Media24 Beherend te verkry. Die skema se geslote tydperk het in 2013 ten einde geloop en aandeelhouers kan nou hul





aandele op 'n aanlyn-verhandelingsplatform aan kwalifiserende swart persone verkoop.

As voorkeuraandeelhouer in Welkom Yizani het Naspers Beperk die afgelope jaar ingestem om 32 855 569 voorkeuraandele in Welkom Yizani teen nominale waarde af te los, met die gevolg dat Welkom Yizani  se verpligtinge teen jaareinde verminder is met R382 431 843, met 'n ooreenstemmende beperking van Welkom Yizani se toekomstige verpligtinge teenoor Naspers as voorkeuraandeelhouer.

In 2014 het die Registrateur van Sekuriteitedienste (die Registrateur) aangedui dat alle tradisionele toonbank-verhandelingsplatforms soos Welkom Yizani hul bedrywighede moet regulariseer ingevolge die Wet op Finansiële Markte, 2012. Welkom Yizani bou voort op die positiewe skakeling wat dit tot dusver met die Registrateur gehad het. Welkom Yizani bly verbind tot voldoening aan enige aanwysings en/of voorwaardes wat deur die Registrateur uitgereik word.

## Diensbillikheid

Media24 het die verteenwoordiging van swart personeel op alle bestuursvlakke gehandhaaf of verbeter, maar slegs sekere teikens behaal soos uiteengesit in sy diensbillikheidsplanne wat aan die departement van arbeid voorgelê is vir die jaar tot September 2015. Hoogtepunte sluit in:


Die eerste Apex Future Leaders-program, wat daarop gemik is om transformasie en swart verteenwoordiging op bestuursvlak te bevorder, is in Maart 2016 suksesvol afgehandel. Drie van die deeltydse kandidate is in die loop van die program bevorder en al die heeltydse kandidate is aan die einde van die program in heeltydse poste geplaas (vyf by Media24 en een ekstern). Vanjaar sal die program uitgebrei word om 40 plekke aan talentvolle swart werknemers in Media24 en nog 10 aan personeel van die regering se kommunikasie- en inligtingsdiens (GCIS) aan te bied.

## Swart ekonomiese bemagtigingsvennote

Media24 en ander Suid-Afrikaanse maatskappye in die Naspers-groep het hul koopkrag in Suid-Afrika saamgevoeg in 'n gesentraliseerde aankoopmaatskappy, CommerceZone, wat 'n SEB-aankoopbeleid in werking gestel het. Verskaffers se SEB-prestasie word volgens spesifieke kriteria beoordeel en moet jaarliks verbeter word. Media24 het 18,2 uit 20 punte vir voorkeurverkryging van goedere en dienste by alle verskaffers behaal.

## Diensbillikheid

Media24 het die verteenwoordiging van swart personeel op alle bestuursvlakke gehandhaaf of verbeter, maar slegs sekere teikens behaal soos uiteengesit in sy diensbillikheidsplanne.



## Gesondheid en veiligheid

- Ons doen gereelde risikobeoordelings van gesondheids- en veiligheidskwessies by ons fasiliteite.
- Ons mikpunt is 'n beseringvrye werkplek.
- Ons lei mense by ons hoërisiko-fasiliteite op ten opsigte van gesondheids- en veiligheidsaspekte.
- Ons monitor bestuur se voorkomende optrede deur gereelde bedryfs-, interne en eksterne ouditerings- en verslagdoeningsprosesse.
- 'n Gesonde werksmag dra by tot sakesukses. Ons verskaf mediese sorg en welstandprogramme aan ons personeel.
- Ons doelwit is om die betrokke wette na te kom.

## Die werkplek

Die skep van 'n gesonde, veilige werkplek by administratiewe asook produksiefasiliteite kry voorkeur. Gesondheids- en veiligheidskomitees verseker voldoening aan toepaslike regulasies ooreenkomstig plaaslike wetgewing, waar nodig. Slegs opgeleide werknemers dien in hierdie komitees. Gereelde beroepsgesondheid- en veiligheidsrisikobeheer-oudits word deur bedryfseenhede gedoen en verbeterings word aangebring soos nodig. Wesenlike sake word aangemeld by en gemonitor deur Media24 se oudit- en risikokomitees.

Media24 se verspreidings- en drukkery-ondernemings maak op groot skaal gebruik van kontrakteurs en organiseerders. Die meeste van hierdie werkers kom uit voorheen benadeelde gemeenskappe en kry opleiding om hulle toe te rus om hul werk veilig en doeltreffend te doen.

Weens die aard van die drukkerybesigheid, wat drukkersfasiliteite besit en bedryf, is dit die afdeling in die Media24-groep met die grootste inherente risiko vir beserings aan diens. Media24 se veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee ('n komitee van die direksie) monitor ook beduidende verwante kwessies in die werkplek.

## Monitering

Media24 gaan die geboue waarin hy werk na en doen jaarliks oudits om te verseker dat daar aan gesondheid-, veiligheid- en omgewingstandaarde voldoen word. Gebouskanderings word ook gedoen. Beserings aan diens word streng gemonitor, en die maatskappy streef daarna om geen beserings of sterftes aan diens te hê nie. Novus Holdings het streng interne moniteringsprosesse in plek.




## Welstand

Die groep het verskeie welstandprogramme as deel van 'n voorkomende benadering tot die gesondheid van werknemers, waaronder MIV/vigs-toetsing. Drywers en

personeel wat aan geraas blootgestel word, ondergaan gereeld oog- en gehoortoetse. Professionele, onafhanklike sielkundige en maatskaplike ondersteuning word aan personeel verskaf.

Media24 en Novus Holdings bied by verskeie van hul kantore in Suid-Afrika welstanddae in vennootskap met 'n vooraanstaande gesondheidsversekeringsmaatskappy aan. Gesondheidsdienste wat verskaf word, sluit in bloeddruk- en bloedsuikertoetse (vir diabetes); cholesteroltoetse, MIV/vigs-berading en -toetsing en 'n aantal risikobeheerprogramme. Novus Holdings het ook welstandsentrums by sekere drukkerye.

## MIV/vigs en tuberkulose

Media24 is deeglik bewus van die MIV/vigs- en tuberkulosepandemies in Afrika en die maatskaplike en ekonomiese implikasies van die siektes. Vrywillige toetsing, omvattende gesondheidsbestuur en mediese behandelingsprogramme is deur die mediese skema beskikbaar.

## Omgewing

Die groep evalueer die regstreekse impak van sy aktiwiteite op die omgewing as deel van sy risikobestuursproses.

Ons inisiatiewe ten opsigte van energiedoeltreffendheid en afvalbestuur word volgehou. Die huidige elektrisiteitskrisis in die land het ons koolstofvoetspoor asook ons kostebasis nadelig geraak. Ons het genoeg kragopwekkingskapasiteit in die groep, maar dit is 'n duur bron van elektrisiteit weens die gepaardgaande onderhouds- en bedryfskoste.

Die gebruik van elektrisiteit (bestek 2-uitlatings) het steeds die grootste impak. Die drukkerye is hoofsaaklik in Suid-Afrika, waar steenkool die hoofbron van elektrisiteit is. Hierdie drukkerye meet hul bruto koolstofvoetspoor ten opsigte van bestek 1- en 2-uitlatings volgens die kweekhuisgasprotokol (GHG-protokol), die aanvaarde internasionale standaard vir boekhouding van, en verslagdoening oor, uitlatings. Die GHG-protokol is in 2001 geskep toe die wêreldhulpbroninstituut en die wêreldbesigheidsraad vir volhoubare ontwikkeling die behoefte aan konsekwentheid in organisasies se boekhouding van, en verslagdoening oor, uitlatings geïdentifiseer het.

Elektrisiteit is vir 100% van bestek 2-uitlatings (94% van totale uitlatings) in ons werksaamhede verantwoordelik. 'n Ononderbroke toevoer van gehalte-elektrisiteit is noodsaaklik vir die voortsetting van ons werksaamhede. Om die risiko te verminder, het ons etlike jare gelede kragopwekkers by sleutelpersele geïnstalleer om tydens kragonderbrekings 'n deurlopende toevoer van elektrisiteit te verseker.

Media24 het die afgelope jaar voortgegaan met groen inisiatiewe om sy koolstofvoetspoor tot 117 544 ton CO2e te verminder (2015: 125 021 ton CO2e). Die groep het sy verspreidingspunte gekonsolideer, wat tot 'n laer koolstofvoetspoor gelei het. Elektrisiteitsverbruik by die drukkerye was ook laer as in 2015, as gevolg van beurtkrag. Beurtkrag het 'n toename in bestek 1-uitlatings veroorsaak omdat kragopwekkers gebruik moes word. Drukkerybedrywighede dra 87% by tot die totale koolstofuitlatings van die Media24-groep.

## Ons impak op die omgewing en hoe ons dit hanteer

Media24 se werksaamhede is uiteenlopend en wissel van drukkerye tot e-handelsplatforms. Elke soort onderneming het 'n unieke impak op die omgewing, en elkeen verg sy eie oplossings om die impak te beperk.

Die groep se hoofprodukte is koerante, tydskrifte en boeke. Alle onverkoopte koerante en tydskrifte word herwin. Deur insiggewende artikels in koerante en tydskrifte en op ons digitale platforms word verbruikers ook geleer hoe om hul impak

op die omgewing te verminder. Hoewel Media24 alle ongebruikte papier en onverkoopte produkte herwin, is dit in die maatskappy se kommersiële belang om papier doeltreffend te gebruik en papier wat vir herwinning bestem is, asook onverkoopte produkte, te beperk.

## Drukfasiliteite

Ooreenkomstig sy bedryfsfilosofie gebruik Novus Holdings hoëgehalte-prosesse wat die mins moontlike impak op die omgewing het. Die Novus Holdings-groep is daarop toegespits om 'n skoner en groener kultuur te skep deur bewustheid van omgewingskwessies te verhoog, en streef daarna om die jongste tegnologie by al sy drukkerye in werking te stel. Dit stel Novus Holdings in staat om uitlatings te verminder en sy koolstofvoetspoor op verskeie maniere te verklein.

Novus Holdings is onder die voorste Suid-Afrikaanse maatskappye wat betref die beoordeling, erkenning en verligting van die impak wat sy drukproduksieprosesse op natuurlike hulpbronne het. Die groep het proaktief praktyke en beleide in werking gestel om die uitwerking op die omgewing te verminder en tot dusver meer as R100m belê in omgewingsvolhoubare praktyke wat daarop gemik is om afval te verminder, weer te gebruik en te herwin, en steeds produkte van hoogstaande gehalte te lewer.

As die destydse Paarl Media-groep was Novus Holdings die eerste drukkery-onderneming in Afrika wat die Forest Stewardship Council (FSC) se FSC-C022948-bewaringskettingsertifisering ontvang het. Die groep het ook PEFC-sertifisering (Programme for Endorsement of Forest Certification) vir Paarl Media Cape en Paarl Media Paarl. FSC en PEFC is onafhanklike sertifiserings dat die gedrukte produkte vanaf hul oorsprong tot verantwoordelike, goed bestuurde bosbou, beheerde en herwonne bronne nagespoor kan word.

Klante kan kies uit 'n verskeidenheid internasionale en plaaslike omgewingsvolhoubare papier.

## Internet

Die omgewingsimpak van ons internetondernemings is hoofsaaklik tot die gebruik van elektrisiteit beperk.

## Boetes

Daar was in die afgelope jaar geen omgewings-ongelukke nie en geen omgewingsverwante boetes is deur die regering opgelê nie. Die groep sal voortgaan om sy prosesse vir die bestuur van sy impak op die omgewing te verfyn.







# Pryse





- **Gridwatch** Brons in die kategorie vir mobiele apps by die 2016-IAB SA Bookmarks-pryse
- **New Media** Brons in die kategorie vir spesialisuitgewerwebwerwe, vir VISI-tydskrif, by die 2016-IAB SA Bookmarks-pryse
- **Spree** Brons vir e-handelswebwerwe by die 2016-IAB SA Bookmarks-pryse

- **Beeld** Frewin-trofee by Sikuvile-pryse vir joernalistiek
- **The Witness** McCall-trofee by Sikuvile-pryse vir joernalistiek
- **Rapport** Joel Mervis-trofee by Sikuvile-pryse vir joernalistiek, vier uit agt kategorieë by die ATKV Veertjies en die Taco Kuiper-prys vir ondersoekende joernalistiek by die Sikuvile-pryse vir joernalistiek
- **Daily Sun** Beste koerant by die Sunday Times-pryse vir tophandelsmerke en "coolste" dagblad in die Sunday Times Generation Next-peiling
- **TygerBurger** Beste plaaslike koerant by die MDDA/Sanlam-pryse vir plaaslike media


Zuma is teen die toue, skryf Piet Croucamp – Weekliks
Bruin is 'n politieke voetbal, skryf Rhoda Kadalie – Weekliks
Hanlie gesels met Minki – 11
Rapport
Sel-reuse 'steel' by boere – 9
Saru straf Jurie
... en Rassie loop voor om Bokbreier te word
Eksklusief: Rolene trou met haar Strauss
Maties 'minag nou sy eie taalplan' – 5
Wil jy land-uit? Jou pa-leis koop in Londen 'n pondok! – Sake
R32 miljoen
Kwaliteit en #studentelewe
Dit begin alles hier...
7+ A's = 8
6+ A's = 50
5+ A's = 73
4+ A's = 116
1-3+ A's = 1254

**35**

letterkundepryse ingepalm – die meeste nóg – asook 'n rolprentprys, en vier titels is op die groot skerm uitgereik






# Korporatiewe bestuurstoesig

Die direksie bestuur die sake van die groep met integriteit en deur geskikte praktyke ten opsigte van korporatiewe bestuurstoesig toe te pas.

## Inleiding

Media24 is 'n vooraanstaande mediagroep in Afrika. Dit is 'n filiaal van Naspers Beperk, 'n maatskappy wat op die JSE Beperk se aandelebeurs (JSE) en die Londense aandelebeurs (LSE) genoteer is. Media24 voldoen aan die noteringsvereistes van die JSE, asook wetgewing van toepassing op publieke genoteerde maatskappye in Suid-Afrika (waar van toepassing op 'n filiaal van 'n maatskappy wat op die JSE genoteer is) en die riglyne in die King-kode en verslag oor korporatiewe bestuurstoesig vir Suid-Afrika van 2009 (King III).

Voldoening aan die toepaslike JSE- en LSE-noteringsvereistes word deur die ouditkomitee van die direksie gemonitor. Die direksie se oudit-, risiko-, mensehulpbronne- en vergoedings-, nominasie-, en veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitees speel 'n sleutelrol om goeie korporatiewe bestuurstoesig te verseker. Die groep gebruik onafhanklike eksterne adviseurs om regulatoriese ontwikkelings te monitor sodat bestuur aanbevelings oor sake rakende korporatiewe bestuurstoesig aan die Media24-direksie kan voorlê.

## Toepassing van en benadering tot King III

Die direksie en sy komitees moet toesien dat die beginsels en praktyke soos vervat in King III toegepas en by die bestuurstoesigpraktyke van die maatskappye in die groep ingelyf word.

'n Gedissiplineerde rapporteringstruktuur verseker dat Media24 Beherend se direksie ten volle bewus is van filiale se bedrywighede, risiko's en geleenthede. Alle filiale en beheerde entiteite in die groep moet die beginsels van King III, soos van toepassing op hul ondernemings, onderskryf. Sake- en bestuurstoesigstrukture het duidelike goedkeuringsraamwerke. Media24 se oudit- en risikokomitees monitor nakoming en vordering en doen hieroor aan die Media24-direksie verslag.

Vir 'n oorsig van Media24 se toepassing van King III, klik hier.

## Verklaring oor sake-etiek

Die groep se kode vir sake-etiek en -gedrag is gedurende die jaar hersien en is beskikbaar by **www.media24.com**.

Hierdie kode geld vir alle direkteure en werknemers in die groep. Daar word deurlopend van hulle verwag om toe te sien dat maatskappye in die groep toepaslike prosesse vestig en 'n ondersteunende beleid en prosedures instel. Bestuur fokus op beleide en prosedures wat belangrike etiese risiko's, soos belangebotsings, die aanvaarding van onvanpaste geskenke en onaanvaarbare sakegedrag, dek.

Die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee hou oorkoepelend toesig oor sake-etiek. Die dissiplinêre kodes en prosedures van die verskillende groepmaatskappye word gebruik om nakoming te verseker van die beleide en praktyke wat die oorkoepelende kode vir sake-etiek en -gedrag ondersteun. Onetiese gedrag deur senior personeellede, asook die wyse waarop die betrokke maatskappy se dissiplinêre kode in sodanige gevalle toegepas is, word by hierdie komitee aangemeld.

Media24 is daartoe verbind om sy sake te bedryf op 'n grondslag wat aan die wet voldoen, met integriteit en behoorlike nakoming van etiese sakepraktyke.

Verklikkerfasiliteite is in plek. Dit stel alle werknemers in staat om onetiese gedrag in die werkplek anoniem aan te meld.

## Nakomingsraamwerk

Media24 se regsnakomingsprogram behels die opstel en instandhouding van inventarisse van wesenlike wette en regulasies wat op elke sake-eenheid van toepassing is; die instel van beleid en prosedures op grond van hierdie wette en regulasies; die vestiging van prosesse om nakoming te beheer en daaroor toesig te hou en risiko's te verminder; die monitering van nakoming; die implementering van doeltreffende opleidings- en

bewusmakingsprogramme, en verslagdoening aan die onderskeie direksies en bestuur in die groep oor die doeltreffendheid van die nakomingsaksies.

Media24 se hoofbestuurder van regs- en regulatoriese aangeleenthede is die voorsitter van die regsnakomingskomitee en doen aan die direksie se risikokomitee verslag oor die vordering van die komitee.

## Die direksie

**Samestelling**

Die besonderhede van die direkteure op 31 Maart 2016 word op bladsye 40 en 41 van hierdie verslag uiteengesit.

Media24 het 'n unitêre direksie, wat 'n toesighoudende asook as 'n beherende funksie vervul. Die direksie het 'n reglement wat 'n duidelike verdeling van verantwoordelikhede aandui. Die meeste direksielede is nie-uitvoerende direkteure en staan onafhanklik van bestuur. Om te verseker dat niemand onbeperkte besluitnemingsmag en gesag het nie, is die rolle van die voorsitter en uitvoerende hoof geskei, wat 'n duidelik omskrewe verdeling van verantwoordelikhede verseker.

Op 31 Maart 2016 het die direksie uit sewe onafhanklike nie-uitvoerende direkteure, een nie-uitvoerende direkteur en twee uitvoerende direkteure bestaan. Ses direkteure (60%) het uit voorheen benadeelde groepe gekom en vyf direkteure (50%) was vroue.

## Die voorsitter

Die voorsitter, Rachel Jafta, is 'n onafhanklike, nie-uitvoerende direkteur. Ruda Landman is op 20 November 2015 in die rol van leidende onafhanklike direkteur heraangestel en hanteer alle sake wat nie deur die onafhanklike nie-uitvoerende voorsitter gehanteer word nie.

## Die uitvoerende hoof

Die uitvoerende hoof rapporteer aan die direksie en is verantwoordelik vir die daaglikse sake van die groep en die toepassing van beleid en strategieë wat deur die direksie aanvaar is. Uitvoerende hoofde en hoofbestuurders van die onderskeie ondernemings help haar met hierdie taak. Gesag wat deur die direksie aan bestuur toegesê is, word deur die uitvoerende hoof in ooreenstemming met goedgekeurde gesagsvlakke gedelegeer.

## Oriëntering en ontwikkeling

'n Induksieprogram word aangebied vir nuwe lede van die direksie en sleutelkomitees. Dié program, wat by die spesifieke behoeftes van die aangestelde individue aangepas word, behels bedryf- en maatskappyspesifieke oriëntering en sluit vergaderings met senior bestuur in. Die maatskappysekretaris help die voorsitter met die induksie en oriëntering van direkteure en reël spesifieke opleiding waar nodig.

## Belangebotsings

Potensiële botsings van belange word op toepaslike wyse bestuur om te verseker dat daar geen belangebotsings tussen kandidaat- en bestaande direkteure se verpligtinge teenoor die maatskappy en hul persoonlike belange is nie. Enige belang in kontrakte met die maatskappy moet amptelik openbaar gemaak en gedokumenteer word. Direkteure moet ook Media24 se beleid ten opsigte van die verhandeling van Naspers-, Phuthuma Nathi- en Welkom Yizani-sekuriteite nakom.

## Onafhanklike advies

Individuele direkteure mag, ná oorleg met die voorsitter of die uitvoerende hoof, op die maatskappy se koste onafhanklike professionele advies inwin oor enige saak wat verband hou met die uitvoering van hul pligte as direkteure.

## Direksievergaderings en bywoning

Die direksie vergader minstens vier keer per jaar, asook wanneer bepaalde omstandighede dit vereis. Die uitvoerende komitee skenk aandag aan dringende sake wat nie tot die volgende geskeduleerde direksievergadering kan oorstaan nie. Die direksie het die afgelope finansiële jaar vyf keer vergader. Nie-uitvoerende direkteure vergader minstens een keer per jaar sonder die uitvoerende hoof, die direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie en die voorsitter, om die prestasie van hierdie persone te bespreek. Besonderhede van bywoning van vergaderings verskyn op bladsy 42.

## Evaluering

Die nominasiekomitee voer die jaarlikse evalueringsproses uit. Die prestasie van die direksie en sy komitees, asook die voorsitter van die

direksie, word met verwysing na hul onderskeie mandate ooreenkomstig die direksie se reglement en dié van sy komitees geëvalueer. Die komitees doen selfevaluerings teenoor hul reglemente vir oorweging deur die direksie.

Hierbenewens word die prestasie van elke direkteur met behulp van 'n evalueringsvraelys deur die ander direksielede geëvalueer. Die voorsitter van die nominasiekomitee bespreek die resultate van die evaluering met elke direkteur en kom met hom of haar ooreen oor enige opleidingsbehoeftes of aspekte waaraan die betrokke direkteur aandag moet gee. Indien 'n direkteur se prestasie nie as bevredigend beskou word nie, sal die direksie nie aanbeveel dat hy/sy herkies word nie.

'n Gekonsolideerde opsomming van die evaluering asook enige aksies wat nodig is, word aan die direksie voorgelê en bespreek. Die leidende onafhanklike direkteur lei die bespreking van die voorsitter se prestasie, met verwysing na die resultate van die evalueringsvraelys, en gee terugvoer aan die voorsitter.

Die jaarlikse evaluasieproses het getoon dat die direksie en sy komitees hulle goed van hul taak gekwyt het en hul pligte nagekom het volgens die opdragte in hul reglemente. Daarbenewens is die onafhanklikheid van elke direkteur geëvalueer. Die direksie het bevind dat al het sekere direkteure nege jaar of langer as lede gedien, het almal bewys hulle is onafhanklik wat hul karakter en oordeel betref en daar was geen verhoudings of omstandighede wat moontlik hul onafhanklikheid kon aantas of dit oënskynlik kon beïnvloed nie.

## Direksiekomitees

Hoewel die hele direksie verantwoordelik en aanspreeklik bly vir die prestasie en sake van die maatskappy, delegeer hy sekere funksies aan direksiekomitees en bestuur om die direksie te help om sy pligte behoorlik na te kom. Daar is toepaslike strukture vir hierdie delegering, met gepaardgaande monitering- en rapporteringstelsels.

Elke komitee tree binne ooreengekome skriftelike opdragte op. Die voorsitter van elke komitee doen by elke geskeduleerde direksievergadering verslag. Die voorsitter van elke komitee is 'n nie-uitvoerende direkteur en is verplig om algemene jaarvergaderings by te woon om vrae te beantwoord. Die gevestigde direksiekomitees wat die afgelope finansiële jaar werksaam was, was die oudit-, risiko-, mensehulpbronne- en vergoedings-, nominasie-, en veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitees. Die direksie is tevrede dat die direksiekomitees hul verantwoordelikhede oor die afgelope jaar behoorlik nagekom het. Besonderhede van bywoning van vergaderings verskyn op bladsy 43.

## Interne beheerstelsels

As deel van die oorkoepelende bestuur van risiko, het die groep 'n interne beheerstelsel in alle wesenlike filiale en gesamentlike ondernemings om risiko's te voorkom, identifiseer en verminder. Die groep se interne beheerstelsel is ontwerp om redelike – nie absolute – gerusstelling te gee dat die maatskappydoelwitte bereik word, insluitend die integriteit en betroubaarheid van die finansiële state; om sy bates te beveilig, te verifieer en verantwoordbaarheid daarvan te handhaaf; en om bedrog, potensiële aanspreeklikheid, verlies en wesenlike wanvoorstellings op te spoor, terwyl regulasies nagekom word. Ten opsigte van entiteite waarin Media24 nie 'n beherende belang het nie, probeer die direkteure wat Media24 in daardie direksies verteenwoordig, die versekering kry dat beduidende risiko's bestuur word en dat interne beheerstelsels doeltreffend is.

Alle interne beheerstelsels het egter tekortkomings, insluitend die moontlikheid van menslike foute en die verontagsaming van beheermaatreëls. Selfs die beste interne beheerstelsel gee dus slegs gedeeltelike gerusstelling dat risiko's verlaag sal word. Bestuur hersien gereeld risiko's, asoook die ontwerp en doeltreffendheid van die interne beheerstelsels om hierdie risiko's te hanteer. Hierin word bestuur ondersteun deur werk en verslae voortspruitend uit die interne oudit oor die toereikendheid en operasionele doeltreffendheid van beheermaatreëls, wat geleenthede vir verbetering kan aandui. Die eksterne ouditeur oorweeg elemente van die interne beheerstelsel as deel van sy oudit en meld geïdentifiseerde tekortkomings aan.

Die direksie het die doeltreffendheid van beheermaatreëls vir die jaar geëindig 31 Maart 2016 nagegaan – hoofsaaklik deur 'n proses van selfevaluering van bestuur, wat formele bevestiging by wyse van verklaringsbriewe deur uitvoerende

bestuur ingesluit het. Oorweging is geskenk aan inligting voortspruitend uit die risikobeheerproses, asook verslae van die interne oudit en die eksterne ouditeur. Waar nodig, is programme vir regstellende aksie ingestel. Niks het gedurende die oorsigjaar onder die direksie, eksterne of interne ouditeure se aandag gekom wat dui op enige wesenlike gebreke in die funksionering van interne beheermaatreëls nie.

## Interne oudit

’n Interne ouditfunksie bestaan in die hele groep. Die hoof van interne oudit rapporteer aan die voorsitter van Media24 se ouditkomitee, met administratiewe rapportering aan die direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie. ’n Groot deel van die interne ouditveldwerk word uitgekontrakteer.

## Nie-ouditdienste

Die groep se beleid oor nie-ouditdienste verskaf riglyne vir die hantering van oudit-, ouditverwante, belasting- en ander nie-ouditdienste wat deur Media24 se onafhanklike eksterne ouditeur aan groepentiteite gelewer kan word. Dit spesifiseer ook dienste wat nie deur die onafhanklike eksterne ouditeur gelewer mag word nie.

## IT-bestuurstoesig

Bestuurstoesig oor inligtingstegnologie (IT) is geïntegreer met die werksaamhede van die Media24-ondernemings. Bestuur van elke filiaal en sake-eenheid moet verseker dat doeltreffende IT-bestuurstoesig gehandhaaf word. Die interne ouditfunksie verskaf onafhanklike gerusstelling aan die ouditkomitee dat IT-bestuurstoesig doeltreffend is.

## Maatskappysekretaris

Die maatskappysekretaris, Lurica Klink, moet aan die direksie leiding gee oor die nakoming van hul verantwoordelikhede ingevolge wetgewing en regulatoriese vereistes. Direkteure het onbeperkte toegang tot die advies en dienste van die maatskappysekretaris. Sy speel ’n aktiewe rol in die maatskappy se korporatiewe bestuurstoesigproses en verseker dat die verrigtinge en sake van die direksie, die maatskappy self en, waar toepaslik, aandeelhouers behoorlik in ooreenstemming met relevante wetgewing geadministreer word. Sy is ook die maatskappy se gedelegeerde inligtingsbeampte. Die maatskappysekretaris monitor die verhandeling van Naspers-, Phuthuma Nathi- en Welkom Yizani-aandele deur direkteure en sien toe dat geslote tydperke nagekom word. Sy woon alle direksie- en komiteevergaderings by.

## Aandeelhouers

Die direksie moedig aandeelhouers aan om die algemene jaarvergadering, waarvan die kennisgewing by hierdie geïntegreerde jaarverslag ingesluit is, by te woon. By hierdie geleentheid kan aandeelhouers vrae aan die direksie, bestuur en die voorsitters van die onderskeie direksiekomitees stel.

Die maatskappy se webwerf, **www.media24.com**, verskaf die jongste en historiese finansiële en ander inligting, waaronder finansiële verslae.

# Direksie

Die direksie bestuur die groep se sake met integriteit en deur toepaslike korporatiewe bestuurspraktyke toe te pas.



**Rachel Jafta**

Rachel (55), MEcon en PhD, is 'n professor in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch. Sy het in 2003 as 'n direkteur by Naspers aangesluit en is in 2007 as 'n direkteur van Media24 aangestel. Sy is 'n direkteur van Econex, voorsitter van die Kaapstad Karnavaltrust en 'n lid van die bestuurskomitee van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek aan die Universiteit Stellenbosch. Sy is in April 2013 as voorsitter van die Media24-direksie aangestel.



**Esmaré Weideman**

Esmaré (54) het die kwalifikasies BCom en BJoernalistiekHons (beide cum laude) aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Sy het meer as 25 jaar ervaring as joernalis, politieke beriggewer, nuusredakteur en redakteur by van die land se voorste publikasies. Sy was hoofredakteur van Media24 se vlagskipweekblaaie Huisgenoot, YOU en DRUM voordat sy in 2011 as uitvoerende hoof van Media24 aangestel is. Sy is 'n direkteur van Novus Holdings Beperk.



**Hein Willemse**

Hein (58) het die grade BAHons (cum laude), MA (cum laude), MBL en DLitt verwerf. Hy is tans letterkundeprofessor in die departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria. Hy dien in verskeie nasionale en internasionale vakverenigings en gemeenskapsorganisasies.



**Salie de Swardt**

Salie (72) het die kwalifikasies BAHons en BEcon aan die Universiteit Stellenbosch verwerf en was 'n Nieman-genoot aan Harvard-universiteit. Gedurende sy loopbaan by Naspers was hy finansiële redakteur en redakteur van Beeld. Hy was ook die stigtersredakteur van Finansies & Tegniek (nou FinWeek), uitvoerende hoof van Media24 Tydskrifte en besturende direkteur van Media24 vanaf 2000 tot met sy aftrede in 2005.




**Manie Mayman**

Manie (61) is 'n geoktrooieerde rekenmeester en het die grade BComptRekHons en BComHons (finansiële bestuur) deur Unisa verwerf. Hy is 'n voormalige finansiële direkteur van BP Suider-Afrika Eiendoms Beperk. Hy is in Januarie 2014 aangestel as die Media24-direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie.



MEDIA24



**Jo-Ann Held**

Jo-Ann (35) het die graad BComRegte aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Sy is ’n media-entrepreneur wat onder meer haar eie spitstydtelevisieprogram, Glambition, vervaardig en aangebied het en sy is ’n glansambassadeur vir Unicef. Sy het verskeie ondernemings en is ’n direkteur van Partnership Investments, die Wes-Kaapse Raad van Ubuntu Botho (deel van Sanlam), en dien in die adviesraad van die Universiteit Stellenbosch se sakeskool en die direksie van M&C Saatchi Abel.



**Debra Meyer**

Debra (49) is ’n professor in biochemie en uitvoerende dekaan van die fakulteit natuurwetenskappe aan die Universiteit van Johannesburg. Sy was ’n Fulbright-beurshouer aan die universiteit van Kalifornië, Davis, waar sy ’n PhD-graad in biochemie en molekulêre biologie verwerf het. Sy het modules in mediastrategie en akademiese leierskap by Harvard en GIBS (die Universiteit van Pretoria se sakeskool) voltooi. Sy dien as trustee of raadslid in verskeie organisasies.



**Koos Bekker**

Koos (63) het die span gelei wat die betaaltelevisie-onderneming M-Net/MultiChoice in 1985 gestig het en was ook ’n stigter van MTN. Koos het die MIH-groep in sy internasionale uitbreiding en toetrede tot die internet aangevoer tot in 1997, toe hy uitvoerende hoof van Naspers geword het. Hy het op 31 Maart 2014 as uitvoerende hoof van Naspers afgetree en uit die direksie getree. Op 17 April 2015 is hy weer in Naspers se direksie as nie-uitvoerende voorsitter, as Ton Vosloo se opvolger, aangestel. Sy kwalifikasies sluit BAHons en ’n eredoktorsgraad in handel aan die Universiteit Stellenbosch in, asook LLB (Wits) en MBA aan die Columbia-universiteit in New York.



**Trevor Petersen**

Trevor (60) is ’n geoktrooieerde rekenmeester met meer as 30 jaar ondervinding. Hy het in 1987 die graad BComHons in finansiële bestuur aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Hy was ’n uitvoerende vennoot by PricewaterhouseCoopers Geïnk. en dien tans in die direksies van Mediclinic International PLC, die genoteerde mynmaatskappy Petmin Beperk en ’n aantal ander maatskappye.



**Ruda Landman**

Ruda (62) het ’n BAHons en HOD aan die Universiteit Stellenbosch verwerf en 30 jaar lank as ’n joernalis gewerk – 19 jaar as mede-aanbieder van die M-Net-program Carte Blanche. Sedert 2007 doen sy vryskutwerk in die kommunikasie- en mediabedryf. Sy het in 2011 ’n eredoktorsgraad van die Universiteit Stellenbosch ontvang vir haar werk as joernalis.

## Direkteure en bywoning van vergaderings

| | Eerste datum aangestel in huidige pos | Laaste datum aangestel | Vyf direksie-vergaderings gedurende die jaar gehou. Bywoning: | Kategorie |
|---|---|---|---|---|
| R C C Jafta | 9 Februarie 2007 | 31 Augustus 2015 | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| G M Landman | 14 September 2006 | 31 Augustus 2015 | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| S S de Swardt | 14 September 2006 | 1 September 2014 | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| S J Z Pacak(1) | 1 April 2009 | 1 September 2014 | 1 | Nie-uitvoerend |
| E Weideman | 1 Julie 2011 | 16 September 2011 | 5 | Uitvoerend |
| D Meyer | 1 April 2013 | 31 Augustus 2015 | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| H S S Willemse | 21 November 2013 | 21 November 2013 | 4 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| L N Jonker(2) | 21 November 2013 | 21 November 2013 | 1 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| J C Held | 1 Januarie 2014 | 1 Januarie 2014 | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| A Mayman | 1 Januarie 2014 | 1 Januarie 2014 | 5 | Uitvoerend |
| J P Bekker(3) | 1 April 2015 | 1 April 2015 | 5 | Nie-uitvoerend |
| T D Petersen(4) | 1 Julie 2015 | 1 Julie 2015 | 3 | Onafhanklik nie-uitvoerend |

***Aantekeninge***

*(1) Bedank 30 Junie 2015.*
*(2) Uitgetree 30 Junie 2015.*
*(3) Aangestel 1 April 2015.*
*(4) Aangestel 1 Julie 2015.*

## Komitees en bywoning

| | Uitvoerende komitee | | Mensehulpbronne- en vergoedingskomitee[1] | | Nominasiekomitee[1] | | Veiligheid-, gesondheid- en omgewingskomitee[1] | | Ouditkomitee[1] | | Risikokomitee | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen vergaderings is gedurende die jaar gehou nie. | | Drie vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | | | | Twee vergaderings gedurende die jaar gehou. Bywoning: | | Vier vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | | | |
| R C C Jafta | | | ✓ | 3 | ✓ | 3 | | | | | | |
| G M Landman | | | ✓ | 3 | ✓ | 3 | ✓ | 2 | | | | |
| S S de Swardt | | | | | | | | | ✓ | 4 | ✓ | 4 |
| S J Z Pacak[2] | | | | | | | | | | | ✓ | 1 |
| E Weideman | | | | | | | | | | | ✓ | 4 |
| D Meyer | | | ✓ | 3 | ✓ | 3 | ✓ | 2 | | | | |
| H S S Willemse | | | | | | | ✓ | 2 | | | | |
| L N Jonker[3] | | | | | | | | | ✓ | 1 | ✓ | 1 |
| J C Held | | | | | | | | | ✓ | 4 | ✓ | 4 |
| A Mayman | | | | | | | | | | | ✓ | 4 |
| J P Bekker[4] | | | | | | | | | | | | |
| T D Petersen[5] | | | | | | | | | ✓ | 3 | ✓ | 3 |

***Aantekeninge***

✓ *Lid.*

*[1] Uitvoerende direkteur(e) woon op uitnodiging by.*

*[2] Bedank 30 Junie 2015.*

*[3] Uitgetree 30 Junie 2015.*

*[4] Aangestel 1 April 2015.*

*[5] Aangestel 1 Julie 2015.*

# Vergoedingsverslag

## vir die jaar geëindig 31 Maart 2016

### Mensehulpbronne- en vergoedingskomitee en sy rol

Die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee, onder voorsitterskap van Ruda Landman, bestaan slegs uit onafhanklike nie-uitvoerende direkteure. Nie-uitvoerende direkteure en sekere lede van bestuur woon vergaderings op uitnodiging by, waar gepas. Die komitee het die afgelope finansiële jaar drie keer vergader.

**Die hoofverantwoordelikhede van die mensehulpbronne- en vergoedings-komitee is die volgende:**

- bepaal en keur die groep se algemene vergoedingsbeleid goed. Die beleid moet by elke algemene jaarvergadering voorgelê word vir 'n nie-bindende adviserende stem deur aandeelhouers
- stel 'n jaarlikse vergoedingsverslag op vir insluiting by die maatskappy se geïntegreerde jaarverslag
- hersien en keur jaarliks die vergoedingspakkette van topbestuur goed, insluitend aansporingskemas en verhogings, en verseker dat die pakkette gepas en in ooreenstemming met die vergoedingsbeleid is
- beoordeel jaarliks die uitvoerende hoof se prestasie
- hersien jaarliks die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure in die direksie en sy komitees; voorstelle moet by die direksie aanbeveel word vir finale goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering; en vergoeding moet vooraf deur aandeelhouers goedgekeur word
- kom gedelegeerde verantwoordelikhede na met betrekking tot die Media24-groep se aandeelgebaseerde aansporingsplanne, byvoorbeeld die aanstelling van trustees en nakomingsbeamptes
- keur aanstellings en bevorderings van topbestuur goed
- evalueer voorvalle van onetiese gedrag deur senior bestuurders en die uitvoerende hoof
- hersien jaarliks die maatskappy se kode vir sake-etiek en -gedrag
- hersien jaarliks die komitee se reglement en, indien gepas, doen aanbevelings oor nodige wysigings daaraan vir goedkeuring deur die direksie
- keur wysigings goed aan die Media24-groep se aandeelgebaseerde aansporingsplanne
- doen jaarlikse selfevaluering van die doeltreffendheid van die komitee en doen verslag oor hierdie bevindings aan die direksie, en
- hersien planne ten opsigte van diensbillikheid en vaardigheidsontwikkeling in die werkplek.

### Vergoedingstrategie en -beleid

Media24 se vergoedingstrategie is daarop gemik om bekwame leiers te lok, te motiveer en te behou in sy strewe om volhoubare aandeelhouerswaarde te skep. Ons poog om topprestasie te erken en entrepreneurs, asook die beste skeppende ingenieurs en joernaliste, te lok om die waarde van die groep uit te bou.

Ons vergoedingsbeleid en -praktyke laat strook die vergoeding en aansporings van bestuur en werknemers met die groep se langtermyn-sakestrategie.

**Primêre doelwitte sluit in:**

- om uitnemende prestasie te bevorder
- om werknemers se energie op sleutelsakedoelwitte te rig
- om die doeltreffendste opbrengs op besteding aan werknemers te verkry
- om aan uiteenlopende behoeftes oor verskillende kulture heen te voldoen, en
- om 'n geloofwaardige vergoedingsbeleid te hê.

Media24 volg 'n geïntegreerde benadering tot sy vergoedingstrategie, met 'n gebalanseerde ontwerp waarin beloningskomponente strook met Media24 se strategiese rigting en besigheidspesifieke waardedryfvere.

## Oorsig van vergoeding

Nie-uitvoerende direkteure van Media24 Eiendoms Beperk kry jaarlikse vergoeding in plaas van betaling per vergadering. Dit is ter erkenning van die deurlopende verantwoordelikheid van direkteure vir die doeltreffende beheer van die maatskappy. Hierdie vergoeding word aangevul deur vergoeding vir dienste in die komitees van die direksie. Die voorsitter van die direksie, asook die voorsitters van die komitees, ontvang 'n premie.

Onafhanklike advies word ingewin om die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee te help om direkteure se vergoeding jaarliks te hersien. Hierdie vergoeding is nie aan Media24 se aandeelprys of prestasie gekoppel nie. Nie-uitvoerende direkteure kom nie in aanmerking vir die toekenning van aandele ingevolge die groep se aansporingskemas nie. Die direksie beveel jaarliks vooruit die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure aan vir goedkeuring deur aandeelhouers.

Met die vergoeding van bestuurshoofde streef die groep daarna om die belange van bestuurshoofde met dié van aandeelhouers te laat strook. Die fokus is dus nie primêr op 'n gewaarborgde jaarlikse vergoedingspakket nie, maar eerder op individuele aansporingsplanne wat aan die skep van aandeelhouerswaarde gekoppel is.

Media24 struktureer gewoonlik pakkette op die grondslag van totale koste vir die maatskappy (wat 'n basiese salaris insluit, en moontlik 'n motortoelae, pensioen, mediese fonds en ander opsionele voordele). Hierbenewens kwalifiseer die meeste bestuurshoofde vir individuele en/of spanprestasie-aansporings. Op senior vlak vermy ons standaardpakkette en probeer ons die vergoedingstruktuur aanpas by die behoeftes van die betrokke onderneming.

Vergoedingspakkette word jaarliks hersien en met gerapporteerde syfers vir soortgelyke poste vergelyk om te verseker dat die pakkette billik en vergelykbaar is. Pakkette in die Media24-groep word gestruktureer om ooreenkomstig die mediaan van die mark te wees, maar onder voorbehoud dat dit vir sleuteltalent op beide professionele en bestuursvlak nader aan of in die boonste kwartiel van portuurmaatskappye moet wees. Ons het nie 'n spesifieke groepsbeleid om byvoorbeeld die mediaan te betaal nie. Die meeste bestuurshoofde het 'n jaarlikse kontantbonusskema, mits strategiese en bedryfsdoelwitte behaal word.

### Jaarlikse bonus

Die jaarlikse bonus kan uit 'n veranderlike komponent bestaan wat daarvan afhang of finansiële en bedryfsdoelwitte bereik is, asook vaste bedrae vir die bereiking van spesifieke afsonderlike doelwitte. Daar word jaarliks vooruit op die aansporing vir elke bestuurder ooreengekom. Aansporings berus op teikens wat verifieerbaar is en by die groep se sakeplan, risikobestuursbeleid en strategie inskakel. Indien teikens nie behaal word nie, word geen bonus betaal nie.

### Langtermyn-aansporings

Langtermyn-aansporings is gewoonlik aandeelgebaseerde aansporingskemas ten opsigte van Media24-aandele en/of aandele of aansporingsregte in die onderskeie maatskappye of filiale. Hierdie regte vestig gewoonlik oor 'n tydperk van vyf jaar en moet binne vyf tot tien jaar ná die toekenningsdatum uitgeoefen word. Die aandele/aansporingsregte is nie gratis nie. Die aandele/groeiregte word teen markwaarde op die toekenningsdatum vir die werknemer

aangebied. Werknemers vind dus slegs daarby baat indien hulle, saam met kollegas in daardie eenheid, oor die vestigingstydperk ná die toekenningsdatum bykomende waarde kan skep. Die prestasievoorwaarde is dus om netto nuwe waarde bo die waarde op die uitreikingsdatum te skep. Die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee hersien jaarliks die aandeeltoekennings (op verskillende tye in die jaar). Voorts, indien 'n bepaalde maatskappy in die groep gedurende die jaar persone in diens neem, kan die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee ook besluit om op daardie tydstip toekennings aan die betrokke persone toe te staan. Geen aandele/aansporingsregte word gedurende 'n geslote handelstydperk toegeken nie en die terugdatering van toekennings word verbied. Geen onderwater-aandele/-aansporingsregte sal herprys en outomaties weer toegeken word nie. Riglyne is vir toekennings vasgestel.

Daar is geen outomatiese aanspraak op bonusse of vroeë vestiging van aandeelgebaseerde aansporings indien 'n bestuurder die maatskappy se diens verlaat nie. Daar is 'n maksimum getal aandele/groeiregte wat altesaam en aan enige persoon toegeken kan word vir elke aandeelgebaseerde aansporingskema.

**Dienskontrakte**

Bestuurslui se kontrakte is gewoonlik aan plaaslike diensvoorwaardes onderworpe. Topbestuur en nie-uitvoerende direkteure se kontrakte bevat nie gouevalskerm-klousules nie. Geen kontrak is aan beperkingsbetalings gekoppel nie.

Nie-uitvoerende direkteure is onderworpe aan regulasies by aanstelling en rotasie ingevolge die maatskappy se akte van oprigting en die Maatskappywet.

**Aandeelgebaseerde aansporingskemas**

Die groep het 'n aantal aandeelgebaseerde aansporingskemas. Volledige besonderhede verskyn in die finansiële jaarstate, wat by **www.media24.com** beskikbaar is. Daar is geen verwatering nie, aangesien dit aandeelaansporingsregte is. Daar is 'n bepaalde maksimum getal aandele/aandeelaansporingsregte wat altesaam en aan enige persoon toegeken mag word.

**Uitvoerende direkteure se kontrakte**

Geen uitvoerende direkteur het 'n kennistydperk van meer as een jaar nie. Geen uitvoerende direkteur se dienskontrak sluit voorafbepaalde vergoeding as gevolg van beëindiging in wat meer as een jaar se salaris en voordele beloop nie. Die uitvoerende direkteure het onbepaalde dienskontrakte.

## Nie-uitvoerende direkteure se aanstellingsvoorwaardes

**Aanstellings in die direksie**

Die direksie het 'n beleid aanvaar oor prosedures vir die aanstelling en oriëntering van direkteure. Die nominasiekomitee beoordeel van tyd tot tyd die vaardighede wat deur nie-uitvoerende direkteure in die direksie verteenwoordig word en besluit of hierdie vaardighede aan die maatskappy se behoeftes voldoen. Jaarlikse selfbeoordelings deur die direksie en sy komitees help ook hiermee. Direkteure word genooi om voorstelle te maak om potensiële kandidate te identifiseer. Die lede van die nominasiekomitee, wat almal onafhanklik is, stel geskikte kandidate vir oorweging deur die direksie voor. Die geskiktheid en gepastheid van elke kandidaat word geëvalueer.

**Uittrede en herkiesing van direkteure**

Alle nie-uitvoerende direkteure is elke drie jaar onderhewig aan uittrede en herkiesing deur aandeelhouers. Voorts is alle nie-uitvoerende direkteure in die geval van 'n tussentydse aanstelling onderhewig aan verkiesing deur aandeelhouers, by die eerste gepaste geleentheid. Die name van nie-uitvoerende direkteure wat vir verkiesing of herkiesing voorgelê word, word vergesel van kort biografiese besonderhede om aandeelhouers in staat te stel om 'n ingeligte besluit oor hul verkiesing te neem. Nie-uitvoerende direkteure word nie outomaties weer aangestel nie.

## Direkteursvergoeding

| | Aantekeninge | 31 Maart 2016 R'000 | 2015 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Direkteursvergoeding** | | | |
| Nie-uitvoerende direkteure | | | |
| Vergoeding vir dienste as direkteure | | **4 266** | 4 248 |
| Vergoeding vir dienste as direkteure van filiaalmaatskappye | | **—** | 299 |
| | | **4 266** | 4 547 |
| **Nie-uitvoerende direkteure se vergoeding as direkteure** | | | |
| Direkteursgelde | | **2 791** | 2 825 |
| Komitee- en trusteevergoeding | 1, 2 | **1 475** | 1 423 |
| | | **4 266** | 4 248 |

***Aantekeninge***

*1. Komiteevergoeding sluit gelde in vir die bywoning van vergaderings van die ouditkomitee, risikokomitee, mensehulpbronne- en vergoedingskomitee, nominasiekomitee, veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee, en die uitvoerende komitee van die direksie.*

*2. Trusteevergoeding sluit gelde in vir die bywoning van verskeie trusteevergaderings van die maatskappy se aftreefonds.*

Uitvoerende direkteure en sleutelbestuur se vergoeding het altesaam R60m (2015: R38m) bedra. Dit het bestaan uit salarisse en bonusse van R48m (2015: R36m), nadiensvoordele van R3m (2015: R3m) en 'n aandeelgebaseerde uitgawe van R9m (2015: -R1m).

# Verslag van die ouditkomitee

**vir die jaar geëindig 31 Maart 2016**

Die ouditkomitee lê graag hierdie geïntegreerde jaarverslag voor, soos vereis deur artikel 94 van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr 71 van 2008, soos gewysig (die Wet).

## Verantwoordelikhede van die ouditkomitee

Die ouditkomitee het die formele opdrag, soos deur die direksie aan hom opgedra, as sy reglement aanvaar.

Die ouditkomitee het soos volg die verantwoordelikhede ooreenkomstig sy reglement uitgevoer en ingevolge die Wet nagekom:

- Die tussentydse finansiële state en finansiële jaarstate is nagegaan, met 'n voortspruitende aanbeveling by die direksie om hulle te aanvaar. Tydens sy oorsig het die komitee:
  - toepaslike stappe gedoen om te verseker dat die finansiële jaarstate ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en soos vereis deur die Suid-Afrikaanse Maatskappywet opgestel is
  - interne finansiële beheermaatreëls oorweeg en, waar toepaslik, aanbevelings daaroor gedoen
  - kwelvrae of klagtes met betrekking tot rekeningkundige beleid, interne oudit, die oudit of inhoud van finansiële jaarstate en interne finansiële beheermaatreëls gehanteer, en
  - regsake oorweeg wat 'n beduidende impak op die organisasie se finansiële jaarstate kan hê.
- Die eksterne ouditverslae oor die finansiële jaarstate is nagegaan.
- Die reglement vir interne oudit en die interne ouditplan is goedgekeur.
- Die interne oudit- en risikobestuursverslae is nagegaan en, waar toepaslik, is aanbevelings aan die direksie voorgelê.
- Die doeltreffendheid van risikobestuurs-, beheer- en bestuurstoesigprosesse is geëvalueer.
- Die onafhanklikheid van die eksterne ouditeur is geverifieer, PricewaterhouseCoopers Geïnk. is as die ouditeur vir 2016 genomineer en die aanstelling van Hugo Zeelie as die aangewese ouditeur is aangeteken.
- Die ouditgelde en diensvoorwaardes van die eksterne ouditeur is goedgekeur.
- Die aard en omvang van toelaatbare nie-ouditdienste is bepaal en kontrakvoorwaardes vir die lewering van nie-ouditdienste deur die eksterne ouditeur is goedgekeur.

## Lede van die ouditkomitee en bywoning van vergaderings

Die volgende nie-uitvoerende direkteure was die afgelope jaar lid van die ouditkomitee: Salie de Swardt, Lourens Jonker en Jo-Ann Held. Lourens Jonker het op 30 Junie 2015 uitgetree. Trevor Petersen is met ingang van 1 Julie 2015 as direkteur en lid van die ouditkomitee aangestel.

Die komitee vergader minstens drie keer per jaar ooreenkomstig sy reglement. Vier vergaderings is gedurende die oorsigjaar gehou.

Besonderhede van bywoning verskyn op bladsy 43 van hierdie geïntegreerde jaarverslag. Al die lede tree onafhanklik op soos beskryf in artikel 94 van die Wet.

## Interne oudit

Die ouditkomitee hou toesig oor die groep se finansiële state en verslagdoeningsproses, insluitend die interne beheerstelsel. Die komitee is

| Naam van komiteelid | Kwalifikasies |
|---|---|
| **S S de Swardt** | **BAHons, BEcon en Nieman-genoot (Harvard)** |
| **L N Jonker** | **BScAgric (uitgetree op 30 Junie 2015)** |
| **J C Held** | **BComRegte** |
| **T D Petersen** | **BComHons (finansiële bestuur), GR(SA) (op 1 Julie 2015 aangestel)** |

verantwoordelik om te verseker dat die groep se interne ouditfunksie onafhanklik is en die nodige hulpbronne, status en gesag in die organisasie het om sy pligte te kan nakom. Voorts hou die ouditkomitee toesig oor samewerking tussen die interne en eksterne ouditeure, en dien as 'n skakel tussen die direksie en hierdie funksies.

## Bywoning

In hul rol as ouditeure vir die groep het die interne en eksterne ouditeure al die vergaderings van die ouditkomitee bygewoon en daarby verslag gedoen. Die groep se risikobestuursfunksie was ook verteenwoordig. Sekere direkteure en betrokke senior bestuurders het vergaderings op uitnodiging bygewoon.

## Vertroulike vergaderings

Agendas van die ouditkomitee maak voorsiening vir vertroulike vergaderings tussen komiteelede en die interne en eksterne ouditeure.

## Onafhanklikheid van eksterne ouditeur

Tydens die oorsigjaar het die ouditkomitee 'n verklaring deur die eksterne ouditeur nagegaan en, ná sy eie evaluering, die onafhanklikheid van die ouditeur bevestig.

## Kundigheid en ervaring van die direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie

Die ouditkomitee het hom daarvan vergewis dat die direkteur wat vir die finansiële funksie verantwoordelik is, oor die toepaslike kundigheid en ervaring beskik. Verder het die komitee hom daarvan vergewis dat die samestelling, ervaring en vaardighede van die finansiële funksie aan die groep se vereistes voldoen.

## Nakoming van verantwoordelikhede

Die komitee het bepaal dat hy gedurende die finansiële jaar alle regs- en ander verantwoordelikhede ooreenkomstig die opdrag in sy reglement, waarvan besonderhede op bladsy 48 van hierdie geïntegreerde jaarverslag uiteengesit is, nagekom het. Die direksie het dit onderskryf.

**S S de Swardt**
*Voorsitter: Ouditkomitee*
17 Junie 2016

# Administratiewe en korporatiewe inligting

## Media24 Beherend Eiendoms Beperk

**Registrasienommer**
2006/021408/07

## Maatskappysekretaris

**Lurica Klink**
MultiChoice City, Bram Fischerrylaan 144,
Randburg 2194
(Posbus 1502, Randburg 2125)

## Geregistreerde kantoor

Heerengracht 40, Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

## Medeprokureurs en belastingadviseurs

**Webber Wentzel Bowens**
Frickerweg 10, Illovo Boulevard,
Johannesburg 2196
(Posbus 61771, Marshalltown 2107)

## Medeprokureurs

**Werksmans Geïnk.**
Vlak 1, Silo-plein 5, V&A Waterfront,
Kaapstad 8001
(Posbus 1471, Kaapstad 8000)

## Onafhanklike ouditeur

**PricewaterhouseCoopers Geïnk.**
Silo-plein 5, V&A Waterfront,
Kaapstad 8001
(Posbus 2799, Kaapstad 8000)

## Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk

**Registrasienommer**
2006/021434/06

## Maatskappysekretaris

**Lurica Klink**
MultiChoice City, Bram Fischerrylaan 144,
Randburg 2194
(Posbus 1502, Randburg 2125)

## Geregistreerde kantoor

Heerengracht 40, Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

## Hulpkantoor vir aandeleverhandeling

**Equity Express, 'n afdeling van**
**Singular Systems Eiendoms Beperk**
(Registrasienommer: 2002/001492/07)
Corlettrylaan 71, Birnam 2196
(Posbus 1266, Bramley 2018)

## Oordragsekretaris


**Equity Express, 'n afdeling van**
**Singular Systems Eiendoms Beperk**
(Registrasienommer: 2002/001492/07)
Corlettrylaan 71, Birnam 2196
(Posbus 1266, Bramley 2018)

## Onafhanklike ouditeur

**PricewaterhouseCoopers Geïnk.**
Silo-plein 5, V&A Waterfront,
Kaapstad 8001
(Posbus 2799, Kaapstad 8000)

**Oproepsentrum 0860 12 12 24**
**www.media24.com // www.welkomyizani.co.za**

# Opgesomde finansiële jaarstate




MEDIA24

# MEDIA24 Opgesomde finansiële jaarstate

## Opgesomde gekonsolideerde state van finansiële posisie
op 31 Maart

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| Bates | | | | |
| Nie-bedryfsbates | **3 362 231** | 3 434 918 | **3 503 772** | 6 045 689 |
| Bedryfsbates | **2 608 012** | 2 669 439 | **—** | — |
| **Totale bates** | **5 970 243** | 6 104 357 | **3 503 772** | 6 045 689 |
| Ekwiteit | | | | |
| Totale aandeelhoudersbelang | **1 896 102** | 2 201 549 | **3 052 331** | 5 802 331 |
| Minderheidsbelang | **1 294 892** | 1 222 375 | **—** | — |
| **Totale ekwiteit** | **3 190 994** | 3 423 924 | **3 052 331** | 5 802 331 |
| Verpligtinge | | | | |
| Nie-bedryfslaste | **535 385** | 608 080 | **—** | — |
| Bedryfslaste | **2 243 864** | 2 072 353 | **451 441** | 243 358 |
| **Totale ekwiteit en verpligtinge** | **5 970 243** | 6 104 357 | **3 503 772** | 6 045 689 |

## Opgesomde gekonsolideerde inkomstestate
vir die jaar geëindig 31 Maart

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| **Omset** | **8 116 216** | 8 249 950 | **—** | — |
| Uitgawes | **(7 832 402)** | (8 126 805) | **(2 750 000)** | — |
| Dividende ontvang | **—** | — | **244 804** | 144 804 |
| **Bedryfswins/(-verlies)** | **283 814** | 123 145 | **(2 505 196)** | 144 804 |
| Netto finansieringskoste | **(15 094)** | (140 973) | **—** | — |
| Belang in ekwiteitsresultate | **20 535** | 27 463 | **—** | — |
| Wins/(Verlies) met verkoop van beleggings | **33 738** | (6) | **—** | — |
| **Wins/(Verlies) voor belasting** | **322 993** | 9 629 | **(2 505 196)** | 144 804 |
| Belasting | **(220 343)** | (128 274) | **—** | — |
| **Netto wins/(verlies) vir die jaar** | **102 650** | (118 645) | **(2 505 196)** | 144 804 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Aandeelhouers van die groep | **(79 660)** | (162 921) | **(2 505 196)** | 144 804 |
| Minderheidsbelang | **182 310** | 44 276 | **—** | — |
| | **102 650** | (118 645) | **(2 505 196)** | 144 804 |

# Opgesomde gekonsolideerde state van kontantvloei

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **653 723** | 434 951 | **244 804** | 144 804 |
| Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite | **(331 098)** | (476 883) | **—** | — |
| Kontantvloei (aangewend in)/uit finansieringsaktiwiteite | **(295 529)** | 968 001 | **(244 804)** | (144 804) |
| **Netto toename in kontant en kontantekwivalente** | **27 096** | 926 069 | **—** | — |
| Valuta-omrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente | **883** | 566 | **—** | — |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar | **491 220** | (435 415) | **—** | — |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar** | **519 199** | 491 220 | **—** | — |

# Rekonsiliasie van bedryfswins na handelswins

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| **Bedryfswins/(-verlies)** | **283 814** | 123 145 | **(2 505 196)** | 144 804 |
| Amortisasie van ontasbasbare bates | **11 285** | 8 578 | **—** | — |
| Ander verliese | **70 234** | 115 429 | **—** | — |
| Aandeelgebaseerde vergoedingsuitgawe – ekwiteit | **34 802** | — | **—** | — |
| **Handelswins/(-verlies)** | **400 135** | 247 152 | **(2 505 196)** | 144 804 |

# Direksie se verantwoordelikheidsverklaring

vir die jaar geëindig 31 Maart 2016

Die opgesomde finansiële jaarstate van die groep is die verantwoordelikheid van die direkteure van Media24 Beherend Eiendoms Beperk. In die nakoming van hierdie verantwoordelikheid steun hulle op die bestuur van die groep om die finansiële jaarstate in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr 71 van 2008 op te stel. As sodanig sluit die opgesomde finansiële jaarstate bedrae in wat op beoordelings en ramings deur bestuur berus. Dié inligting is volledig en op 'n verantwoordelike wyse weergegee.

Die direkteure aanvaar verantwoordelikheid vir die opstel, integriteit en redelike voorstelling van die opgesomde finansiële jaarstate, en is van mening dat die stelsels en interne finansiële beheermaatreëls wat deur bestuur ingestel is, doeltreffend is.

Op grond van ramings en beskikbare kontantbronne is die direkteure van oordeel dat die maatskappy en groep genoeg bronne het om binne die afsienbare toekoms sy bedrywighede as 'n lopende saak voort te sit. Die lewensvatbaarheid van die maatskappy en die groep word deur die finansiële jaarstate ondersteun.

Die groep- finansiële jaarstate waaruit die opgesomde finansiële jaarstate afgelei is, is geoudit deur PricewaterhouseCoopers Geïnk., aan wie onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data verleen is, insluitend notules van alle vergaderings van aandeelhouers, die direksie en komitees van die direksie. Die direkteure is van mening dat alle bestuursverklarings wat tydens die oudit aan die onafhanklike ouditeur gerig is, geldig en toepaslik was. PricewaterhouseCoopers Geïnk. se ouditverslag verskyn op bladsy 55.

Die opgesomde finansiële jaarstate is op 17 Junie 2016 deur die direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

**R C C Jafta**
*Voorsitter*
17 Junie 2016

**E Weideman**
*Uitvoerende hoof*

# Verslag van die onafhanklike ouditeur oor die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële jaarstate

## AAN DIE AANDEELHOUERS VAN MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK

Die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state, wat bestaan uit die opgesomde verkorte gekonsolideerde en enkel state van finansiële posisie soos op 31 Maart 2016, die opgesomde gekonsolideerde en enkel inkomstestate, en die opgesomde gekonsolideerde en enkel state van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, is opgestel uit die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2016. Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek oor die gekonsolideerde en enkel finansiële state in ons verslag van 17 Junie 2016. Ons ouditverslag oor die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state bevat 'n paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" (sien hieronder).

Die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state bevat nie alle openbaarmakings wat deur die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet met betrekking tot finansiële jaarstate vereis word nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state kan dus nie as 'n vervanging van die lees van die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk beskou word nie.

## Direkteure se verantwoordelikheid vir die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel van 'n opsomming van die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state ooreenkomstig die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet soos van toepassing op opgesomde finansiële state, en vir sodanige interne beheer wat die direkteure nodig ag vir die opstel van finansiële state.

## Ouditeur se verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n mening oor die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state uit te spreek op grond van ons prosedures, wat ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaard (ISA) 810 "Aanstellings om oor Opgesomde Finansiële State verslag te doen", uitgevoer is.

## Mening

Na ons mening is die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state in alle wesenlike opsigte in ooreenstemming met die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2016, waaruit dit opgestel is, ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

## Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word

Die paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" in ons ouditverslag van 17 Junie 2016 verklaar dat ons, as deel van ons oudit van die gekonsolideerde en enkel finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2016, die direkteursverslag en die ouditkomitee se verslag gelees het om te bepaal of daar wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state bestaan. Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die betrokke opstellers. Die paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" verklaar dat ons, op grond van die lees van hierdie verslae, nie wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state geïdentifiseer het nie. Die paragraaf verklaar verder dat ons nie hierdie verslae geoudit het nie, en dus nie 'n mening oor hierdie verslae uitspreek nie. Die paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" het nie 'n uitwerking op die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state of ons mening daaroor nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.

**PricewaterhouseCoopers Geïnk.**
**Direkteur: H Zeelie**
*Geregistreerde ouditeur*
Kaapstad
17 Junie 2016

# Direkteure se verantwoordelikheidsverklaring

vir die jaar geëindig 31 Maart 2016

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel, integriteit en die redelike voorstelling van die finansiële jaarstate, asook die groep finansiële jaarstate van Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk. Die groep se finansiële jaarstate soos uiteengesit op bladsye 61 tot 79 is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, en sluit bedrae in wat op beoordelings en ramings deur bestuur berus.

Die direkteure is van mening dat, met die opstel van die groep se finansiële jaarstate, die mees geskikte rekeningkundige beleid, konsekwent toegepas en gerugsteun deur redelike en omsigtige beoordelings en ramings, gebruik is en dat alle toepaslike Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde nagevolg is. Die finansiële jaarstate is 'n redelike voorstelling van die resultate van bedrywighede vir die jaar en die finansiële posisie van die groep en maatskappy teen jaareinde ooreenkomstig IFRS. Die finansiële state word deur Affrin Janjikar, 'n geoktrooieerde rekenmeester (SA), opgestel onder toesig van Alwaan Sharief, 'n geoktrooieerde rekenmeester (SA), in laasgenoemde se hoedanigheid as finansiële hoof: Korporatiewe Dienste, Media24 Eiendoms Beperk.

Die direkteure het die verantwoordelikheid om toe te sien dat rekeningkundige rekords bygehou word. Die rekeningkundige rekords moet, met redelike akkuraatheid, die finansiële posisie en resultate van die maatskappy weergee ten einde die direkteure in staat te stel om te verseker dat die finansiële state aan die relevante wetgewing voldoen.

Die maatskappy word bedryf in 'n omgewing van gevestigde beheer, wat gedokumenteer is en gereeld nagegaan word. Dit sluit risikobestuur en interne beheerprosedures in wat ontwerp is om redelike, maar nie absolute, gerusstelling te gee dat bates beskerm word en dat die risiko's waaraan die besigheid blootgestel is, beheer word. Niks het onder die direkteure se aandag gekom wat aandui dat daar gedurende die oorsigtydperk 'n wesenlike verbrokkeling in die funksionering van hierdie beheermaatreëls, prosedures en stelsels was nie.

Die lopendesaak-beginsel is toegepas in die voorbereiding van die finansiële jaarstate. Op grond van ramings en beskikbare kontantbronne het die direkteure geen rede om te glo dat die groep en maatskappy nie binne die afsienbare toekoms lopende sake sal wees nie. Die lewensvatbaarheid van die groep en maatskappy word deur hierdie finansiële jaarstate ondersteun.

Die finansiële jaarstate is geoudit deur die onafhanklike ouditeursfirma PricewaterhouseCoopers Geïnk., aan wie onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data, insluitend notules van alle vergaderings van aandeelhouers, die direksie en komitees van die direksie, verleen is. Die direkteure is van mening dat alle bestuursverklarings wat tydens die oudit aan die onafhanklike ouditeur gerig is, geldig en toepaslik was.

PricewaterhouseCoopers Geïnk. se ouditverslag verskyn op bladsy 58.

Die finansiële jaarstate is deur die direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

**R C C Jafta**
*Voorsitter*
17 Junie 2016

**P O Goldhawk**
*Direkteur*

# Sertifikaat deur die maatskappysekretaris

vir die jaar geëindig 31 Maart 2016

Ingevolge artikel 88(2)(e) van die Maatskappywet Nr 71 van 2008, bevestig ek, Lurica Jineanne Klink, in my hoedanigheid as maatskappysekretaris van Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk, dat die maatskappy vir die oorsigtydperk alle opgawes en kennisgewings wat van 'n publieke maatskappy vereis word, by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ingedien het en dat sodanige verslae en kennisgewings, na my beste kennis en wete, waar, korrek en bygewerk is. Die finansiële jaarstate is opgestel ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet.

**L J Klink**
*Maatskappysekretaris*
17 Junie 2016

# Verslag van die onafhanklike ouditeur

aan die aandeelhouers van Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk

Ons het die groep- en afsonderlike finansiële jaarstate van Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk, soos uiteengesit op bladsy 61 tot 79, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2016, die state van omvattende inkomste en veranderings in ekwiteit en die kontantvloeistaat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat uit 'n opsomming van die hoof- rekeningkundige beleid en ander verklarende inligting bestaan.

## Direkteure se verantwoordelikheid vir die finansiële jaarstate

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van die groep- en afsonderlike finansiële state moontlik te maak wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

## Ouditeur se verantwoordelikheid

Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie groep- en afsonderlike finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons aan etiese vereistes voldoen en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels dat sekere prosedures uitgevoer word om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state. Die gekose prosedures hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordelings oorweeg die ouditeur interne beheermaatreëls met betrekking tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne beheermaatreëls uit te spreek nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering in van die toepaslikheid van die rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die direkteure gedoen is, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons is van oordeel dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

## Mening

Na ons mening is die groep- en afsonderlike finansiële state in alle wesenlike opsigte 'n redelike voorstelling van die groep- en afsonderlike finansiële stand van Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk soos op 31 Maart 2016, en van sy groep- en afsonderlike finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet.

## Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word

As deel van ons oudit van die groep- en afsonderlike finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2016, het ons die direkteursverslag, die ouditkomitee se verslag en die sertifikaat van die maatskappysekretaris deurgelees om te bepaal of daar wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde finansiële state bestaan. Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die betrokke opstellers. Gebaseer op die deurlees van hierdie verslae het ons nie wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde groep- en afsonderlike finansiële state geïdentifiseer nie. Ons het egter nie hierdie verslae geoudit nie, en spreek dienooreenkomstig nie 'n mening oor hierdie verslae uit nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.

**PricewaterhouseCoopers Geïnk.**
**Direkteur: V Harri**
*Geregistreerde ouditeur*
Kaapstad
17 Junie 2016

# Verslag van die ouditkomitee

vir die jaar geëindig 31 Maart 2016

Aangesien die maatskappy se enigste bate 'n belegging in Media24 Beherend Eiendoms Beperk is, ag die direksie dit gepas dat al die lede van die direksie aangestel word as lede van die ouditkomitee. Die ouditkomitee lê graag hierdie verslag voor, soos vereis deur artikel 94(7)(a) van die Maatskappywet (die Wet).

## Verantwoordelikhede van die ouditkomitee

Die ouditkomitee het sy verantwoordelikhede ingevolge die Wet soos volg uitgevoer:

- Die finansiële jaarstate is nagegaan, met 'n voortspruitende aanbeveling by die direksie om hulle te aanvaar. Tydens sy oorsig het die komitee:
    - toepaslike stappe gedoen om te verseker dat die finansiële jaarstate opgestel word ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en soos die Wet vereis
    - interne finansiële beheermaatreëls oorweeg en, waar gepas, aanbevelings daaroor gedoen
    - kwelvrae of klagtes met betrekking tot die rekeningkundige beleid, interne oudit, die oudit of inhoud van finansiële jaarstate en interne finansiële beheermaatreëls gehanteer, en
    - regsake oorweeg wat 'n beduidende impak op die organisasie se finansiële state kan hê.
- Die eksterne ouditverslae oor die finansiële jaarstate is nagegaan.
- Die onafhanklikheid van die eksterne ouditeur is geverifieer, PricewaterhouseCoopers Geïnk. is as die ouditeur vir 2016/2017 genomineer en die aanstelling van Viresh Harri as die aangewese ouditeur is aangeteken.
- Die ouditgelde en aanstellingsvoorwaardes van die eksterne ouditeur is goedgekeur.
- Geen nie-ouditdienste is deur die eksterne ouditeur gelewer nie.

## Lede van die ouditkomitee

Die ouditkomitee bestaan uit die nie-uitvoerende direkteure van die maatskappy. Al die lede tree onafhanklik op soos beskryf in artikel 94 van die Wet.

## Bywoning

In sy rol as ouditeur van die maatskappy, het die eksterne ouditeur die vergadering van die ouditkomitee bygewoon en daaroor verslag gelewer.

## Onafhanklikheid van eksterne ouditeur

Gedurende die oorsigjaar het die direksie en ouditkomitee sy eie evaluering gedoen en die onafhanklikheid van die eksterne ouditeur bevestig.

Namens die ouditkomitee van die direksie



**R C C Jafta**
*Voorsitter: Ouditkomitee*
17 Junie 2016

# Direkteursverslag

vir die jaar geëindig 31 Maart 2016

## Aard van sakebedrywighede

Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk is op 10 Julie 2006 ingevolge die wette van die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer. Die hoofbedrywighede van Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk is:

a) die hou van slegs Media24 Beherend Eiendoms Beperk- gewone aandele, kontant en ander bates wat ontvang of verkry word uitsluitlik as gevolg van, of met betrekking tot, die hou van Media24 Beherend Eiendoms Beperk- gewone aandele
b) die ontvangs en uitkering van dividende en ander uitkerings ingevolge sy aandeelhouding in Media24 Beherend Eiendoms Beperk, en
c) die verskaffing van 'n platform vir toonbankverhandeling van aandele in Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk met ingang van 9 Desember 2013. Die Raad op Finansiële Dienste het aan Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk 'n verlenging van sy vrystelling tot 31 Augustus 2016 vir die toonbankverhandeling van sy aandele toegestaan.

## Bedryfs- en finansiële oorsig

Die finansiële resultate van die groep en maatskappy is uiteengesit op bladsye 61 tot 79.

## Aandelekapitaal

Sien aantekening 6 vir besonderhede van die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal.

## Dividende

Die direksie beveel aan dat 'n dividend van 40 sent per gewone aandeel verklaar word, maar dat geen dividend per voorkeuraandeel verklaar word nie (2015: 29,4 sent per gewone aandeel en 46,6 sent per voorkeuraandeel). Geen spesiale dividende word aanbeveel nie (2015: 'n eenmalige spesiale dividend van 20,5 sent per gewone aandeel en 32,2 sent per voorkeuraandeel). By oorweging van die aanbeveling om dividende te betaal, het die direksie die finansiële stand van die maatskappy en die betaling van die dividend onderhewig aan die suksesvolle toepassing van die solvensie- en likiditeitstoets soos uiteengesit in artikel 4 van die Maatskappywet van 2008 in ag geneem. Die dividend sal by die algemene jaarvergadering (AJV) van 29 Augustus 2016 voorgelê word, by wyse van 'n gewone besluit wat onderworpe is aan goedkeuring van die aandeelhouers.

## Direkteure, maatskappysekretaris en ouditeur

Die direkteure van die maatskappy word hieronder aangedui. Me LJ Klink is die maatskappysekretaris. Die straat- en posadres van die maatskappysekretaris en dié van die maatskappy word op bladsy 50 aangedui.

| Naam | Datum aangestel | Kategorie |
|---|---|---|
| R C C Jafta | 28 November 2012 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| P O Goldhawk | 22 Junie 2007 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| A H Adhikari | 14 Oktober 2010 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| J C Held | 2 September 2014 | Onafhanklik nie-uitvoerend |

PricewaterhouseCoopers Geïnk. is ingevolge artikel 90(6) van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet van 2008 as ouditeur aangestel.

## Latere gebeurtenis

Op 10 Mei 2016 het die direksie die aflossing van 4 440 049 Naspers-voorkeuraandele teen 'n voorkeur-aflosprys van R54 752 goedgekeur. Van die oorblywende voorkeuraandeelpremie en opgelope voorkeuraandeeldividende sal afstand gedoen word volgens die ooreenkoms met Naspers se direksie.

## Lopende saak

Die finansiële jaarstate is opgestel op die rekeningkundige beleidsgrondslag van toepassing op 'n lopende saak. Hierdie grondslag veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige werksaamhede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van verpligtinge, onvoorsiene verpligtinge en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Onderteken namens die direksie

**R C C Jafta**
*Voorsitter*
17 Junie 2016

# State van finansiële posisie

op 31 Maart

| | | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|---|
| Bates | Aantekeninge | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| **Nie-bedryfsbates** | | **525 565** | 641 848 | **525 565** | 603 709 |
| Belegging in geassosieerde maatskappy | 3 | **525 565** | 641 848 | **525 565** | 603 709 |
| **Bedryfsbates** | | **10 309** | 8 789 | **10 309** | 8 789 |
| Ander debiteure | 5 | **308** | 369 | **308** | 369 |
| Kontant en kontantekwivalente | 11 | **10 001** | 8 420 | **10 001** | 8 420 |
| **Totale bates** | | **535 874** | 650 637 | **535 874** | 612 498 |
| Ekwiteit en verpligtinge | | | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | | **477 226** | 208 563 | **477 226** | 170 424 |
| Aandelekapitaal en -premie | 6 | **146 022** | 146 022 | **146 022** | 146 022 |
| Ander reserwes | | **188 337** | 185 484 | — | — |
| Opgelope wins/(verlies) | | **142 867** | (122 943) | **331 204** | 24 402 |
| **Nie-bedryfslaste** | | — | 373 000 | — | 373 000 |
| Langtermynverpligtinge | 7 | — | 373 000 | — | 373 000 |
| **Bedryfslaste** | | **58 648** | 69 074 | **58 648** | 69 074 |
| Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge | 7 | **51 535** | 63 287 | **51 535** | 63 287 |
| Bedrae betaalbaar | 8 | **1 926** | 1 954 | **1 926** | 1 954 |
| Aandeelhouers vir dividend | | **5 125** | 3 833 | **5 125** | 3 833 |
| Belasting | | **62** | — | **62** | — |
| **Totale ekwiteit en verpligtinge** | | **535 874** | 650 637 | **535 874** | 612 498 |
| Netto batewaarde per aandeel | 13 | **R32,69** | R14,29 | **R32,69** | R11,67 |

# State van omvattende inkomste

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Aan-tekeninge | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| **Aandeel van netto verlies van geassosieerde maatskappy** | 3 | **(33 264)** | (45 753) | **—** | — |
| Beleggingsinkomste – dividende ontvang | | **—** | — | **36 721** | 21 721 |
| Administrasiekoste | 9.1 | **(91)** | (83) | **(91)** | (83) |
| Waardedaling van belegging in geassosieerde maatskappy | 3 | **(49 151)** | — | **(78 144)** | — |
| Ander inkomste | 9.2 | **382 432** | 497 | **382 432** | 497 |
| Netto finansieringskoste | 10 | **(26 750)** | (25 339) | **(26 750)** | (25 339) |
| **Wins/(Verlies) voor belasting** | | **273 176** | (70 678) | **314 168** | (3 204) |
| **Belasting** | 12 | **(81)** | — | **(81)** | — |
| **Netto wins/(verlies) vir die jaar** | | **273 095** | (70 678) | **314 087** | (3 204) |
| Wins/Verlies toeskryfbaar aan: Eienaars van die moedermaatskappy | | **273 095** | (70 678) | **314 087** | (3 204) |
| **Basiese verdienste/(verlies) per aandeel** | 13 | **R18,90** | (R0,28) | **R21,51** | (R0,22) |
| **Wesensverdienste/(-verlies) per aandeel** | 13 | **(R3,93)** | (R0,28) | **R0,67** | (R0,22) |
| Netto wins/(verlies) vir die jaar | | **273 095** | (70 678) | **314 087** | (3 204) |
| **Ander omvattende inkomste** | | | | | |
| Aandeel van veranderings in geassosieerde maatskappy se ander omvattende inkomste | 3 | **2 853** | 66 650 | **—** | — |
| **Totale omvattende inkomste/(verlies) vir die jaar** | | **275 948** | (4 028) | **314 087** | (3 204) |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | | |
| Eienaars van die moedermaatskappy | | **275 948** | (4 028) | **314 087** | (3 204) |

# State van veranderings in ekwiteit

vir die jaar geëindig 31 Maart

| Groep | Verklaarde kapitaal R'000 | Ander reserwes R'000 | Opgelope wins/ (verlies) R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 1 April 2014** | 146 022 | 118 834 | (47 904) | 216 952 |
| Totale omvattende inkomste vir die jaar | — | 66 650 | (70 678) | (4 028) |
| Netto verlies | — | — | (70 678) | (70 678) |
| Ander omvattende inkomste | — | 66 650 | — | 66 650 |
| Uitkering aan eienaars van die maatskappy | | | | |
| Dividende betaal | — | — | (4 361) | (4 361) |
| **Saldo op 31 Maart 2015** | 146 022 | 185 484 | (122 943) | 208 563 |
| **Saldo op 1 April 2015** | **146 022** | **185 484** | **(122 943)** | **208 563** |
| Totale omvattende inkomste vir die jaar | **—** | **2 853** | **273 095** | **275 948** |
| Netto wins | **—** | **—** | **273 095** | **273 095** |
| Ander omvattende inkomste | **—** | **2 853** | **—** | **2 853** |
| Uitkering aan eienaars van die maatskappy | | | | |
| Dividende betaal | **—** | **—** | **(7 285)** | **(7 285)** |
| **Saldo op 31 Maart 2016** | **146 022** | **188 337** | **142 867** | **477 226** |

| Maatskappy | Verklaarde kapitaal R'000 | Ander reserwes R'000 | Opgelope wins/ (verlies) R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 1 April 2014** | 146 022 | — | 31 967 | 177 989 |
| Verlies vir die jaar | — | — | (3 204) | (3 204) |
| Uitkering aan eienaars van die maatskappy | | | | |
| Dividende betaal | — | — | (4 361) | (4 361) |
| **Saldo op 31 Maart 2015** | 146 022 | — | 24 402 | 170 424 |
| **Saldo op 1 April 2015** | **146 022** | **—** | **24 402** | **170 424** |
| Wins vir die jaar | **—** | **—** | **314 087** | **314 087** |
| Uitkering aan eienaars van die maatskappy | | | | |
| Dividende betaal | **—** | **—** | **(7 285)** | **(7 285)** |
| **Saldo op 31 Maart 2016** | **146 022** | **—** | **331 204** | **477 226** |

# State van kontantvloei

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Aan-tekening | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | **38 292** | 22 138 | **38 292** | 22 138 |
| Kontant gegenereer deur bedrywighede | 14 | **1 234** | 105 | **1 234** | 105 |
| Rente betaal | | **(62)** | (64) | **(62)** | (64) |
| Rente ontvang | | **418** | 376 | **418** | 376 |
| Dividende ontvang | | **36 721** | 21 721 | **36 721** | 21 721 |
| Belasting betaal | | **(19)** | — | **(19)** | — |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | **(36 711)** | (22 146) | **(36 711)** | (22 146) |
| Dividende betaal | | **(7 285)** | (4 765) | **(7 285)** | (4 765) |
| Voorkeurdividende betaal | | **(29 393)** | (17 381) | **(29 393)** | (17 381) |
| Voorkeuraandele afgelos | | **(33)** | — | **(33)** | — |
| **Verandering in kontant en kontantekwivalente vir die jaar** | | **1 581** | (8) | **1 581** | (8) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | | **8 420** | 8 428 | **8 420** | 8 428 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | | **10 001** | 8 420 | **10 001** | 8 420 |

## 1. Opsomming van hoof-rekeningkundige beleid

Die finansiële jaarstate word aangebied in ooreenstemming met, en voldoen aan, Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en die Internasionale Finansiële Verslagdoenings- en Interpretasiekomitee (IFRIC) se interpretasies wat uitgereik en van krag was ten tyde van die opstel van hierdie finansiële jaarstate. Die finansiële jaarstate word op die historiesekoste-grondslag opgestel.

Die opstel van die finansiële jaarstate in ooreenstemming met IFRS vereis die gebruik van sekere kritieke rekeningkundige ramings. Dit vereis ook dat bestuur hul oordeel gebruik met die toepassing van die groep se rekeningkundige beleid. Hierdie ramings en aannames raak die gerapporteerde bedrae van bates, laste en voorwaardelike verpligtinge op die datum van die staat van finansiële posisie, asook die gerapporteerde inkomste en uitgawes vir die jaar. Hoewel ramings op bestuur se beste kennis en oordeel van geldende feite op die datum van die staat van finansiële posisie berus, kan die werklike resultate uiteindelik wesenlik van hierdie aannames verskil.

Sien aantekening 2, asook die individuele aantekeninge vir meer inligting oor ramings, aannames en oordele wat gebruik is.

### 1.1 Belegging in geassosieerde maatskappy

Die maatskappy dra die beleggings in die geassosieerde maatskappy teen koste en die beleggings word afgeskryf slegs wanneer daar 'n waardedaling is. Dividende sal in berekening gebring word wanneer hulle verklaar word. Wanneer 'n geassosieerde maatskappy van die hand gesit word, word die verskil tussen die netto opbrengs en die drabedrag gedebiteer teen of gekrediteer in die staat van omvattende inkomste.

Beleggings in geassosieerde maatskappye word volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. Geassosieerde maatskappye is maatskappye waarin die groep normaalweg tussen 20% en 50% van die stemreg het of waaroor die groep 'n beduidende invloed kan uitoefen, maar nie beheer het nie. Die groep se belegging in geassosieerde maatskappye sluit klandisiewaarde en ander ontasbare bates in wat met verkryging erken is, ná enige opgelope amortisasie en waardedalingsverliese.

Ekwiteitsverantwoording behels dat die groep se belang in die geassosieerde maatskappy se na-verkrygingsresultate, na belasting en minderheidsbelange in die geassosieerde maatskappy, in die inkomstestaat erken word. Die groep se belang in na-verkrygingsbewegings in ander reserwes word in die ander reserwes van die groep verantwoord. Die groep se belang in die geassosieerde maatskappy word in die staat van finansiële posisie teen kosprys gedra, aangepas vir die groep se belang in die verandering van netto bates ná verkryging, en insluitend klandisiewaarde en ander identifiseerbare ontasbare bates wat met verkrygings erken word. Indien die groep se aandeel van verliese in die geassosieerde maatskappy die drawaarde van sy belegging ewenaar of oorskry, word die drawaarde van die belegging en enige lenings aan die geassosieerde maatskappy tot nul verminder en word geen verdere verliese erken nie, behalwe as die groep verpligtinge teenoor die geassosieerde maatskappy opgeloop het of gewaarborg of onderneem het om verpligtinge van die geassosieerde maatskappy te dek.

Ongerealiseerde winste en verliese

op transaksies tussen die groep en sy geassosieerde maatskappye word uitgeskakel tot die omvang van die groep se belang in die geassosieerde maatskappye, tensy die verlies 'n waardedaling van die bate wat oorgedra word, weerspieël.

Die rekeningkundige beleid van geassosieerde maatskappye is aangepas waar nodig, sodat dit ooreenstem met die beleid wat deur die groep aanvaar is.

Groep verwys na 'n beduidende geassosieerde maatskappy gehou deur Welkom Yizani en hierdie finansiële state berus op die grondslag van ekonomiese belang.

'n Waardedalingsverlies word in die inkomstestaat erken wanneer 'n bate se drabedrag sy verhaalbare bedrag oorskry. 'n Bate se verhaalbare bedrag is die hoogste van die bedrag verkrygbaar uit die verkoop van 'n bate in 'n armlengtetransaksie tussen ingeligte bereidwillige partye, of sy gebruikswaarde. Gebruikswaarde is die huidige waarde van geraamde toekomstige kontantvloei wat na verwagting uit die voortgesette gebruik van die bate en uit sy vervreemding aan die einde van sy nutsduur verdien sal word. Die verwagte toekomstige kontantvloei word verdiskonteer na die huidige waarde deur 'n voorbelaste verdiskonteringskoers te gebruik wat huidige markaannames ten opsigte van die tydwaarde van geld en die risiko's verbonde aan die bate weerspieël. Vir die beoordeling van waardedalings word bates gegroepeer op die laagste moontlike vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei bestaan.

### 1.2 Finansiële bates

Die klassifikasie van finansiële bates hang af van die doel waarvoor die finansiële bates bekom is. Bestuur bepaal die klassifikasie van die maatskappy se finansiële bates met aanvanklike erkenning. Billike waarde deur ander omvattende finansiële inkomste-bates is nie-afgeleide finansiële instrumente wat in hierdie kategorie geklassifiseer word, of nie in enige ander kategorie geklassifiseer word nie. Hierdie bates word as nie-bedryfsbates geklassifiseer tensy bestuur beoog om die belegging binne 12 maande ná die datum van die staat van finansiële posisie te verkoop. Gedurende die jaar en op 31 Maart 2016 het die groep geen billike waarde deur ander omvattende finansiële inkomste-bates gehad nie.

### 1.3 Ander debiteure

Ander debiteure word aanvanklik teen billike waarde gedra en in daaropvolgende periodes teen geamortiseerde koste, deur die effektiewerente-metode te gebruik, ná aftrekking van voorsiening vir waardedaling van hierdie debiteure.

### 1.4 Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word in die staat van finansiële posisie teen koste gedra. Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande en onmiddellik opeisbare deposito's by banke.

### 1.5 Normale en uitgestelde inkomstebelasting

Die huidige inkomstebelastinguitgawe word bereken op grond van die inkomstebelastingwette soos verorden of wesenlik verorden op die datum van die staat van finansiële posisie. Bestuur evalueer van tyd tot tyd standpunte ingeneem in belastingopgawes met betrekking tot gevalle waar die toepaslike belastingregulasies aan interpretasie onderworpe is, en skep voorsienings

waar gepas, op grond van bedrae wat na verwagting aan belastingowerhede betaal sal word.

Die standaard Suid-Afrikaanse maatskappybelastingkoers soos op die datum van die staat van finansiële posisie is 28% (2015: 28%).

Uitgestelde inkomstebelasting word ten volle voorsien volgens die staat van finansiële posisie se aanspreeklikheidsmetode, vir alle belasbare of aftrekbare tydelike verskille wat ontstaan tussen die belastingbasis en laste (afgeleide instrumente ingesluit) en hul drawaardes vir die doeleindes van finansiële verslagdoening.

Uitgestelde belastingbates word erken in soverre toekomstige belasbare wins waarskynlik beskikbaar sal wees waarteen aftrekbare tydelike verskille en ongebruikte belastingverliese benut kan word.

**1.6 Finansiële laste en ekwiteitsinstrumente**

*Klassifikasie as skuld of ekwiteit*
Skuld en ekwiteitsinstrumente word geklassifiseer as óf finansiële laste óf ekwiteit ooreenkomstig die wese van die kontraktuele ooreenkoms.

*Ekwiteitsinstrumente*
’n Ekwiteitsinstrument is enige kontrak wat bewys lewer van ’n oorblywende belang in die bates van ’n entiteit ná aftrekking van al sy laste. Ekwiteitsinstrumente word erken teen die opbrengs ontvang, ná aftrekking van direkte transaksiekoste.

*Saamgestelde instrumente*
Die afsonderlike dele van saamgestelde instrumente word in ooreenstemming met die wese van die kontraktuele ooreenkoms afsonderlik as finansiële laste en ekwiteit geklassifiseer. Op die uitreikingsdatum word die billike waarde van die laskomponent beraam deur gebruik te maak van die heersende markverwante rentekoers vir ’n soortgelyke nie-omskepbare instrument. Hierdie bedrag word te boek gestel as ’n las op die geamortiseerdekoste-basis tot en met die instrument se omskeppings- of aflosdatum. Die bedrag van die ekwiteitgedeelte word bereken deur die bedrag van die las van die billike waarde af te trek van die saamgestelde instrument as ’n geheel. Hierdie bedrag word dan erken en ingesluit by ekwiteit, ná inagneming van inkomstebelasting, en word nie in die geheel herwaardeer nie.

**1.7 Inkomste-erkenning**

Dividendinkomste word erken wanneer die reg op betaling vasgestel word.

**1.8 Leenkoste**

Leenkoste word in wins of verlies erken gedurende die tydperk waarin dit aangegaan word.

**1.9 Rente-inkomste**

Rente word op ’n tydverhoudings-grondslag erken, gegrond op die effektiewe opbrengs op die onderliggende bates.

**1.10 Dividenduitkerings**

Dividenduitkerings aan die maatskappy se aandeelhouers word as ’n las in die maatskappy se finansiële jaarstate erken in die tydperk waarin die dividende deur die maatskappy se aandeelhouers goedgekeur word.

### 1.11 Nuwe standpunte en interpretasies

Wysigings aan IFRS 10, IFRS 12 en IAS 27
*Beleggingsentiteite –*
1 Januarie 2014

Wysiging aan IAS 32
*Verrekening van Finansiële Bates en Finansiële Laste –*
1 Januarie 2014

Wysiging aan IAS 36
*Openbaarmaking van Verhaalbare Bedrag vir Nie-finansiële Bates –*
1 Januarie 2014

IFRS 9
*Finansiële Instrumente –*
1 Januarie 2018

Wysigings aan IFRS 10 en IAS 28
*Verkoop of Bydra van Bates tussen 'n Belegger en sy Geassosieerde of Gesamentlike Onderneming –*
uitgestel (oorspronklik 1 Januarie 2016)

Wysigings aan IFRS 10, IFRS 12 en IAS 28 vir beleggingsentiteite
*Toepassing van die Konsolidasie-uitsondering –*
1 Januarie 2016

Wysiging aan IAS 1
*Openbaarmakingsinisiatief –*
1 Januarie 2016

Wysigings aan IAS 16 en IAS 38
*Verduideliking van Aanvaarbare Metodes van Depresiasie en Amortisasie –*
1 Januarie 2016

Wysiging aan IAS 27
*Ekwiteitsmetode in Afsonderlike Finansiële State –*
1 Januarie 2016

Wysigings aan IAS 12
*Inkomstebelasting –*
1 Januarie 2017

Wysigings aan IAS 7
*Kontantvloeistate –*
1 Januarie 2017

## 2. Vernaamste rekeningkundige ramings

Ramings en aannames word deurlopend geëvalueer en word gegrond op historiese ondervinding en ander faktore, insluitend verwagtings ten opsigte van toekomstige gebeure wat in die omstandighede billik geag word.

Die groep gebruik oordeel met die evaluering van die waardedaling van klandisiewaarde wat ingesluit is by die drawaarde van die belegging in geassosieerde maatskappye (sien aantekening 1.1).

## 3. Belegging in geassosieerde maatskappy

Die maatskappy het ’n 15%-belang in Media24 Beherend Eiendoms Beperk, ’n maatskappy wat in Suid-Afrika geïnkorporeer is. Dit is ’n ongenoteerde belegging. Hierdie belegging word geklassifiseer as ’n belegging in ’n geassosieerde maatskappy, as gevolg van die beduidende invloed wat die groep deur verteenwoordiging in die direksie het, al het die groep net ’n 15%-belang.

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R’000** | 2015 R’000 | **2016 R’000** | 2015 R’000 |
| **Beweging in drabedrag** | | | | |
| Aan die begin van die jaar | **641 848** | 642 672 | **603 709** | 603 709 |
| Deel van netto verlies | **(33 264)** | (45 753) | **—** | — |
| Deel van veranderings in ander reserwes | **2 853** | 66 650 | **—** | — |
| Dividende ontvang | **(36 721)** | (21 721) | **—** | — |
| Waardedaling in belegging | **(49 151)** | — | **(78 144)** | |
| | **525 565** | 641 848 | **525 565** | 603 709 |

Die groep/maatskappy het gedurende die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2016 ’n waardedalingsverlies teen hierdie belegging erken, omdat die verhaalbare bedrag van hierdie belegging minder as die drawaarde was. ’n Waardedalingsverlies van R78,14m is erken (groep: R49,15m).

**Opgesomde finansiële inligting van ongenoteerde geassosieerde maatskappy soos in die finansiële jaarstate – Media24 Beherend Eiendoms Beperk**

| | Media24 | |
|---|---|---|
| | **2016 R’000** | 2015 R’000 |
| **Bedryf** | | |
| Bates | | |
| Kontant en kontantekwivalent | **531 484** | 641 318 |
| Ander bedryfsbates (kontant uitgesluit) | **2 076 528** | 2 028 121 |
| Totale bedryfsbates | **2 608 012** | 2 669 439 |
| Laste | | |
| Finansiële laste (handelskrediteure uitgesluit) | **(1 780 924)** | (1 667 635) |
| Ander bedryfslaste (handelskrediteure ingesluit) | **(462 940)** | (404 718) |
| Totale bedryfslaste | **(2 243 864)** | (2 072 353) |

| | Media24 | |
|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| **Nie-bedryf** | | |
| Bates | **3 362 231** | 3 434 918 |
| Laste | | |
| Finansiële laste | **(25 725)** | (86 389) |
| Ander laste | **(509 660)** | (521 691) |
| Totale nie-bedryfslaste | **(535 385)** | (608 080) |
| **Netto bates** | **3 190 994** | 3 423 924 |
| **Opgesomde staat van omvattende inkomste** | | |
| Omset | **8 116 216** | 8 249 951 |
| Rente-inkomste | **31 231** | 20 227 |
| Rente-uitgawe | **(22 194)** | 110 305 |
| **Voorbelaste wins/(verlies) uit voortgesette bedrywighede** | **322 992** | 9 629 |
| Inkomstebelasting-uitgawe | **(220 342)** | (128 274) |
| **Nabelaste wins/(verlies) uit voortgesette bedrywighede** | **102 650** | (118 645) |
| **Nabelaste wins uit beëindigde bedrywighede** | **—** | — |
| Ander omvattende inkomste/(uitgawes) | **7 650** | (27 138) |
| **Totale omvattende inkomste/(uitgawes)** | **110 300** | (145 783) |
| **Rekonsiliasie van opgesomde finansiële inligting** | | |
| Netto bates aan die begin van die jaar | **2 201 549** | 2 064 942 |
| Wins/(Verlies) vir die tydperk | **102 650** | (118 645) |
| Totale ander omvattende inkomste/(uitgawes) | **7 650** | (27 138) |
| Aandeelgebaseerde vergoedingsbeweging | **35 251** | 7 784 |
| Verkryging van filiale/gesamentlike ondernemings | **(42 712)** | (5 728) |
| Verkoop van filiale/gesamentlike ondernemings | **757** | 1 139 999 |
| Dividende | **(336 024)** | (173 019) |
| Ander bewegings | **(502)** | 265 680 |
| Nie-beherende belang – deel van beweging vir die tydperk | **(72 517)** | (952 326) |
| **Netto bates aan die einde van die jaar** | **1 896 102** | 2 201 549 |
| Belang in geassosieerde maatskappy (15%) | **284 415** | 330 232 |
| Netto identifiseerbare bates | **192 309** | 213 625 |
| Klandisiewaarde | **48 841** | 97 991 |
| **Drawaarde** | **525 565** | 641 848 |

## 4. Verwante partye

Die voorsitter, Rachel Jafta, besit altesaam 430 (2015: 430) gewone aandele in die maatskappy. Ashoek Adhikari en Lurica Klink is trustees van die Rubato Trust, en Kambule Trust wat onderskeidelik 1 167 129 (2015: 1 167 129) en 303 588 (2015: 32 738) aandele in totaal besit. Jo-Ann Held, 'n nie-uitvoerende direkteur, besit altesaam 430 (2015: 430) gewone aandele in die maatskappy.

Direkteure van die maatskappy ontvang geen direkteursgelde of -vergoeding nie.
Ingesluit by ander debiteure is 'n bedrag van R289 632 (2015: R350 000) verskuldig deur Media24 Eiendoms Beperk.

## 5. Ander debiteure

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| Belasting | **—** | 4 | **—** | 4 |
| Rente op daggelddeposito's | **18** | 15 | **18** | 15 |
| Verskuldig deur Media24 Eiendoms Beperk | **290** | 350 | **290** | 350 |
| | **308** | 369 | **308** | 369 |

## 6. Aandelekapitaal en -premie

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Gemagtig | | | | |
| 30 000 000 gewone aandele van R0,0000001 elk | **—** | — | **—** | — |
| **Uitgereik (en volopbetaal)** | | | | |
| 14 600 001 (2015: 14 600 001) gewone aandele van R0,0000001 elk | **—** | — | **—** | — |
| Aandelepremie | **146 022** | 146 022 | **146 022** | 146 022 |
| | **146 022** | 146 022 | **146 022** | 146 022 |

**Kapitaalbestuur**

Die groep se doelwit met kapitaalbestuur is om die entiteit se vermoë te beskerm om as 'n lopende saak voort te gaan, sodat dit deurentyd genoeg opbrengste vir aandeelhouers en voordele vir ander belanghebbendes kan lewer.

## 7. Langtermynverpligtinge

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| 4 444 431 (2015: 37 300 000) veranderlikekoers-, kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele van R0,001 elk | **4** | 37 | **4** | 37 |
| – Beginsaldo | **37** | 37 | **37** | 37 |
| – Vereffen | **(33)** | — | **(33)** | — |
| Aandelepremie | **44 407** | 372 963 | **44 407** | 372 963 |
| – Beginsaldo | **372 963** | 372 963 | **372 963** | 372 963 |
| – Aandelepremie waarvan afstand gedoen is deur aandeelhouers | **(328 556)** | — | **(328 556)** | — |
| | **44 411** | 373 000 | **44 411** | 373 000 |
| Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge (opgelope voorkeuraandeeldividende) | **7 124** | 63 287 | **7 124** | 63 287 |
| – Beginsaldo | **63 287** | 55 017 | **63 287** | 55 017 |
| – Dividende vir huidige jaar | **27 106** | 25 651 | **27 106** | 25 651 |
| – Dividende betaal | **(29 393)** | (17 381) | **(29 393)** | (17 381) |
| – Opgehoopte voorkeuraandeel-dividende waarvan afstand gedoen is deur aandeelhouer | **(53 876)** | — | **(53 876)** | — |
| | **51 535** | 436 287 | **51 535** | 436 287 |

32 855 569 (2015: nul) voorkeuraandele is gedurende die jaar afgelos.

Op 30 Maart 2016 het die direksie besluit om die aflossing van 32 855 569 Naspers-voorkeuraandele op die voorkeuraflosdatum (31 Maart 2016), teen 'n voorkeuraflosprys van R32 856 te magtig. 'n Aandeelpremie en opgelope voorkeuraandeeldividend van R328 555 690 en R53 876 153 (totaal: R382 431 843) is in die 2016-jaar afgeskryf.

Op 10 Mei 2016 het die direksie die aflossing van 4 440 049 Naspers-voorkeuraandele op die voorkeuraflosdatum (10 Mei 2016) teen 'n voorkeuraflosprys van R54 752 goedgekeur. Die oorblywende aandeelpremie en opgelope aandeeldividend sal afgeskryf word volgens die ooreenkoms met Naspers se direksie.

Voorkeuraandele dra rente teen 65% (2015: 65%) van die prima koers. Daar is geen vaste betalingsvoorwaardes aan die rente gekoppel nie. Rentebetalings sal plaasvind op grond van direksiegoedkeuring. Die voorkeuraandele word besit deur Naspers Beperk.

Hierdie voorkeuraandele is aflosbaar op enige van die volgende voorkeuraflosdatums:

- verpligtend ná 10 jaar, naamlik 8 Desember 2016, of sodanige verlengde tydperk wat deur die voorkeuraandeelhouers toegelaat word, of
- aandeelhouersooreenkoms volgens die keuse van die voorkeuraandeelhouers, of
- vrywillig deur Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk binne drie jaar uit beskikbare kontantbronne, of
- verpligtend ná drie jaar uit beskikbare kontantbronne.

## 8. Bedrae betaalbaar

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| Bedrae verskuldig aan beleggers | **761** | 765 | **761** | 765 |
| Rente op terugbetalings verskuldig aan onsuksesvolle aandeelaansoekers | **637** | 644 | **637** | 644 |
| Ander bedrae betaalbaar | **382** | 401 | **382** | 401 |
| Ouditgelde opgeloop | **86** | 136 | **86** | 136 |
| BTW | **55** | 3 | **55** | 3 |
| Sekuriteite-oordragbelasting | **5** | 5 | **5** | 5 |
| | **1 926** | 1 954 | **1 926** | 1 954 |

## 9.1 Administrasiekoste

| | Groep 2016 | Groep 2015 | Maatskappy 2016 | Maatskappy 2015 |
|---|---|---|---|---|
| Ouditgelde | **86** | 83 | **86** | 83 |
| Administrasiegeld | **5** | — | **5** | — |
| | **91** | 83 | **91** | 83 |

## 9.2 Ander inkomste

| | Groep 2016 | Groep 2015 | Maatskappy 2016 | Maatskappy 2015 |
|---|---|---|---|---|
| Voorkeuraandeelpremie en opgelope voorkeuraandeeldividend waarvan afstand gedoen is | **382 432** | — | **382 432** | — |
| Ander | **—** | 497 | **—** | 497 |
| | **382 432** | 497 | **382 432** | 497 |

## 10. Netto finansieringskoste

| | Groep 2016 | Groep 2015 | Maatskappy 2016 | Maatskappy 2015 |
|---|---|---|---|---|
| **Rente betaal** | | | | |
| Rente op terugbetalings aan onsuksesvolle aandeelaansoekers | **(62)** | (64) | **(62)** | (64) |
| Rente op voorkeuraandele | **(27 106)** | (25 651) | **(27 106)** | (25 651) |
| | **(27 168)** | (25 715) | **(27 168)** | (25 715) |
| **Rente ontvang** | | | | |
| Rente op lopende rekeninge | **232** | 177 | **232** | 177 |
| Rente op daggeldrekeninge | **186** | 199 | **186** | 199 |
| | **418** | 376 | **418** | 376 |
| **Netto finansieringkoste** | **(26 750)** | (25 339) | **(26 750)** | (25 339) |

## 11. Kontant en kontantekwivalente

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| Kontant en kontantekwivalente toeskryfbaar aan die maatskappy | **9 240** | 7 655 | **9 240** | 7 655 |
| Kontant en kontantekwivalente gehou namens beleggers | **761** | 765 | **761** | 765 |
| | **10 001** | 8 420 | **10 001** | 8 420 |

**Kredietgehalte van kontant by die bank en korttermyndeposito's, kontant voorhande uitgesluit**

Die kredietgehalte van kontant by die bank en korttermyndeposito's (kontant voorhande uitgesluit), wat nie agterstallig of aangetas is nie, kan beoordeel word met verwysing na eksterne kredietgraderings (indien beskikbaar) of historiese inligting oor teenparty-wanbetalingskoerse:

| **Kredietgradering** | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
|---|---|---|
| ABSA Bank Beperk – Fitch BBB | **8 669** | 7 153 |
| FirstRand Bank Beperk – Fitch BBB | **1 332** | 1 267 |
| | **10 001** | 8 420 |

## 12. Belasting

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| **Groot komponente van die belastinguitgawe** | | | | |
| **Lopend** | | | | |
| **Plaaslike inkomstebelasting – huidige tydperk** | **81** | — | **81** | — |
| | **81** | — | **81** | — |

## 13. Basiese verdienste/(verlies) per aandeel

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| Wins/(Verlies) uit voortgesette bedrywighede toeskryfbaar aan eienaars van die moedermaatskappy | **275 948** | (4 028) | **314 087** | (3 204) |
| Wins uit beëindigende bedrywighede toeskryfbaar aan eienaars van die moedermaatskappy | **—** | — | **—** | — |
| **Totaal** | **275 948** | (4 028) | **314 087** | (3 204) |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele ('000) | **14 600** | 14 600 | **14 600** | 14 600 |
| **Basiese verdienste/(verlies) per aandeel** | **R18,90** | (R0,28) | **R21,51** | (R0,22) |

Wesensverdienste word bereken op grond van Omsendbrief 2/2013 wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgereik is.

**Rekonsiliasie tussen wins toeskryfbaar aan eienaars van die moedermaatskappy en wesensverdienste**

| | Groep 2016 R'000 | Groep 2015 R'000 | Maatskappy 2016 R'000 | Maatskappy 2015 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Wins/(Verlies) vir die jaar | **275 948** | (4 028) | **314 087** | (3 204) |
| Hermeting van items | | | | |
| Voorkeuraandeelpremie en opgelope dividend waarvan afstand gedoen is | **(382 432)** | | **(382 432)** | |
| Bruto | **(382 432)** | — | **(382 432)** | — |
| Belastingeffek | **—** | — | **—** | — |
| Waardedaling van belegging | **49 151** | | **78 144** | |
| Bruto | **49 151** | — | **78 144** | — |
| Belastingeffek | **—** | — | **—** | — |
| **Wesensverdienste/(-verlies) vir die jaar** | **(57 333)** | (4 028) | **9 799** | (3 204) |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele ('000) | **14 600** | 14 600 | **14 600** | 14 600 |
| **Wesensverdienste/(-verlies) per aandeel** | **(R3,93)** | (R0,28) | **R0,67** | (R0,22) |
| **Netto batewaarde per aandeel** | | | | |
| Totale netto batewaarde | **477 226** | 208 563 | **477 226** | 170 424 |
| Totale getal uitgereikte gewone aandele ('000) | **14 600** | 14 600 | **14 600** | 14 600 |
| Netto batewaarde per aandeel | **R32,69** | R14,29 | **R32,69** | R11,67 |

## 14. Kontant gegenereer deur bedrywighede

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2016 R'000** | 2015 R'000 | **2016 R'000** | 2015 R'000 |
| **Wins/(Verlies) voor belasting** | **273 176** | (70 678) | **314 168** | (3 204) |
| **Aangepas vir:** | | | | |
| – Dividende ontvang | **—** | — | **(36 721)** | (21 721) |
| – Aandeel van netto wins van geassosieerde maatskappy | **33 264** | 45 753 | **—** | — |
| – Waardedaling | **49 151** | — | **78 144** | — |
| – Finansieringkoste | **26 750** | 25 339 | **26 750** | 25 339 |
| – Voorkeuraandeelpremie en opgelope voorkeuraandeel-dividend waarvan afstand gedoen is | **(382 432)** | — | **(382 432)** | — |
| **Kontantvloei voor veranderings in bedryfskapitaal** | **(91)** | 414 | **(91)** | 414 |
| | | | | |
| **Veranderings in bedryfskapitaal** | **1 325** | (309) | **1 325** | (309) |
| Bedrae betaalbaar | **(28)** | (332) | **(28)** | (332) |
| Ander debiteure | **61** | 23 | **61** | 23 |
| Aandeelhouers vir dividende | **1 292** | — | **1 292** | — |
| | **1 234** | 105 | **1 234** | 105 |



WELKOM YIZANI

## 15. Finansiële risikobestuur

Die groep se aktiwiteite stel hom bloot aan verskeie finansiële risiko's, veral rentekoersrisiko, kredietrisiko en likiditeitsrisiko. Die groep se oorkoepelende risikobestuursprogram is toegespits op die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en streef daarna om die moontlike nadelige uitwerking op die finansiële prestasie van die groep te verminder. Risikobestuur word toegepas volgens 'n beleid wat deur die direksie goedgekeur word.

Die groep se rentekoersrisiko ontstaan hoofsaaklik as gevolg van die uitreiking van langtermynlenings teen veranderlike rentekoerse. Gegrond op simulasies wat gedoen is, sal 'n 100-basispuntstyging in die prima rentekoers 'n daling of styging van R0,51m (2015: R4,36m) in finansieringskoste meebring.

**Kapitaalrisikobestuur**

Vir kapitaalbestuursdoeleindes word die huidige kapitaalvlak in die groep omskryf as die verskil tussen die totale bates en totale laste van die groep. Die aangewende kapitaal word bestuur op 'n grondslag wat die groep in staat stel om as 'n lopende saak voort te gaan, om opbrengste vir aandeelhouers en voordele vir ander belanghebbendes te lewer en om 'n optimale kapitaalstruktuur te handhaaf om die koste van kapitaal te verminder.

Die groep monitor kapitaal op die grondslag van die skuld-ekwiteit-verhouding. Hierdie verhouding word bereken as netto skuld gedeel deur totale kapitaal. Netto skuld word bereken as totale lenings (insluitend bedryfs- en nie-bedryfslenings en bankoortrekkings soos weerspieël in die staat van finansiële posisie) minus kontant en kontantekwivalente. Totale kapitaal word bereken as kapitaal en reserwes toeskryfbaar aan eienaars van die moedermaatskappy soos weerspieël in die staat van finansiële posisie.

Die hooffokus van die groep se kapitaalbestuur is om likiditeit in die vorm van korttermynleningsfasiliteite te verseker, om genoeg beskikbare befondsing vir die groep se bedryfskapitaalbehoeftes te hê.

**Wisselkoersrisiko**

Die maatskappy is nie aan beduidende wisselkoersrisiko blootgestel nie.

**Prysrisiko**

Die maatskappy is nie aan kommoditeitsprysrisiko blootgestel nie.

**Kredietrisiko**

Kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantdeposito's, kontantekwivalente, afgeleide finansiële instrumente en handelsdebiteure. Die maatskappy deponeer kontant slegs by groot banke met 'n hoë kredietgehalte en beperk blootstelling aan enige enkele teenparty.

**Finansiële instrumente**

| | 2016 R'000 | 2015 R'000 |
|---|---|---|
| Bankdeposito | **10 001** | 8 420 |
| Ander debiteure | **249** | 369 |

**Likiditeitsrisiko**

Die maatskappy bestuur likiditeitsrisiko met omsigtigheid, wat impliseer dat genoeg kontant gehou word en dat befondsing beskikbaar is via toereikende toegewese kredietfasiliteite, asook ooreenkomste met verwante partye.

Die tabel hieronder ontleed die maatskappy se nie-afgeleide finansiële verpligtinge en netto-vereffende afgeleide finansiële verpligtinge in relevante looptydgroeperings op grond van die oorblywende tydperk vanaf die datum van die staat van finansiële posisie tot die kontraktuele vervaldatum. Afgeleide finansiële verpligtinge word by die ontleding ingesluit indien hul kontraktuele vervaldatums noodsaaklik is om die tydsberekening van kontantvloei te verstaan. Die bedrae in die tabel is die kontraktuele onverdiskonteerde kontantvloei:

| **Op 31 Maart 2016** | **Drawaarde R'000** | **Totale kontraktuele kontantvloei R'000** | **Minder as 1 jaar R'000** |
|---|---|---|---|
| Langtermynverpligtinge | **51 535** | **52 320** | **52 320** |
| Aandeelhouers se dividende | **5 125** | **5 125** | **5 125** |
| Ander krediteure | **1 988** | **1 988** | **1 988** |

| Op 31 Maart 2015 | Drawaarde R'000 | Totale kontraktuele kontantvloei R'000 | Minder as 1 jaar R'000 |
|---|---|---|---|
| Langtermynverpligtinge | 436 287 | 464 529 | 63 287 |
| Aandeelhouers se dividende | 3 833 | 3 833 | 3 833 |
| Ander krediteure | 1 954 | 1 954 | 1 954 |

## 16. Billike waarde van finansiële instrument

Die volgende tabel gee ’n ontleding van finansiële instrumente wat gemeet word na aanvanklike erkenning teen billike waarde, gegroepeer in vlak 1 tot 3, gegrond op die mate waarin die billike waarde waarneembaar is:

- Vlak 1-billikewaardemetings word afgelei uit gekwoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir identiese bates of laste.
- Vlak 2-billikewaardemetings word afgelei uit ander insette as gekwoteerde pryse wat by vlak 1 ingesluit is, wat waarneembaar is vir die bate of las, hetsy direk (dit is as pryse) of indirek (dit is afgelei uit pryse).
- Vlak 3-billikewaardemetings word afgelei uit waardasietegnieke wat insette insluit vir die bates of laste wat nie op waarneembare markdata berus nie (onwaarneembare insette).

| | 31 Maart 2016 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Vlak 1 R’000 | Vlak 2 R’000 | Vlak 3 R’000 | Totaal R’000 |
| Belegging in geassosieerde maatskappy | — | — | 525 565 | 525 565 |

Die billike waarde van die belegging in die geassosieerde maatskappy is bepaal deur die verdiskonteerde kontantvloeimodel te gebruik. Die geweegde gemiddelde kapitaalkoste van 14% is gebruik en kontantvloei vir 10 jaar is geprojekteer.

**Sensitiwiteitsontleding**

’n Sensitiwiteitsontleding van ’n 1%-verandering in die geweegde gemiddelde kapitaalkoste word aangedui vir die beduidende onwaarneembare inset hieronder:

- ’n Styging in die geweegde gemiddelde kapitaalkoste met 1% verminder die waardasie met 8%.
- ’n Daling in die geweegde gemiddelde kapitaalkoste met 1% verhoog die waardasie met 10,2%.

## 17. Lopende saak

Die finansiële jaarstate is opgestel op die rekeningkundige beleidsgrondslag van toepassing op ’n lopende saak. Hierdie grondslag veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige werksaamhede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van verpligtinge, onvoorsiene verpligtinge en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

## 18. Latere gebeurtenis

Op 10 Mei 2016 het die direksie die aflossing van 4 440 049 Naspers-voorkeuraandele teen ’n voorkeuraflosprys van R54 752 goedgekeur. Die oorblywende voorkeuraandeelpremie en opgelope voorkeuraandeeldividende sal afgeskryf word volgens die ooreenkoms met Naspers se direksie.

# Direksie



**Rachel Jafta**

Rachel Jafta (55), MEcon en PhD, is ’n professor in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch (US). Sy het in 2003 as ’n direkteur by Naspers aangesluit en is in 2007 as ’n direkteur van Media24 aangestel. Sy is ’n direkteur van Econex, voorsitter van die Kaapstad Karnavaltrust en ’n lid van die bestuurskomitee van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek aan die US. Sy is in April 2013 as voorsitter van die Media24-direksie aangestel.



**Jo-Ann Held**

Jo-Ann Held (35) het die graad BComRegte aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Sy is ’n media-entrepreneur wat onder meer haar eie spitstydtelevisieprogram, Glambition, vervaardig en aangebied het en sy is ’n glansambassadeur vir Unicef. Sy het verskeie ondernemings en is ’n direkteur van Partnership Investments, die Wes-Kaapse Raad van Ubuntu Botho (deel van Sanlam), die adviesraad van die Universiteit Stellenbosch se sakeskool en die direksie van M&C Saatchi Abel.



**Ashoek Adhikari**

Ashoek Adhikari (53) is die hoofbestuurder verantwoordelik vir regsdienste by Media24. Hy is ’n prokureur van beroep en nadat hy 10 jaar lank as prokureur gepraktiseer het, het hy na die openbare sektor geskuif, waar hy verskeie poste in die provinsiale administrasie van die Wes-Kaap beklee het. Voordat hy by Media24 aangesluit het, was hy bedryfshoof in die Kantoor van die Premier. Hy is tans voorsitter van die ouditkomitee van die Prokureursgetrouheidsfonds en dien in die raad van Accelerate Cape Town, van Isandla-instituut en van die Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap vir die Wes-Kaap.



**Peter Goldhawk**

Peter Goldhawk (69) is ’n geoktrooieerde rekenmeester en ’n afgetrede vennoot van PricewaterhouseCoopers Geïnk. Hy is nou ’n direkteur van Goldhawk Corporate Advisory. Hy was verantwoordelik vir die ontwikkeling en bestuur van die Phuthuma en Phuthuma Futhi SEB-skemas wat laat in die 1990’s by M-Net en SuperSport ingestel is. Hy was ook ten nouste betrokke by die bekendstelling van MultiChoice en Media24 se SEB-skemas deur onderskeidelik Phuthuma Nathi en Welkom Yizani. Hy is ’n lid van die JSE se Noteringsadvieskomitee en ’n direkteur van die Raad op Finansiële Dienste se direktoraat: Markmisbruik.

# Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Ingevolge die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr 71 van 2008, soos gewysig (die Wet), word hiermee kennis gegee van die tiende algemene jaarvergadering van **Media24 Beherend Eiendoms Beperk (die maatskappy)**, wat op **Maandag 29 Augustus 2016** om **11:00** in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad, gehou sal word.

**Neem asseblief kennis dat die registrasietoonbank vir registrasie om op Maandag 29 Augustus 2016 by hierdie vergadering te stem, om 10:45 op daardie dag sal sluit.**

## Rekorddatum, bywoning en stemming

Die rekorddatum vir die vergadering is **Maandag 15 Augustus 2016**, die datum waarop 'n persoon as 'n aandeelhouer van die maatskappy geregistreer moet wees om geregtig te wees om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem.

'n Aandeelhouer wat geregtig is om die vergadering by te woon en daarop te stem, mag een of meer persone as 'n gevolmagtigde(s) benoem om die vergadering in die plek van die aandeelhouer by te woon, daaraan deel te neem en daarop te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die maatskappy te wees nie.

'n Volmagvorm met die nodige aanwysings vir voltooiing is aangeheg vir die gebruik van aandeelhouers wat by die algemene jaarvergadering verteenwoordig wil word. Die voltooiing van 'n volmagvorm verhoed nie die betrokke aandeelhouer om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem nie (in die plek van die aandeelhouer se gevolmagtigde).

### Identifisering van deelnemers aan die vergadering

Neem asseblief kennis dat, voordat enige persoon 'n aandeelhouersvergadering kan bywoon of daaraan kan deelneem, daardie persoon redelikerwys bevredigende identifikasie moet kan verskaf, en dat die voorsitter van die vergadering redelikerwys oortuig moet wees dat die reg van daardie persoon om te stem, hetsy as 'n aandeelhouer of as 'n gevolmagtigde vir 'n aandeelhouer, redelikerwys bevestig is. Vorms van identifikasie sluit geldige identiteitsdokumente, rybewyse en paspoorte in.

## Doel van vergadering

Die doel van die vergadering is om: (i) die direkteursverslag, die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy vir die onmiddellik voorafgaande finansiële jaar en die ouditkomitee se verslag voor te lê; (ii) die besluite soos hierin uiteengesit, te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging te aanvaar; en (iii) enige ander sake wat met of sonder vooraf kennisgewing aan die maatskappy deur die aandeelhouers van die maatskappy geopper word, te oorweeg.

## Elektroniese deelname

Aandeelhouers wat geregtig is om die vergadering by te woon en daarop te stem, of gevolmagtigdes van sodanige aandeelhouers, is geregtig om by wyse van elektroniese kommunikasie aan die vergadering deel te neem (maar nie om te stem nie). Indien 'n aandeelhouer by wyse van elektroniese kommunikasie aan die vergadering wil deelneem, moet die betrokke aandeelhouer die maatskappy teen nie later nie as **09:00** op **Woensdag 17 Augustus 2016** in kennis stel deur per geregistreerde pos wat aan die maatskappy se adres gerig is (vir aandag me L J Klink) toepaslike kontakbesonderhede te verstrek, asook volledige besonderhede van die aandeelhouer se aanspraak op aandele wat deur die maatskappy uitgereik is en bewys van identiteit, in die vorm van gesertifiseerde afskrifte van identiteitsdokumente en skriftelike bevestiging van die oordragsekretaris wat die aandeelhouer se aanspraak op die aandele bevestig.

By ontvangs van die vereiste inligting, sal 'n veilige kode en instruksies aan die betrokke aandeelhouer verskaf word om tydens die algemene jaarvergadering toegang tot die elektroniese kommunikasie te verkry. Aandeelhouers moet daarop let dat toegang tot die elektroniese kommunikasie vir die rekening sal wees van aandeelhouers wat die fasiliteit wil gebruik.

## Gewone besluite

Vir die aanvaarding van elk van die gewone besluite hieronder, moet die besluit ondersteun word deur 'n meerderheid van stemme wat uitgebring word deur aandeelhouers wat by hierdie vergadering teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word:

1. Om die finansiële jaarstate van die maatskappy en die groep vir die twaalf (12) maande geëindig

31 Maart 2016 en die verslae van die direkteure, die ouditeur en die ouditkomitee te oorweeg en te aanvaar.

Die opgesomde finansiële jaarstate is ingesluit by die geïntegreerde jaarverslag waarvan hierdie kennisgewing deel uitmaak.

Die volledige finansiële jaarstate van die maatskappy vir die vorige finansiële jaar is beskikbaar by **www.media24.com**. 'n Afskrif kan ook op aanvraag gedurende gewone kantoorure verkry word by Media24 se geregistreerde kantoor: Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (kontakpersoon — mnr A Mayman).

2. Om 'n dividend van R39,3m in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy goed te keur, soos voorgestel deur die direksie, nadat die direksie die solvensie- en likiditeitstoetse toegepas het soos beoog in die Wet, waarvolgens die direksie tot die gevolgtrekking gekom het dat die maatskappy aan sodanige toetse sal voldoen onmiddellik ná afhandeling van die voorgestelde uitkering.

3. Om weer, op aanbeveling van die maatskappy se ouditkomitee, die firma PricewaterhouseCoopers Geïnk. as die onafhanklike geregistreerde ouditeur van die maatskappy aan te stel (met kennisname dat mnr V Harri die individuele geregistreerde ouditeur van die firma is wat die oudit sal onderneem) vir die tydperk tot ná afloop van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy.

4. Om prof H S S Willemse, mnr S S de Swardt en mev J C Held, wat volgens rotasievereistes uittree en verkiesbaar is, en hulself weer verkiesbaar stel as direkteure, te verkies. Kort biografiese besonderhede van elkeen is by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit.

   Die direksie beveel eenparig aan dat die herkiesing van direkteure ingevolge besluit 4 deur die aandeelhouers van die maatskappy goedgekeur word. Die herkiesing van elke direkteur sal in afsonderlike gewone besluite plaasvind.

5. Om die ouditkomiteelede aan te stel soos vereis deur die Wet en aanbeveel deur die King-kode oor korporatiewe bestuurstoesig vir Suid-Afrika 2009 (King III) (hoofstuk 3).

   Die direksie en die nominasiekomitee is van mening dat die maatskappy se ouditkomiteelede paslik gekwalifiseerd en ervare onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is. Gesamentlik is hul kwalifikasies en ervaring voldoende om hul pligte te vervul, soos beoog in regulasie 42 van die Maatskappyregulasies 2011. Hulle het 'n omvattende begrip van finansiële verslagdoening, interne finansiële beheermaatreëls, risikobestuurs- en bestuurstoesigprosesse binne die maatskappy, asook Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en ander regulasies en riglyne van toepassing op die maatskappy. Hulle bly op hoogte van ontwikkelinge wat hul vereiste vaardighede raak.

   Die direksie en die nominasiekomitee beveel dus eenparig aan dat mnre S S de Swardt en T D Petersen, en mev J C Held as lede van die ouditkomitee aangestel word. Kort biografiese besonderhede van elkeen is by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit.

   Die aanstelling van die lede van die ouditkomitee sal by wyse van 'n afsonderlike gewone besluit ten opsigte van elke persoon plaasvind.

6. Om die maatskappy se vergoedingsbeleid, soos uiteengesit in die vergoedingsverslag, ingesluit by die geïntegreerde jaarverslag, by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem te onderskryf.

Die volgende spesiale besluite sal op die algemene jaarvergadering oorweeg word en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aanvaar word:

## Spesiale besluite

Vir die aanvaarding van elk van die spesiale besluite hieronder moet die besluit ondersteun word deur minstens 75% van die stemme wat oor die betrokke besluit uitgebring word deur aandeelhouers wat by hierdie vergadering teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word.

1. Dat die maatskappy of enige van sy filiale hiermee gemagtig word, en is, om gewone aandele wat deur die maatskappy uitgereik is, van enige persoon hoegenaamd (insluitend 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy of 'n persoon verwant aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy) te verkry, ingevolge en onderworpe aan die Wet.



MEDIA24

*Die rede vir en uitwerking van spesiale besluit nommer 1 is om ingevolge die Wet aan die maatskappy die algemene magtiging te verleen vir verkryging van die maatskappy se gewone aandele deur die maatskappy of 'n filiaal van die maatskappy.*

2. Dat die maatskappy, soos gemagtig deur die direksie, oor die algemeen, ingevolge en onderworpe aan die vereistes van artikel 44 van die Wet, ooreenkomstig die gesag wat vir hierdie doel aan die direksie verleen word, enige finansiële bystand aan 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, of aan 'n lid van 'n verwante of onderling verwante korporasie kan verleen by wyse van 'n lening, waarborg, die verskaffing van sekuriteit of andersins, vir die doel van of in verband met die inskrywing vir 'n opsie of enige sekuriteite, uitgereik of wat uitgereik sal word deur die maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy, of vir die koop van sekuriteite van die maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy.
   *Die rede vir en uitwerking van spesiale besluit nommer 2 is om oor die algemeen goedkeuring te verleen vir die voorsiening van finansiële bystand aan die potensiële ontvangers soos in hierdie besluit uiteengesit word.*

3. Dat die maatskappy, soos gemagtig deur die direksie, oor die algemeen, ingevolge en onderworpe aan die vereistes van artikel 45 van die Wet, enige direkte of indirekte finansiële bystand aan 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, of aan 'n lid van 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, kan verleen ooreenkomstig die gesag wat vir hierdie doel aan die direksie verleen word.
   *Die rede vir en uitwerking van spesiale besluit nommer 3 is om oor die algemeen goedkeuring te verleen vir die voorsiening van finansiële bystand aan die potensiële ontvangers soos in hierdie besluit uiteengesit word.*

## Gewone besluit

7. Elke direkteur van die maatskappy word hiermee gemagtig om alle handelinge te verrig en alle dokumente te onderteken wat nodig kan wees om die gewone en spesiale besluite wat by hierdie algemene jaarvergadering aanvaar word, in werking te stel.

## Ander sake

Om enige ander sake te doen wat by 'n algemene jaarvergadering gedoen mag word.

## Algemeen

Onderworpe aan die volmagte wat deur Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk (Welkom Yizani) aan sy aandeelhouers verleen word om by die algemene jaarvergadering van die maatskappy in sy plek te stem, is die gewone aandeelhouers van die maatskappy geregtig om die algemene jaarvergadering by te woon, daarop te praat en daarop te stem (en elke gewone aandeel in die maatskappy gee sy houer een stem).

Stemming by die algemene jaarvergadering sal by wyse van stembriewe geskied en nie deur 'n opsteek van hande nie. Elke gewone aandeelhouer wat teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word, sal geregtig wees op die getal stemme wat gelyk is aan die getal gewone aandele wat sodanige gewone aandeelhouer hou.

Volmagvorms moet ingedien word by die oordragsekretaris van die maatskappy, Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk, Corlettrylaan 71, Birnam 2196, of Posbus 1266, Bramley 2018, en moet Equity Express nie later nie as agt-en-veertig (48) uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae word nie in berekening gebring nie) voor die algemene jaarvergadering bereik om voorsiening te maak vir die verwerking van sodanige volmagvorms. Alle ander volmagvorms moet voor die aanvang van die algemene jaarvergadering by die registrasietoonbanke by Nasdak, Media24-Sentrum ingehandig word.

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 6.8 van die akte van oprigting van die maatskappy, is elke aandeelhouer van Welkom Yizani onherroeplik aangestel as 'n gevolmagtigde vir Welkom Yizani en daarop geregtig om op die algemene jaarvergadering van die maatskappy een stem uit te bring vir elke aandeel wat die betrokke aandeelhouer in Welkom Yizani hou.

Op las van die direksie

**L J Klink**
*Maatskappysekretaris*
Kaapstad
29 Julie 2016

# Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Ingevolge die Maatskappywet Nr 71 van 2008, soos gewysig (die Wet), word hiermee kennis gegee van die tiende algemene jaarvergadering van **Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk (die maatskappy),** wat op **Maandag 29 Augustus 2016** in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad gehou sal word. Dit sal plaasvind onmiddellik ná afloop van die algemene jaarvergadering van Media24 Beherend Eiendoms Beperk, wat om **11:00** op daardie dag gehou sal word.

**Neem asseblief kennis dat die registrasietoonbank vir registrasie om op Maandag 29 Augustus 2016 by hierdie vergadering te stem, om 10:45 op daardie dag sal sluit.**

## Rekorddatum, bywoning en stemming

Die rekorddatum vir die vergadering is **Maandag 15 Augustus 2016**, die datum waarop 'n persoon as 'n aandeelhouer van die maatskappy geregistreer moet wees om geregtig te wees om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem.

'n Aandeelhouer wat geregtig is om die vergadering by te woon en daarop te stem, mag een of meer persone as 'n gevolmagtigde(s) benoem om die vergadering in die plek van die aandeelhouer by te woon, daaraan deel te neem en daarop te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die maatskappy te wees nie.

'n Volmagvorm met die nodige aanwysings vir voltooiing is aangeheg vir die gebruik van aandeelhouers wat by die algemene jaarvergadering verteenwoordig wil word. Die voltooiing van 'n volmagvorm verhoed nie die betrokke aandeelhouer om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem nie (in die plek van die aandeelhouer se gevolmagtigde).

Stemming by die algemene jaarvergadering sal by wyse van stembriewe geskied en nie deur 'n opsteek van hande nie. Elke gewone aandeelhouer wat teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word, sal geregtig wees op die getal stemme wat gelyk is aan die getal gewone aandele wat sodanige gewone aandeelhouer of sy/haar gevolmagtigdes hou.

## Identifisering van deelnemers aan die vergadering

Let asseblief daarop dat deelnemers aan die vergadering (gevolmagtigdes ingesluit) redelikerwys bevredigende identifikasie moet kan verskaf voordat hulle geregtig is om 'n aandeelhouersvergadering by te woon of daaraan te kan deelneem. Vorms van identifikasie sluit geldige identiteitsdokumente, rybewyse en paspoorte in.

## Doel van vergadering

Die doel van die vergadering is om: (i) die direkteursverslag, die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy vir die onmiddellik voorafgaande finansiële jaar en die ouditkomitee se verslag voor te lê, en (ii) die besluite soos hierin uiteengesit te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging te aanvaar, en (iii) enige ander sake wat met of sonder vooraf kennisgewing aan die maatskappy deur die aandeelhouers van die maatskappy geopper word, te oorweeg.

## Elektroniese deelname

Aandeelhouers wat geregtig is om die vergadering by te woon en daarop te stem, of gevolmagtigdes van sodanige aandeelhouers, is geregtig om by wyse van elektroniese kommunikasie aan die vergadering deel te neem (maar nie om te stem nie). Indien 'n aandeelhouer by wyse van elektroniese kommunikasie aan die vergadering wil deelneem, moet die betrokke aandeelhouer die maatskappy teen nie later nie as **09:00** op **Woensdag 17 Augustus 2016** in kennis stel deur per geregistreerde pos

wat aan die maatskappy se adres gerig is (vir aandag me LJ Klink) toepaslike kontakbesonderhede te verstrek, asook volledige besonderhede van die aandeelhouer se aanspraak op aandele wat deur die maatskappy uitgereik is en bewys van identiteit, in die vorm van gesertifiseerde afskrifte van identiteitsdokumente en skriftelike bevestiging van die oordragsekretaris wat die aandeelhouer se aanspraak op die aandele bevestig.

By ontvangs van die vereiste inligting, sal 'n veilige kode en instruksies aan die betrokke aandeelhouer verskaf word om tydens die algemene jaarvergadering toegang tot die elektroniese kommunikasie te verkry. Aandeelhouers moet daarop let dat toegang tot die elektroniese kommunikasie vir die rekening sal wees van aandeelhouers wat die fasiliteit wil gebruik.

## Gewone besluite

Vir die aanvaarding van elk van die gewone besluite hieronder, moet die besluit ondersteun word deur 'n meerderheid van stemme wat uitgebring word deur aandeelhouers wat by hierdie vergadering teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word.

1. Om die finansiële jaarstate van die maatskappy vir die twaalf (12) maande geëindig 31 Maart 2016 en die verslae van die direkteure, die ouditeur en die ouditkomitee te oorweeg en te aanvaar.

   Die opgesomde finansiële jaarstate van die maatskappy vir die vorige finansiële jaar is ingesluit by die geïntegreerde jaarverslag waarvan hierdie kennisgewing deel uitmaak. Die volledige finansiële jaarstate van die maatskappy vir die vorige finansiële jaar is beskikbaar by **www.welkomyizani.co.za**.

   'n Afskrif kan ook op aanvraag gedurende gewone kantoorure verkry word by die maatskappy se geregistreerde kantoor: Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (kontakpersoon - mnr A Mayman).

2. Nadat die direksie die solvensie- en likiditeitstoetse toegepas het soos beoog in die Wet, waarvolgens hulle tot die gevolgtrekking gekom het dat die maatskappy aan sodanige toetse sal voldoen onmiddellik ná afhandeling van die voorgestelde uitkering, het die direksie goedgekeur dat 'n dividend van 40 sent per gewone aandeel verklaar word.

3. Om weer, op aanbeveling van die maatskappy se ouditkomitee, die firma PricewaterhouseCoopers Geïnk. as die onafhanklike geregistreerde ouditeur van die maatskappy aan te stel (met kennisname dat mnr V Harri die individuele geregistreerde ouditeur van die firma is wat die oudit sal onderneem) vir die tydperk tot ná afloop van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy.

4. Om mev J C Held, wat volgens rotasievereistes uittree en verkiesbaar is, en haar vir herkiesing as 'n direkteur van die maatskappy beskikbaar stel, te kies. Kort biografiese besonderhede van mev Held is by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit. Die direksie beveel eenparig aan dat die herkiesing van mev Held ingevolge besluit 4 deur die aandeelhouers van die maatskappy goedgekeur word.

5. Om ouditkomiteelede aan te stel soos vereis deur die Wet en aanbeveel deur die King-kode oor korporatiewe bestuurstoesig vir Suid-Afrika 2009 (King III) (hoofstuk 3).

   Die direksie is van mening dat die maatskappy se ouditkomiteelede paslik gekwalifiseerd en ervare onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is. Gesamentlik is hul kwalifikasies en

ervaring voldoende om hul pligte te vervul, soos beoog in regulasie 42 van die Maatskappyregulasies 2011. Hulle het 'n omvattende begrip van finansiële verslagdoening, interne finansiële beheermaatreëls, risikobestuurs- en bestuurstoesigprosesse binne die maatskappy, asook Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en ander regulasies en riglyne van toepassing op die maatskappy. Hulle bly op hoogte van ontwikkelinge wat hul vereiste vaardighede raak.

Die direksie beveel dus eenparig aan dat prof R C C Jafta, mnre P O Goldhawk en A H Adhikari, en mev J C Held as lede van die ouditkomitee aangestel word. Kort biografiese besonderhede van elkeen is by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit. Die aanstelling van die lede van die ouditkomitee sal by wyse van 'n aparte gewone besluit ten opsigte van elke persoon plaasvind.

6. Elke direkteur van die maatskappy word hiermee gemagtig om alle stappe te doen, alle handelinge te verrig en alle dokumente te onderteken wat nodig is om die gewone besluite wat by hierdie algemene jaarvergadering aanvaar word, in werking te stel.

## Ander sake

Om enige ander sake te doen wat by 'n algemene jaarvergadering gedoen mag word.

## Algemeen

Volmagvorms moet ingedien word by die oordragsekretaris van die maatskappy, Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk, Corlettrylaan 71, Birnam 2196, of Posbus 1266, Bramley 2018, en moet Equity Express nie later nie as agt-en-veertig (48) uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae word nie in berekening gebring nie) voor die algemene jaarvergadering bereik om voorsiening te maak vir die verwerking van sodanige volmagvorms. Alle ander volmagvorms moet voor die aanvang van die algemene jaarvergadering by die registrasietoonbanke by Nasdak, Media24-Sentrum ingehandig word.

Op las van die direksie



**L J Klink**
*Maatskappysekretaris*
29 Julie 2016
Kaapstad

# Form of proxy // Volmagvorm

MEDIA24 HOLDINGS PROPRIETARY LIMITED // MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK
(Incorporated in the Republic of South Africa) // (Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registration number: 2006/021408/07) // (Registrasienommer: 2006/021408/07)
(the company) // (die maatskappy)

For use by shareholders at the tenth annual general meeting to be held in Nasdak, Media24 Centre, 40 Heerengracht, Cape Town on Monday 29 August 2016 at 11:00. Note that the registration counter for purposes of registration to vote at this meeting on Monday 29 August 2016 will close at 10:45 on that day. //
Vir gebruik deur aandeelhouers by die tiende algemene jaarvergadering wat op Maandag 29 Augustus 2016 om 11:00 in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad gehou sal word. Neem kennis dat die registrasietoonbank vir registrasie om by hierdie vergadering op Maandag 29 Augustus 2016 te kan stem, om 10:45 op daardie dag sal sluit.

I/We // Ek/Ons ____________________

of // van ____________________

identity number/registration number // identiteitsnommer/registrasienommer ____________________

(address) // (adres) ____________________

being a holder(s) of // wat 'n houer(s) is van ____________________

Welkom Yizani ordinary shares in the company, hereby appoint according to my authorisation (see note 1) //
Welkom Yizani- gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee aan volgens my magtiging (sien aantekening 1)

1. ____________________

of // van ____________________ or, failing him/her, // of, indien nie hy/sy nie

2. ____________________

of // van ____________________ or, failing him/her, // of, indien nie hy/sy nie

3. the chair of the company or, failing him/her, the chair of the annual general meeting as my/our proxy to vote for me/us on my/our behalf at the annual general meeting of the company to be held in Nasdak, Media24 Centre, 40 Heerengracht, Cape Town, on Monday 29 August 2016 at 11:00 on that day or at any adjournment thereof, and generally to act as my/our proxy at the said annual general meeting. // die voorsitter van die maatskappy of, indien nie hy/sy nie, die voorsitter van die algemene jaarvergadering as my/ons gevolmagtigde om namens my/ons te stem by die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Maandag 29 Augustus 2016 om 11:00 op daardie dag sal plaasvind in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad, of by enige verdaging daarvan, en oor die algemeen as my/ons gevolmagtigde by genoemde algemene jaarvergadering op te tree.

| I/We desire to vote as follows (see note 8): // Ek/Ons wil soos volg stem (sien aantekening 8): | In favour of // Ten gunste van | Against // Teen | Abstain // Buite stemming |
|---|---|---|---|
| Ordinary resolution 1: Acceptance of annual financial statements. // Gewone besluit 1: Aanvaarding van finansiële jaarstate. | | | |
| Ordinary resolution 2: Approval of dividend. // Gewone besluit 2: Goedkeuring van dividend. | | | |
| Ordinary resolution 3: Appointment of auditor. // Gewone besluit 3: Aanstelling van ouditeur. | | | |
| Ordinary resolution 4: Re-election of the following directors: // Gewone besluit 4: Herkiesing van die volgende direkteure: | | | |
| Prof H S S Willemse // Prof H S S Willemse | | | |
| Mrs J C Held // Mev J C Held | | | |
| Mr S S de Swardt // Mnr S S de Swardt | | | |
| Ordinary resolution 5: Appointment of audit committee members: // Gewone besluit 5: Aanstelling van ouditkomiteelede: | | | |
| Mr S S de Swardt // Mnr S S de Swardt | | | |
| Mr T D Petersen // Mnr T D Petersen | | | |
| Mrs J C Held // Mev J C Held | | | |
| Ordinary resolution 6: Endorse company's remuneration policy. // Gewone besluit 6: Onderskryf maatskappy se vergoedingsbeleid. | | | |
| Special resolution 1: General authority for the company or any of its subsidiaries to acquire its own shares. // Spesiale besluit 1: Algemene magtiging aan die maatskappy of enige van sy filiale om sy eie aandele te verkry. | | | |
| Special resolution 2: Approval of the provision of financial assistance in terms of section 44 of the Companies Act, 2008. // Spesiale besluit 2: Goedkeuring vir die voorsiening van finansiële bystand ingevolge artikel 44 van die Maatskappywet, 2008. | | | |
| Special resolution 3: Approval of the provision of financial assistance in terms of section 45 of the Companies Act, 2008. // Spesiale besluit 3: Goedkeuring vir die voorsiening van finansiële bystand ingevolge artikel 45 van die Maatskappywet, 2008. | | | |
| Ordinary resolution 7: Authorisation to implement all resolutions adopted at the annual general meeting. // Gewone besluit 7: Magtiging om alle besluite wat op die algemene jaarvergadering aangeneem is, uit te voer. | | | |

Signed at // Geteken te ____________ on this // op hierdie ______ day of // dag van ____________ 2016

Signature // Handtekening ____________ Assisted (where applicable) // Bygestaan deur (waar van toepassing) ____________

Each shareholder is entitled to appoint one or more proxies (who need not be a shareholder(s) of the company). // Elke aandeelhouer is geregtig om een of meer gevolmagtigde(s) (wat nie 'n aandeelhouer(s) van die maatskappy hoef te wees nie) aan te stel.

**Please see notes on page 88. // Sien aantekeninge op bladsy 88.**

# Notes to the form of proxy

The following provisions shall apply in relation to proxies:

**1.** A shareholder of the company may appoint any individual (including an individual who is not a shareholder of the company) as a proxy to participate in, and speak and vote at, the annual general meeting of the company. A shareholder may therefore insert the name of a proxy or the names of two alternative proxies of the shareholder's choice in the space provided, with or without deleting "the chair of the company or, failing him/her, the chair of the annual general meeting". The person whose name stands first on the proxy form and who is present at the annual general meeting will be entitled to act as proxy to the exclusion of those whose names follow.

**2.** A shareholder may appoint two or more persons concurrently as proxies and may appoint more than one proxy to exercise voting rights attached to different securities held by the shareholder.

**3.** A proxy instrument must be in writing, dated and signed by the shareholder.

**4.** A proxy may delegate his/her authority to act on behalf of the shareholder to another person subject to any restrictions set out in the instrument appointing the proxy.

**5.** A copy of the instrument appointing a proxy must be delivered to the company, or to any other person on behalf of the company, before the proxy exercises any rights of the shareholder at the annual general meeting.

**6.** Irrespective of the form of instrument used to appoint the proxy: (i) the appointment is suspended at any time and, to the extent that the shareholder chooses to act directly and in person in the exercise of any rights as a shareholder; (ii) the appointment is revocable unless the proxy appointment expressly states otherwise; and (iii) if the appointment is revocable, a shareholder may revoke the proxy appointment by cancelling it in writing or making a later inconsistent appointment of a proxy and delivering a copy of the revocation instrument to the proxy and the company.

**7.** The proxy is entitled to exercise, or abstain from exercising, any voting right of the shareholder without direction except to the extent that the memorandum of incorporation of the company, or the instrument appointing the proxy, provides otherwise.

**8.** A shareholder's instructions to the proxy must be indicated by the insertion of an "X" in the appropriate box provided. Failure to comply with the above will be deemed to authorise the chair of the annual general meeting, if he/she is the authorised proxy, to vote in favour of the resolutions at the annual general meeting, or any other proxy to vote or abstain from voting at the annual general meeting as he/she deems fit, in respect of the shareholder's total holding.

**9.** Every shareholder present in person or by proxy and entitled to vote shall, on a show of hands, have only one vote and, upon a poll, every shareholder shall have one vote for every ordinary share held.

**10.** Documentary evidence establishing the authority of the person signing this form of proxy in a representative capacity must be attached to this form of proxy unless previously recorded by the company or waived by the chair of the annual general meeting.

**11.** Forms of proxy must be lodged with, or posted to, the transfer secretaries, Equity Express, a division of Singular Systems Proprietary Limited, 71 Corlett Drive, Birnam 2196 or PO Box 1266, Bramley 2018 to reach them not less than forty-eight (48) hours (Saturdays, Sundays and public holidays shall not be taken into consideration) before the annual general meeting to allow for processing of such proxies. All other proxies must be handed in at the registration desks at Nasdak, Media24 Centre prior to the commencement of the annual general meeting.

# Aantekeninge by die volmagvorm

Die volgende sal van toepassing wees ten opsigte van gevolmagtigdes:

**1.** 'n Aandeelhouer van die maatskappy kan enige persoon (insluitend 'n persoon wat nie 'n aandeelhouer van die maatskappy is nie) as 'n gevolmagtigde benoem om aan die algemene jaarvergadering van die maatskappy deel te neem, daarop te praat en daarop te stem. 'n Aandeelhouer mag dus die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die aandeelhouer se keuse in die toepaslike ruimte invul, met of sonder skrapping van "die voorsitter van die maatskappy of, indien nie hy/sy nie, die voorsitter van die algemene jaarvergadering". Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat by die algemene jaarvergadering teenwoordig is, sal daarop geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van diegene wie se name daarna volg.

**2.** 'n Aandeelhouer mag twee of meer persone gelyktydig as gevolmagtigdes benoem en meer as een gevolmagtigde benoem om stemreg uit te oefen wat verbonde is aan verskillende sekuriteite wat deur die aandeelhouer gehou word.

**3.** 'n Volmaginstrument moet op skrif, gedateer en deur die aandeelhouer onderteken wees.

**4.** 'n Gevolmagtigde mag sy/haar gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan 'n ander persoon delegeer, onderhewig aan enige beperkings soos uiteengesit in die instrument waarvolgens die gevolmagtigde benoem is.

**5.** 'n Afskrif van die instrument waarvolgens 'n gevolmagtigde benoem is, moet by die maatskappy afgelewer word, of aan enige ander persoon namens die maatskappy, voordat die gevolmagtigde enige regte van die aandeelhouer by die algemene jaarvergadering uitoefen.

**6.** Ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om die gevolmagtigde te benoem: (i) word die benoeming op enige tydstip opgeskort en in soverre die aandeelhouer besluit om direk en persoonlik te handel in die uitoefening van enige regte as 'n aandeelhouer; (ii) kan die benoeming herroep word, tensy die gevolmagtigdebenoeming uitdruklik anders bepaal; en (iii) indien die benoeming herroep kan word, mag 'n aandeelhouer die gevolmagtigdebenoeming herroep deur dit skriftelik te kanselleer of later 'n onverenigbare benoeming van 'n gevolmagtigde te doen en 'n afskrif van die herroepingsinstrument by die gevolmagtigde en die maatskappy af te lewer.

**7.** Die gevolmagtigde is geregtig daarop om enige stemreg van die aandeelhouer sonder aanwysing uit te oefen of hom/haar daarvan te weerhou om dit uit te oefen, behalwe in soverre die maatskappy se akte van oprigting of die instrument waarvolgens die gevolmagtigde benoem is anders bepaal.

**8.** 'n Aandeelhouer se opdragte aan die gevolmagtigde moet aangedui word deur 'n "X" in die toepaslike ruimte aan te bring. Versuim om dit na te kom, sal geag word om die voorsitter van die algemene jaarvergadering, indien hy/sy die gemagtigde gevolmagtigde is, te magtig om ten gunste van die besluite by die algemene jaarvergadering te stem, of enige ander gevolmagtigde te magtig om by die algemene jaarvergadering na goeddunke te stem of buite stemming te bly, ten opsigte van die aandeelhouer se totale aandeelhouding.

**9.** Elke aandeelhouer wat self teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word en daarop geregtig is om te stem, het met die opsteek van hande slegs een stem en, in 'n stemming met stembriefies, een stem vir elke gewone aandeel wat daardie aandeelhouer hou.

**10.** Stawende dokumente ter bevestiging van die magtiging van die persoon wat hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid teken, moet by hierdie volmagvorm aangeheg wees, tensy dit voorheen deur die maatskappy aangeteken is of deur die voorsitter van die algemene jaarvergadering kwytgeskeld is.

**11.** Volmagvorms moet ingedien word by of gepos word aan die oordragsekretaris van die maatskappy, Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk, Corlettrylaan 71, Birnam 2196 of Posbus 1266, Bramley 2018, om hulle teen nie later nie as agt-en-veertig (48) uur (Saterdae, Sondae en vakansiedae word nie in berekening gebring nie) voor die algemene jaarvergadering te bereik om voorsiening te maak vir die verwerking van sodanige volmagvorms. Alle ander volmagvorms moet by die registrasietoonbanke by Nasdak, Media24-Sentrum ingehandig word voor die aanvang van die algemene jaarvergadering.

# Form of proxy // Volmagvorm

WELKOM YIZANI INVESTMENTS (RF) LIMITED // WELKOM YIZANI BELEGGINGS (RF) BEPERK
(Incorporated in the Republic of South Africa) // (Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registration number: 2006/021434/06) // (Registrasienommer: 2006/021434/06)
(the company) // (die maatskappy)
For use by shareholders at the tenth annual general meeting to be held in Nasdak, Media24 Centre, 40 Heerengracht, Cape Town on Monday 29 August 2016 immediately after the conclusion of the annual general meeting of Media24 Holdings Proprietary Limited, which is scheduled to be held at 11:00 on that day. Note that the registration counter for purposes of registration to vote at this meeting on Monday 29 August 2016, will close at 10:45 on that day. // Vir gebruik deur aandeelhouers by die tiende algemene jaarvergadering wat op Maandag 29 Augustus 2016 gehou word onmiddellik ná afsluiting van die algemene jaarvergadering van Media24 Beherend Eiendoms Beperk, wat om 11:00 op daardie dag sal plaasvind in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad. Neem kennis dat die registrasietoonbank vir doeleindes van registrasie om by hierdie vergadering te kan stem op Maandag 29 Augustus 2016 om 10:45 op daardie dag sal sluit.

I/We // Ek/Ons

of // van

identity no/registration no // identiteitsnr/registrasienr

(address) // (adres)

being a holder(s) of // wat 'n houer(s) is van

Welkom Yizani ordinary shares in the company, hereby appoint according to my authorisation (see note 1) //
Welkom Yizani- gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee aan volgens my magtiging (sien aantekening 1)

1.

of // van or, failing him/her, // of, indien nie hy/sy nie

2.

of // van or, failing him/her, // of, indien nie hy/sy nie

3. the chair of the company or, failing him/her, the chair of the annual general meeting as my/our proxy to vote for me/us on my/our behalf at the annual general meeting of the company to be held in Nasdak, Media24 Centre, 40 Heerengracht, Cape Town on Monday 29 August 2016 immediately after the conclusion of the annual general meeting of Media24 Holdings Proprietary Limited, which is scheduled to be held at 11:00 on that day or at any adjournment thereof, and generally to act as my/our proxy at the said annual general meeting. // die voorsitter van die maatskappy of, indien nie hy/sy nie, die voorsitter van die algemene jaarvergadering as my/ons gevolmagtigde om namens my/ons te stem by die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Maandag 29 Augustus 2016 gehou word, onmiddellik ná afsluiting van die algemene jaarvergadering van Media24 Beherend Eiendoms Beperk wat om 11:00 op daardie dag sal plaasvind in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad of by enige verdaging daarvan, en oor die algemeen as my/ons gevolmagtigde by genoemde algemene jaarvergadering op te tree.

| I/We desire to vote as follows (see note 8): // Ek/Ons wil soos volg stem (sien aantekening 8): | In favour of // Ten gunste van | Against // Teen | Abstain // Buite stemming |
|---|---|---|---|
| Ordinary resolution 1: Acceptance of annual financial statements. // Gewone besluit 1: Aanvaarding van finansiële jaarstate. | | | |
| Ordinary resolution 2: Approval of ordinary share dividend. // Gewone besluit 2: Goedkeuring van gewoneaandeel-dividend. | | | |
| Ordinary resolution 3: Appointment of PricewaterhouseCoopers Inc. as auditor. // Gewone besluit 3: Aanstelling van PricewaterhouseCoopers Geïnk. as ouditeur. | | | |
| Ordinary resolution 4: Re-election of the following director: J C Held. // Gewone besluit 4: Herkiesing van die volgende direkteur: J C Held. | | | |
| Ordinary resolution 5: Appointment of audit committee members: // Gewone besluit 5: Aanstelling van ouditkomiteelede: | | | |
| Prof R C C Jafta // Prof R C C Jafta | | | |
| Mr P O Goldhawk // Mnr P O Goldhawk | | | |
| Mr A H Adhikari // Mnr A H Adhikari | | | |
| Mrs J C Held // Mev J C Held | | | |
| Ordinary resolution 6: Authorisation to implement all resolutions adopted at annual general meeting. // Gewone besluit 6: Magtiging om alle besluite wat op die algemene jaarvergadering aanvaar is, uit te voer. | | | |

Signed at // Geteken te on this // op hierdie day of // dag van 2016

Signature // Handtekening Assisted (where applicable) // Bygestaan deur (waar van toepassing)

Each shareholder is entitled to appoint one or more proxies (who need not be a shareholder(s) of the company). // Elke aandeelhouer is geregtig om een of meer gevolmagtigde(s) (wat nie 'n aandeelhouer(s) van die maatskappy hoef te wees nie) aan te stel.

**Please see notes on page 90 . // Sien aantekeninge op bladsy 90.**

# Notes to the form of proxy

The following provisions shall apply in relation to proxies:

**1.** A shareholder of the company may appoint any individual (including an individual who is not a shareholder of the company) as a proxy to participate in, and speak and vote at, the annual general meeting of the company. A shareholder may therefore insert the name of a proxy or the names of two alternative proxies of the shareholder's choice in the space provided, with or without deleting "the chair of the company or, failing him/her, the chair of the annual general meeting". The person whose name stands first on the proxy form and who is present at the annual general meeting will be entitled to act as proxy to the exclusion of those whose names follow.

**2.** A shareholder may appoint two or more persons concurrently as proxies and may appoint more than one proxy to exercise voting rights attached to different securities held by the shareholder.

**3.** A proxy instrument must be in writing, dated and signed by the shareholder.

**4.** A proxy may delegate his/her authority to act on behalf of the shareholder to another person subject to any restrictions set out in the instrument appointing the proxy.

**5.** A copy of the instrument appointing a proxy must be delivered to the company, or to any other person on behalf of the company, before the proxy exercises any rights of the shareholder at the annual general meeting.

**6.** Irrespective of the form of instrument used to appoint the proxy: (i) the appointment is suspended at any time and, to the extent that the shareholder chooses to act directly and in person in the exercise of any rights as a shareholder; (ii) the appointment is revocable unless the proxy appointment expressly states otherwise; and (iii) if the appointment is revocable, a shareholder may revoke the proxy appointment by cancelling it in writing or making a later inconsistent appointment of a proxy and delivering a copy of the revocation instrument to the proxy and the company.

**7.** The proxy is entitled to exercise, or abstain from exercising, any voting right of the shareholder without direction except to the extent that the memorandum of incorporation of the company, or the instrument appointing the proxy, provides otherwise.

**8.** A shareholder's instructions to the proxy must be indicated by the insertion of an "X" in the appropriate box provided. Failure to comply with the above will be deemed to authorise the chair of the annual general meeting, if he/she is the authorised proxy, to vote in favour of the resolutions at the annual general meeting, or any other proxy to vote or abstain from voting at the annual general meeting as he/she deems fit, in respect of the shareholder's total holding.

**9.** Every shareholder present in person or by proxy and entitled to vote shall, on a show of hands, have only one vote and, upon a poll, every shareholder shall have one vote for every ordinary share held.

**10.** Documentary evidence establishing the authority of the person signing this form of proxy in a representative capacity must be attached to this form of proxy unless previously recorded by the company or waived by the chair of the annual general meeting.

**11.** Forms of proxy must be lodged with, or posted to, the transfer secretaries, Equity Express, a division of Singular Systems Proprietary Limited, 71 Corlett Drive, Birnam 2196 or PO Box 1266, Bramley 2018 to reach them not less than forty-eight (48) hours (Saturdays, Sundays and public holidays shall not be taken into consideration) before the annual general meeting to allow for processing of such proxies. All other proxies must be handed in at the registration desks at Nasdak, Media24 Centre prior to the commencement of the annual general meeting.

# Aantekeninge by die volmagvorm

Die volgende sal van toepassing wees ten opsigte van gevolmagtigdes:

**1.** 'n Aandeelhouer van die maatskappy kan enige persoon (insluitend 'n persoon wat nie 'n aandeelhouer van die maatskappy is nie) as 'n gevolmagtigde benoem om aan die algemene jaarvergadering van die maatskappy deel te neem, daarop te praat en daarop te stem. 'n Aandeelhouer mag dus die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die aandeelhouer se keuse in die toepaslike ruimte invul, met of sonder skrapping van "die voorsitter van die maatskappy of, indien nie hy/sy nie, die voorsitter van die algemene jaarvergadering". Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat by die algemene jaarvergadering teenwoordig is, sal daarop geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van diegene wie se name daarna volg.

**2.** 'n Aandeelhouer mag twee of meer persone gelyktydig as gevolmagtigdes benoem en meer as een gevolmagtigde benoem om stemreg uit te oefen wat verbonde is aan verskillende sekuriteite wat deur die aandeelhouer gehou word.

**3.** 'n Volmaginstrument moet op skrif, gedateer en deur die aandeelhouer onderteken wees.

**4.** 'n Gevolmagtigde mag sy/haar gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan 'n ander persoon delegeer, onderhewig aan enige beperkings soos uiteengesit in die instrument waarvolgens die gevolmagtigde benoem is.

**5.** 'n Afskrif van die instrument waarvolgens 'n gevolmagtigde benoem is, moet by die maatskappy afgelewer word, of aan enige ander persoon namens die maatskappy, voordat die gevolmagtigde enige regte van die aandeelhouer by die algemene jaarvergadering uitoefen.

**6.** Ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om die gevolmagtigde te benoem: (i) word die benoeming op enige tydstip opgeskort en in soverre die aandeelhouer besluit om direk en persoonlik te handel in die uitoefening van enige regte as 'n aandeelhouer; (ii) kan die benoeming herroep word, tensy die gevolmagtigdebenoeming uitdruklik anders bepaal; en (iii) indien die benoeming herroep kan word, mag 'n aandeelhouer die gevolmagtigdebenoeming herroep deur dit skriftelik te kanselleer of later 'n onverenigbare benoeming van 'n gevolmagtigde te doen en 'n afskrif van die herroepingsinstrument by die gevolmagtigde en die maatskappy af te lewer.

**7.** Die gevolmagtigde is geregtig daarop om enige stemreg van die aandeelhouer sonder aanwysing uit te oefen of hom/haar daarvan te weerhou om dit uit te oefen, behalwe in soverre die maatskappy se akte van oprigting of die instrument waarvolgens die gevolmagtigde benoem is anders bepaal.

**8.** 'n Aandeelhouer se opdragte aan die gevolmagtigde moet aangedui word deur 'n "X" in die toepaslike ruimte aan te bring. Versuim om dit na te kom, sal geag word om die voorsitter van die algemene jaarvergadering, indien hy/sy die gemagtigde gevolmagtigde is, te magtig om ten gunste van die besluite by die algemene jaarvergadering te stem, of enige ander gevolmagtigde te magtig om by die algemene jaarvergadering na goeddunke te stem of buite stemming te bly, ten opsigte van die aandeelhouer se totale aandeelhouding.

**9.** Elke aandeelhouer wat self teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word en daarop geregtig is om te stem, het met die opsteek van hande slegs een stem en, in 'n stemming met stembriefies, een stem vir elke gewone aandeel wat daardie aandeelhouer hou.

**10.** Stawende dokumente ter bevestiging van die magtiging van die persoon wat hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid teken, moet by hierdie volmagvorm aangeheg wees, tensy dit voorheen deur die maatskappy aangeteken is of deur die voorsitter van die algemene jaarvergadering kwytgeskeld is.

**11.** Volmagvorms moet ingedien word by of gepos word aan die oordragsekretaris van die maatskappy, Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk, Corlettrylaan 71, Birnam 2196 of Posbus 1266, Bramley 2018, om hulle teen nie later nie as agt-en-veertig (48) uur (Saterdae, Sondae en vakansiedae word nie in berekening gebring nie) voor die algemene jaarvergadering te bereik om voorsiening te maak vir die verwerking van sodanige volmagvorms. Alle ander volmagvorms moet by die registrasietoonbanke by Nasdak, Media24-Sentrum ingehandig word voor die aanvang van die algemene jaarvergadering.